

# T.N&A



13DE JAARGANG  
NR. 1 2006

TYDSKRIF VIR  
NEDERLANDS  
EN AFRIKAANS

# T.N&A

## Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans

T.N&A is 'n geakkrediteerde tydskrif en word uitgegee deur die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek, met finansiële steun van die Nederlandse Taalunie. T.N&A wil die studie van die Nederlandse taal-, letterkunde en kultuur bevorder, ook in sy verhouding tot die Afrikaanse taal- en letterkunde. Daarbenewens wil die tydskrif die Afrikaanse taal- en letterkunde in Nederlandstalige gebiede bevorder. Die tydskrif verskyn twee keer per jaar.

**Redaksie:** M. Brink, S. Huigen (hoofredakteur), E. Jansen, W.F. Jonckheere, A.G. Visagie

**Redaksie-sekretariaat:** S. Huigen, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Stellenbosch, 7600 Stellenbosch, Suid-Afrika

Faks: +27 (0)21-808 3815; tel.: +27 (0)21-808 2158; e-pos: sh@akad.sun.ac.za

**Redaksie-assistent:** Lizette Grobler

### Inskrywings en betalings:

#### *Vir intekenaars in Suid-Afrika*

Stuur 'n thek van R75 uitgemaak aan die savn na Heidi de Villiers, Discipline Afrikaans en Nederlands,

"School of Language, Culture and Communication", Universiteit van Natal, Privaatsak X01, Scottsville, 3209 Pietermaritzburg, Suid-Afrika.

Faks: +27 (0) 33 260 6213; tel.: +27 (0) 33 260 5563 (w); +27 (0) 33 346 1443 (h)

#### *Vir intekenaars buite Suid-Afrika*

Stort R100 in:

Bank: ABSA; rekeningnommer: 1190 1546 76; tak: Pietermaritzburg; takkode: 630 125

### Redaksieraad:

H. Ester (Katholieke Universiteit Nijmegen)

C.R. Groeneboer (Universitas Indonesia)

M. Janssens (Katholieke Universiteit Leuven)

R.S. Kirchner (University of California)

G. Olivier (Universiteit van die Witwatersrand)

A.N. Paasman (Universiteit van Amsterdam)

F.A. Ponelis (Universiteit van Stellenbosch)

M.A. Schenkeveld-van der Dussen (Universiteit Utrecht)

H.P. van Coller (Universiteit van die Oranje-Vrystaat)

F.P. van Oostrom (Rijksuniversiteit Leiden)

J. van der Elst (Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.)

A.T. Zuiderent (Vrije Universiteit Amsterdam)

# Om die grens oor te steek: Enkele bemiddelaars in drie romans van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach<sup>1</sup>

Lenelle Foster

*This article seeks to illustrate that crossing a boundary not only challenges and undermines that boundary, but that the action also emphasises the existence of that boundary and in some cases, reinforces it. Four characters from three novels by Lettie Viljoen (the pseudonym of Ingrid Winterbach) – Willie in Karolina Ferreira (1993), Esegîel and Niggie in Niggie (2002) and Geelgert in Belemmering (1990) – will be used to demonstrate this point. The article will focus on the way these characters act as go-betweens and intercede on behalf of the focaliser(s), or how they assist the focaliser(s) in crossing a particular boundary. It will be argued that these characters are not equally successful in their interventions and some attention will be given to the manner in which they differ from tricksters.*

## 1. Oor liminaliteit en bemiddeling

Om die konsep liminaliteit te verklaar as grensoorskryding, is 'n oorvereenvoudiging: dit gee geen aanduiding van die gevolge van grensoorskryding, óf van die verskillende prosesse wat betrokke is tydens grensoorskryding nie. Deur 'n grens te oorskry, kan daardie grens ondermyn word (sien Foster, 2005: 68-86), maar die oorskryding vestig ook die aandag op die bestaan van daardie grens – en in sommige gevalle kan daardie grens selfs versterk word.

Waar "Die grenservaring is belangrik: trieksters in vier romans van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach" (68-86) gefokus het op die wyse waarop grensoorskryding kreatiewe en destruktiewe gevolge kan hê (hoewel laasgenoemde nie as slegs negatief gesien moet word nie), fokus hierdie artikel op die manier waarop grensoorskryding die aandag op 'n bepaalde grens vestig. Hierdie beginsel sal gedemonstreer word deur middel van 'n bespreking van vier karakters in Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach se werk: Willie (*Karolina Ferreira*, 1993), Esegîel en Niggie (*Niggie*, 2002) en Geelgert (*Belemmering*, 1990). Al vier van hulle speel in 'n meerder of mindere mate 'n begeleidende rol in die onderskeie romans. Daar is natuurlik ander karakters wat ook as bemiddelaars gesien kan word – soos die kind, Mirandah, in *Belemmering* – maar bogenoemde vier karakters demonstreer die verskillende aspekte van die bemiddelende karakter en om bondigheidsonthalwe word daar dus op hulle gefokus. Voordat hierdie karakters bespreek word (en daar sal aangedui word waarom hulle van trieksters onderskei word)<sup>2</sup> is 'n paar woorde oor liminaliteit in orde.

Van Gennep (1977) en na hom Turner (1969) het aangedui hoe baie rituele praktyke werk met die idee dat diegene betrokke by 'n ritueel oor 'n drempel tree: een lewensfase word betree en 'n ander agtergelaat. In baie gevalle is die betrokkenes vir 'n tyd lank tydens die ritueel as 't ware op die drempel – in 'n tipe niemandsland. In hierdie liminale toestand (afgelei van *limen*, Latyns vir drempel) is die liminale figuur se status dubbelsinnig. Enersyds is die liminale figuur kwesbaar sonder 'n bepaalde groep se beskerming omdat hy of sy nie 'n vasgestelde identiteit het nie. Sy of hy is dus ook 'n *tabula rasa* waarop 'n bepaalde groep se wysheid en kennis aangebring word. Andersyds is die liminale figuur 'n gevaar vir die bestaande orde, omdat sy of hy nêrens tuishoort nie en aan geen reëls onderhewig is nie – iemand wat buite die bestaande sosiale orde staan.

Foster (2005) dui aan hoe trieksters binne hierdie liminale gebied funksioneer en hoe hulle (maatskaplike, sielkundige en politieke) grense oorsteek en daardie grense sodoende ondermyn. Daar is gewys op die ambivalente aard van die triekster, sy (want die triekster is meestal manlik) weiering of onvermoë om binne die normale morele raamwerke te funksioneer en die vernuwende gevolge wat dikwels uit die triekster se optrede spruit. Dat hierdie vernuwing nie altyd positief is nie, is geïllustreer deur die karakter Niggie.

Die indruk is moontlik deur Foster (68-85) gewek dat liminale figure of liminale optrede gedurig teen die (mag)sentrum gemik is – dat beweging oor grense altyd die sentrum uitdaag en ondermyn en aan die marge 'n sekere mate van mag besorg. In werklikheid word liminaliteit dikwels op verskillende vlakke en op verskillende wyses gekondoneer en gesanksioneer deur sowel die maghebbers as die breë gemeenskap. Net soos wat die karnaaval tydelik die aggressie van die gepeupel verlig (vergelyk Bakhtin, 1994: 199 en verder), sou daar geargumenteer kan word dat gesanksioneerde liminale figure ook sielkundige verligting bied aan die massas. Op dieselfde manier wat die sondebok die skuld van die gemeenskap dra, kan één figuur wat grense oorsteek die behoeftes van baie bevredig sonder dat dit vir hulle nodig is om grense oor te steek. Sodoende bly die *status quo* deels behoue.

Een voorbeeld van gesanksioneerde liminaliteit is die sjamaan. Sjamanne is by uitstek bemiddelaars en begeleiers. Die sjamaan is verantwoordelik vir die verdediging van die "psychic integrity of the community" (Eliade, 2004: 509). Sjamanne funksioneer verskillend binne verskillende kulture, maar oor die algemeen kan die sjamanisme beskryf word as iets wat lewe, gesondheid, vrugbaarheid en die wêrelde van 'lig' verdedig teen die dood, siekte, steriliteit, rampe en die wêrelde van 'donkerke' (508-9). Om hierdie beskermende en begeleidende funksie te verrig, beskik die sjamaan oor meer kennis as die deursnee-lid van die gemeenskap – hierdie addisionele kennis het nie net te make met geneesmiddels en die uitvoer van sekere rituele nie, maar dit het ook te make met taal. Eliade (1987: s.v. 'Shamanism: An Overview') wys daarop dat:

[t]he poetic vocabulary of a Yakut shaman contains twelve thousand words, whereas the ordinary language – the only language known to the rest of the community – has only four thousand. The same observation applies to the shamans of other regions, such as North and South America, Oceania, and Australia.

Die sjamaan se grensoorskrydende (geestelike) reise gaan dus gepaard met 'n manipulasie van die wêrld deur middel van taal – nie net taal soos wat dit normaalweg gebruik word nie, maar kreatiewe taalgebruik (sien ook Townsley, 2001: 268).

Daar bestaan ooreenkoms tussen trieksters en sjamane. Albei groepe oorskry grense en albei groepe verrig 'n mediërende funksie. Deel van die sjamaan se rol is om, soos die triekster, grense te oorskry en, in sommige gevalle, 'n nuwe orde tot stand te bring vir die gemeenskap waarbinne sy of hy funksioneer. Die verskil (hoe kunsmatig dit ook mag wees) tussen sjamaan en triekster is dat die triekster se optrede onwillekeurig is, terwyl die sjamaan aktief probeer om positiewe resultate te lewer. Die triekster kan soms as sjamaan optree – soos in die Amerindiese verhale oor Coyote (die argetipiese Amerindiese triekster) (sien Lang, 1987: s.v: 'Culture heroes'). Dit is daarom nie verbasend dat twee van die bemiddelaars wat aan bod kom, Niggie en Esegiël, reeds as trieksters bespreek is nie (sien Foster, 2005: 68-86): een karakter kan sowel triekster- as bemiddelende en begeleidende eienskappe toon.

Die karakters wat in die hieropvolgende afdelings bespreek sal word, bevestig en ondermy uiteraard bestaande grense op verskillende maniere. Willie, Esegiël en Niggie funksioneer feitlik deurentyd as bemiddelaars (vanuit die perspektief van die fokaliseerders). Net soos wat die sjamaan 'n siek persoon deur medikasie en rituele gesond probeer maak of 'n sterwende persoon bystaan in die laaste paar lewensure, speel hierdie karakters 'n bemiddelende rol: hulle skep die geleentheid vir ander karakters (veral die fokaliseerde) om 'n bepaalde grens oor te steek, of hulle staan 'n karakter by wat 'n grens oorsteek. Die begeleidende of bemiddelende karakters is egter nie altyd suksesvol nie – nog in die bystand wat hulle aan ander karakters verleen, nog in hul eie grensoorskryding. Geelert kan byvoorbeeld as 'n onsuksesvolle bemiddelaar getypeer word – die rede hiervoor sal later deeglik bespreek word.

Die begeleidende, bemiddelende karakter bied die fokaliseerde(s) die geleentheid om bepaalde grense oor te steek – die begeleidende karakter help dus met die fokalisator se eie grensoorskryding. (Die fokaliseerders word nie altyd in staat gestel om hierdie grensoorskrydingsmoontlikhede aan te gryp nie.) In hierdie proses word fokaliseerders soms bewus van bestaande grense en word hierdie grense ook aan die leser uitgewys en beklemtoon. Die bevestiging van grense moet dus nie net gesien word as iets in diens van die *status quo* nie. Elke grens duï aan wat die perke van 'n spesifieke gemeenskap is (byvoorbeeld grense van aan-

vaarbare gedrag), maar daardie selfde grens duï ook aan dat daar 'n ruimte aan die ander kant van die grens is wat wel betree kan word. 'n Hele aantal grense sal ter sprake kom: wat betref politiek, ras, ideologie, geslag ensovoorts. Die belangrikste grense het egter te make met stereotipes en vooroordele – sowel dié van die karaktere as dié van die leser.

## 2. Begeleiers en bemiddelaars

Dit is interessant dat die fokaliseerders in al Viljoen/Winterbach se prosawerke wit is. Die begeleiers en bemiddelaars is egter by geleentheid bruin (Willie – die ryloper, politieke aktivis en botanis wat Karolina Ferreira ontmoet op weg na Voorspoed)<sup>3</sup> en swart (Esgieël – die agterryer wat deel vorm van Gert Smal se bende oorlogsongesiktes).<sup>4</sup> Die bemiddelaar/begeleier is dus die Ander in terme van ras – waarskynlik die grootste sielkundige skeidslyn in Suid-Afrika. (Niggie – die vrou wat die fokaliseerders Ben en Reitz verpleeg nadat hulle in 'n hinderlaag geskiet is – is wit, maar sy bly Reitz se Ander aangesien sy 'n vrou is.) Deel van die bemiddelaar se 'taak' het dus te make met die oorskryding van grense ten opsigte van rasverhoudinge. In beide gevalle waar die bemiddelaar nie-wit is, is ras ook 'n belangrike politieke vraagstuk in die roman: in *Niggie* is die "ding van Kaffergelykheid" (Winterbach, 2002: 151) 'n bron van kommer vir die (wit) (Afrikaner-) mans en in *Karolina Ferreira* is politieke geweld en politieke intimidasie deur die (wit) polisie belangrik, ten spyte van die naderende "Nuwe Bedeling" (Viljoen Lettie, 1993: 15). In die gevalle van Ben en Reitz (die twee natuurwetenskaplike kommandoede), andersyds, en Karolina Ferreira (die motdeskundige), andersyds, is daar egter nie sprake van doelbewuste rassisme by hierdie karaktere nie. Ben en Reitz doen weliswaar niks om die rassistiese *status quo* binne Gert Smal se kamp te ondermyne wanneer hulle daar tereg kom nie, maar daar is nie 'n aanduiding dat hulle self doelbewus diskrimineer op grond van ras nie – hulle aanvaar net dat Esgieël sekere take sal verrig (daar is dus sprake van die internalisasie van 'n rassistiese diskouers). As fokaliseerder wys Karolina slegs op Willie se ras wanneer sy in ander mense se teenwoordigheid is (vergelyk Viljoen Lettie, 1993: 19) – sy ras word as 'n moontlike verklaring vir húlle gedrag aangebied, nie vir haar eie of Willie s'n nie.

In sekere opsigte voldoen Esgieël aan die stereotipe van die vernuftige, diensbare, edele barbaar. (Hy is beslis 'n besonder bekware agterryer.) Hy bou vir die mans skerms, hy is "verantwoordelik vir water haal, hout kap,<sup>5</sup> pap maak, perde versorg" (Winterbach, 2002: 59) en hy het klaarblyklik 'n groentetuin begin. Daarbenewens sing hy terwyl hy werk – dit sou geïnterpreteer kon word as 'n teken dat hy selde in 'n slechte bui is – en is hy die enigste van die groep mans wat Generaal Bergh te wagte was met sy skielike verskynings by Gert Smal se kamp. Sy bemiddelende en begeleidende aspekte kom egter ook baie sterk na vore. Hy

help Ben byvoorbeeld om Reitz te lawe na laasgenoemde se eksperimentering met kruie. Dit is nie net die tipe begeleiding wat 'n verpleer verskaf om iemand te begelei van siekte na gesondheid nie, maar dit speel ook 'n rol in Reitz se aanvaarding van sy vrou se dood.

Telkens duï die fokaliseerde se ontmoeting met die bemiddelaar op 'n nuwe fase in die lewe van die fokaliseerde. Karolina ontmoet Willie op pad na Voorspoed en beskou hul ontmoeting as "voorbestemming, hoewel sy tot op hede nie in so 'n verskynsel geglo het nie" (Viljoen Lettie, 1993: 31). Esegiël en Gert Smal kom af op Ben, Reitz en kie wanneer hulle rigtingloos en uitgehonger deur die veld dwaal; Willem – wat as leier van Ben en Reitz se groep optree – het egter 'n gevoel dat hulle naby mense is. Anna en haar kleinnigie – bekend as Niggie – vind Ben en Reitz nadat hulle in die hinderlaag geskiet is – vir sowel Ben as Reitz is dit die begin van 'n proses van herintegrasie in die samelewning en veral in die teenwoordigheid van vroue. Daar kan dus geargumenteer word dat die bemiddelaar die fokaliseerde(s) begelei vir die eerste gedeelte van 'n nuwe stadium in hul lewe.

Al drie bemiddelaars word sterk verbind met heling en genesing. Niggie was 'n verpleegster en sien om na Ben en Reitz se welsyn. Willie soek gedurig na botaniiese geneesmiddels en "help meneer Isayago die Argentyn met die voorbereiding van geneesmiddels" (20). Esegiël blyk die mees eksotiese van die drie genesers te wees. Benewens die kere wat hy Ben help om Reitz reg te ruk na laasgenoemde se ontmoetings met sy oorlede vrou, gebruik hy ook toorgoed van onbekende oorsprong om Jong Abraham, wat ernstige trauma beleef het tydens 'n veldslag, te help kalmeer.<sup>6</sup> In al drie gevalle help die bemiddelende figuur – ongeag wie die persoon is wat genesing benodig. Niggie help vreemdelinge wat moontlik drosters kan wees; Willie help enigeen wat sy hulp nodig het, insluitende diegene wat verantwoordelik is vir probleme in Voorspoed se swart woonbuurt – soos die verongelukte polisieman wie se lewe hy en Karolina red; Esegiël help wit mans wat hom onderdruk en in 'n minder bevoordekte posisie hou. Eliade (2004: 326) voer aan die sjamaan se "essential and strictly personal function [...] remains healing" en al drie karakters pas in by hierdie raamwerk. Al drie het te make met die beskerming van lewe en die bevordering van die gesondheid van diegene in hul nabye omgewing.

Sowel Niggie as Esegiël word ook met vuur verbind. Niggie het rooi hare (rooikoppe word dikwels gestereotipeer as vurig van aard) wat, volgens Reitz se eerste beskrywing van haar, 'n "gloed" het (Winterbach, 2000: 179) en Esegiël word gedurig beskryf as besig om vuur te maak, of in die omgewing van die vuur – dikwels net buite die ligkring waarbinne die wit mans funksioneer. Vuur word verbind met die positiewe eienskappe van lig, warmte, lewe en reiniging, maar word ook in verband gebring met vernietiging (Cirlot, 1982: s.v. 'Fire'). Dit sou as 'n aanduiding kon dien dat sowel Niggie as Esegiël nie net positiewe eien-

skappe het nie, maar dat hul bemiddelaarstatus ook negatiewe komponente bevat. Bemiddeling geskied nie net tussen die aarde en die wêreld van die gode nie, maar ook tussen die aarde en die onderwêreld (en die bose wat binne religieuse raamwerke daar skuil (vergelyk Eliade, 2004: 509).

Anders as Niggie en Esegiël, blyk dit dat Willie 'n besondere aanvoeling het vir ander mense. Hy kan 'voorspel' watter fisiese en geestelike probleme hulle het, gehad het en moontlik sal hê. Wanneer Karolina vir hom vra hoe hy "die goed" weet, is sy antwoord dat "[e]nigeen" dit kan doen, daar is "geen trieks aan nie" (Viljoen Lettie, 1993: 17). Willie lê 'n tipe heldersiendheid aan die dag wat nou verband hou met sy beroep as geneser en vervaardiger van kruimedisyne. Dit is egter 'n alledaagse tipe heldersiendheid wat aangeleer kan word (16). Hy het die "vermoë begin cultivate" (116) nadat daar op hom geskiet is en hy "vir dood gelos" (84) is in Botswana. Hy is gered deur "'n [g]roepie woestynbewoners [...]" Hulle het hom met 'n dik laag vet ingevryf, in modder toegerol en met blare toegepak [...] Hy het by dié mense geleer van inheemse medisynes" (84).<sup>7</sup> Hy het toé geleer om te kan sien wanneer iemand se dood onafwendbaar is (116) en vind dit onmoontlik om te maak of hy "die dinge nie sien nie" (116). Hy het dus vaardighede of vermoëns waaroor mense nie normaalweg beskik nie.

Willie oorskry ook die bestaande grense op 'n aantal ander maniere. Een hiervan is dat hy soms meer formeel praat, soms minder (40) en sodoende gebruik maak van kodewisseling. Met hierdie verskuiwing in sosiolek, plaas hy ook meer klem op die feit dat hy op die "Cape Flats" grootgeword het (41) en word sy 'etniese' herkoms beklemtoon. Hy oorskry grense deur die ruimtes wat hy betree. Hy oorskry byvoorbeeld die grense van rasseskeiding wat nog baie duidelik te sien is in pre-1994 Voorspoed deur, onder andere, sy verhouding met Karolina. Luitenant Kielmann verkeer onder die indruk dat Willie en Karolina se verhouding meer as net vriendskaplik is en dreig Karolina selfs met die logika dat sy nie moet dink almal weet nie daarvan nie (136). Die voorveronderstelling is natuurlik dat 'n bruin man en 'n wit vrou nijs gemeen kan hê behalwe geslagsgemeenskap nie. Hierby is daar ook die konnotasie van 'n verbreking van die Ontugwet wat vir baie jare veelrassige verhoudings verbied het.

Willie blyk ook betrokke te wees by politieke aktivisme op die dorp. Die politieke aktiwiteite wat gemik is téén die optrede van kaptein Gert Els en luitenant Kielmann, ken ook nie kleurgrense nie (hoewel die politiek júis oor rassisme gaan) – aangesien daar swart, bruin en wit persone betrokke is. Die woonbuurt waarin die politieke geweld plaasvind, maar waaruit die meeste van die politieke organisasie spruit, is swart. Willie is bruin en dit wil voorkom of die akteurs en politieke aktiviste Manie Delarey en Jurie Beyers wit is, hoewel Jurie Beyers "in 1985 en 1986 baie aktief in die struggle op die Cape Flats" was (48). Die politieke bedrywigheid op Voorspoed het oënskynlik ten doel om die grense wat tydens Apartheid getrek is en die ongelyke ontwikkeling wat aan weerskante van hierdie

grense geskied het, te verwyder. Willie se politieke bedrywighede (hoe gering ook al dit 'n rol speel in die plot van *Karolina Ferreira*) het nie net te make met grensoorskryding nie, maar ook die verwydering van grense. Die noodsaaklikheid van sodanige verwydering van grense word baie duidelik wanneer dit blyk dat Kaptein Gert Els en die magistraat betrokke is by die faksiegevegte in die townships.<sup>8</sup> Die verwydering van grense strek egter verder – daar is ook sprake van die verwydering van die grens tussen 'persoonlike' en 'politieke' sake. Dit is juis Karolina se belangstelling in die persoonlike sake van die inwoners van Voorspoed én haar belangstelling in Willie, wat lei tot haar betrokkenheid (hoewel dit besonder gering is) by die 'politieke' gebeure in Voorspoed. Hoewel sy aanvanklik "geen begrip van die geheel, of van die samehang van al hierdie verskriklike en meedoënlose elemente het nie" (51), ontwikkel sy toenemend groter begrip en belangstelling as gevolg van Willie se mediasie. Kannemeyer (1993: 30) fouteer dus wanneer hy beweer "[d]ie 'maters' van die 'struggle' interesseer haar veel minder as die 'minnaars'" – hulle interesseer haar nie alleen ewe veel nie, maar die minnaars en die maters van die struggle is in 'n hele aantal gevalle dieselfde karakters.

In teenstelling met Willie beywer nóg Esegiël, nóg Niggie hulself aktief vir die verwydering van grense – dit lyk ten minste of hulle eerder grense ondermyń as verwyder. Niggie se grensoorskryding het grotendeels te make met uitsprake wat sy maak. Sy is duidelik nie ten gunste van die oorlog nie (Winterbach, 2002: 204) en skroom nie om dit te sê nie. Sy praat ook dikwels uit haar beurt, volgens Anna (205). Benewens die ander grense as taalgrense wat sy sodoende oorskry, beteken dit dat sy ook die grense van betaamlike gedrag vir 'n (Afrikaner-)vrou oorskry. Belangriker as haar eie grensoorskrydende gedrag, is die feit dat sy ander aanmoedig tot grensoorskryding. Reitz se verhouding met Anna ontstaan grotendeels as gevolg van inligting wat Niggie aan Reitz verskaf omtrent Johannes, Anna se man (soos reeds beskryf deur Foster, 2005: 80). Binne 'n Christelike morele konteks moet Reitz en Anna se grensoorskryding as negatief beskou word, maar binne 'n konteks van sielkundige herstel en ontvlugting van alleenheid, het dit wel tydelik positiewe eienskappe. Dit is dus moeilik om te sê of Niggie se aanmoediging positief of negatief is – dit is eerder ambivalent.

Esegiël se grensoorskryding is minder ambivalent as Niggie s'n. In sy geval – in 'n aansienlik mindere mate as by Willie of Niggie – is die grensoorskryding 'n bevestiging van die bestaande grense, maar is dit ook 'n besondere sterk aanklag teen diegene wat verantwoordelik is vir die opstel en behoud van daardie grense. Esegiël is die gewillige, onderdanige werker. Hy word geminag deur sy 'werkgewers' (die woord 'base' is miskien meer van pas) en word in beskrywings gedurig genoem net voor of net na Gert Smal se hond. In die eerste beskrywing van Gert Smal se volgelinge word 'n duidelike hiérargiese benadering gevolg en word Esegiël ná die hond genoem. Die implikasie is duidelik dat Esegiël net soveel – of

selfs minder – werd is as 'n hond en oor dieselfde hoeveelheid status beskik.<sup>9</sup> Nietemin blyk dit dat Esegiël oor 'n besondere geheue en 'n besondere algemene kennis beskik (ten minste wat betref die Bybel en Afrikaner-geskiedenis). Gert Smal voer met trots aan dat daar “[i]n die hele land [...] geen Kaffer [is] wat sy gelyke is nie” (49). Dit wil egter voorkom of daar ook geen wit man in die land is wat sy gelyke is nie: wanneer hy gevra word na president Steyn se geslagsregister en dit opsê, is Reitz (wat moet bevestig of dit korrek is) se reaksie dat dit “reg genoeg” klink (49). Reitz “se vader [was] 'n kleinneef van die ou president” (49) en dit wil voorkom of hy die geslagsregister slegter ken as Esegiël. Daar bestaan dus 'n besondere spanning tussen die beeld wat Gert Smal en kie van Esegiël voorhou en die beeld waarmee die leser gelaat word – veral wanneer dit blyk dat Gert Smal en kie leeglêers en skurke is.

Van die drie bemiddelaars is dit Esegiël se grensoorskryding wat die mees dramatiese is. Dit is egter ook in sy geval waar die grensoorskryding die meeste deur die gemeenskap waarin dit gebeur, verdra word. Deur dit egter af te maak as 'n toertjie – Esegiël tree op soos 'n sirkushond – word die waarde en belangrikheid van die grensoorskryding tot niet gemaak. In Niggie en Willie se gevalle het die grensoorskryding wel gevolge en lei dit tot grensdeurbreking by Reitz en Karolina. Niggie se verbale grensoorskryding gee aanleiding daartoe dat Reitz en Anna 'n seksuele verhouding aanknoop. Willie se grensoorskryding lei daartoe dat Karolina in 'n mate betrokke raak by die politieke bedrywighede in Voorspoed en as 'n tipe eksterne waarnemer van die gebeure dien.

Grensoorskryding kan ondermynend wees, aangesien dit die bestaande orde en bestaande grense uitdaag en (soms) belaglik maak, maar terselfdertyd bevestig die aksie van grensoorskryding die bestaan van die grens wat deurbreek word (vergelyk Lang, 1987: s.v. “Culture heroes”). Waar die figuur wat die grense deurbreek dit met die ‘toestemming’ van die maghebbers doen, word die beklemtoning van die grense des te groter en versterk die grensoorskryding eerder die grense as om hulle te deurbreek.

### **3. Geelgert: die tydelike begeleier en onsuksesvolle bemiddelaar**

In *Belemmering* (Viljoen, 1990) vind 'n aantal Afrikaanse mans hulself in 'n berghut waar hulle kaarte bestudeer in 'n poging om die heersende regime te ondermyn. Geelgert is klaarblyklik hul bevelvoerder; hy bly egter nie in die berghut nie en dit lei tot 'n gedeelte van die intrige in die verhaallyn waarin die mans optree. Geelgert is klaarblyklik verantwoordelik vir kommunikasie tussen die mans in die berghut en die wêreld daarbuite. Hy arriveer met nuus en opdragte (29). Hy is ook die een van wie al die mans in die berghut verwag dat daar 'n antwoord op hul probleme sal kom (vergelyk byvoorbeeld Viljoen, 1990: 25 en 248). Dit wil dus voorkom of Geelgert die bemiddelende figuur is tussen die mans en die

buitewêreld. Hy is nie net die skakel nie, maar gee ook vir hulle aanduidings oor hoe hulle die buitewêreld moet interpreteer en hoe hulle daarmee moet omgaan. Hy oorskry sodoende nie alleen die denkbeeldige grens wat die berghut van die res van die wêreld afsonder nie, maar ook die ideologiese grens wat die (wit politieke) sentrum van die mans in die berghut skei. In hierdie sin toon hy ooreenkoms met die (wit) aktiviste in Viljoen/Winterbach se twee novelles, *Klaaglied vir Koos* (1984) en *Erf* (1986).

Geelgert se andersheid en sy mediërende funksie word beklemtoon in die beskrywings wat Deneysen, die fokaliseerdeerder in die betrokke verhaallyn, van hom verskaf. Hy is volgens Viljoen (1990: 27):

van gemiddelde lengte, en ook baie stewig gebou. Sy skouers dra hy effens vorentoe gebuig (dit suggereer 'n stoeiershouding, iets onwrikbaars); hy het 'n kort, bruin, ruie Anglo-Boereoorlogbaard; breë, Mongoolse wangbene, blou Tartaarse oë en 'n gelerige gelaatskleur (vandaar die naam? wonder Deneysen).

Geelgert het dus nie 'tipiese' wit gelaatstrekke nie en sy gelaatskleur plaas hom ook byna in die 'kleurling'-kategorie (sou apartheidskategorisering gebruik word om hom te probeer klassifiseer). Sodoende word apartheidskategorisering nie alleen ondermy nie, maar sal enige kategorisering van Geelgert hom in 'n ambivalente tussengebied plaas wat etnisiteit of rasselferkoms betref. Hy is ook 'n mediator tussen die bevrydingsgeschiedenis van die Afrikaner (in die vorm van die Suid-Afrikaanse Oorlog) en die mans in die berghut se bevrydingstryd wat gevoer word téén Afrikaner-gesag en ter wille van die onderdrukte nie-wit meerderheid.

Sy liminaliteit word verder beklemtoon deur sy taalgebruik. Hy is daartoe in staat om "harde, selfs gruwelike feite af [te wissel] met grappe en anekdotes uit sy groot en skunnige versameling" (28). Verbaal beweeg hy dus oor grense. Sy taal is besonder beeldryk (115), dit word ook as "ruig, soepel, kragtig" (270) beskryf en hy beskik oor goeie taalbeheersing (115). Hy steek dus nie per toeval taalgrense oor nie, maar doen dit doelbewus. Dit is ook van belang dat sy taal 'n "sterk metaforiese dubbele bodem" (27) bevat.<sup>10</sup> Hierdeur word gesuggereer dat sowel hy as sy taalgebruik ambivalent is, "dat die betekenis van wat hy sê nie maklik vasgevang kan word nie" – soos Louise Viljoen (1993: 319) dit stel. Sy taal oorskry dus nie net grense nie, maar kan vanweë die dubbelsinnigheid daarvan tegeלקertyd aan weerskante van 'n bepaalde grens wees.

Geelgert tree ook op as katalisator binne die groep: sy teenwoordigheid lei tot 'n uitgelate stemming (Viljoen, 1990: 27). Terselfdertyd is hierdie uitbundigheid egter gevaarlik: dit word byna onbeteuelbaar (27) – 'n moontlike aanduiding van die gevare wat Geelgert as mediator inhou en van die feit dat hy, uiteindelik, onsuksesvol as tussenganger sal wees. Sy teenwoordigheid (of afwesigheid) lei ook

tot tweespalt binne die groep. Wanneer hy aanwesig is, ding die mans mee om sy aandag (27 en verder). Wanneer hy afwesig is, blyk dit dat die groep nie tot besluite kan kom nie en ontstaan daar verdeeldheid oor watter rigting hul strategie moet inslaan. Die besluit oor die oopblaas van die bergspleet wat die groep verdeel, kan byvoorbeeld nie sonder Geelgert geneem word nie (236).

Karel tipeer Geelgert as “jou aartstrickster, jou wáre poetsbakker, jou argetipse gedaaanteverwisselaar” (181). Tog is Geelgert se grensoorskryding nie deurgaans suksesvol nie en kan hy daarom nie werklik as 'n triekster beskou word nie. Hy sterf terwyl hy 'n rivier kruis – aangesien riviere dikwels as grense dien, is die implikasie dat hy gesterf het terwyl hy 'n grens probeer oorskry het. Dat hy dit nie na behore kon doen nie, moet gelees word as 'n onsuksesvolle poging tot liminaliteit. Om hierdie rede kan Geelgert nie as 'n suksesvolle bemiddelaar gesien word nie. Daar is wel triekster-elemente in sy karakter: hy is sowel ondersteunend as ondermynend wat die mans in die berghut betref. Enersyds inspireer hy die mans, maar andersyds word hulle lamgelê deurdat hulle vir hom wag om opdragte of goedkeuring uit te deel en sodoende gaan hulle nie oor tot aksie nie. Polla se besluit om op sy eie die spleet oop te blaas, hang dus nou saam met Geelgert se dood. Laasgenoemde is 'n bevrydende gebeurtenis wat die mans daartoe in staat stel om tot aksie oor te gaan, hoewel hulle nie bewus was van die gebeurtenis tot ná Polla se optrede nie. Vanweë sy verhouding met Geelgert, kan Polla se dade beskou word teen die agtergrond van 'n oedipale kompleks. Met Geelgert se eerste besoek aan die berghut, wil Polla graag vir Geelgert beïndruk, “[h]y daag hom telkens uit soos 'n kind sy pa met slim stoutighede en parmantige, uitdagende tussenwerpsels” (29). Polla se aanvanklike verheerliking van Geelgert verander egter deur die loop van die roman in 'n behoefte om hom van Geelgert te onderskei, om Geelgert se gesaghebbendheid te ondermyn.

Geelgert se karakter bevat nie die ambivalensie wat ander karakters in die roman kenmerk nie. Wanneer Deneysen en van die ander mans die pakkies wat Geelgert aangelewer het, aan Joe Mashishi en Patrick Ngubane oorhandig (36 en verder), kondig Joe Mashishi aan dat hy en Patrick albei Doppers is (37). Patrick voeg hierby toe dat hulle nie net Doppers is nie, maar ook nog Voortrekkers (37). Die verwarring rondom identiteit wat hierdie stellings inhoud, word verder gevoer deurdat Patrick beweer dat dit is wat party mense van hulle dink (37) – die leser weet egter nie of hulle met hierdie siening saamstem of nie en om watter redes party mense tot sodanige gevolgtrekkings sou kom nie. By Geelgert is daar egter nooit sprake van so 'n paradoksale identiteit nie: sy taalgebruik is wel dubbelsinnig, maar dit is nie paradoksaal nie.

Geelgert se bemiddelaarstatus word nie net aangetas deur die feit dat hy onsuksesvol is nie (en ook nie ambivalent is soos wat hy aanvanklik voorkom nie), maar ook deurdat hy tog in 'n sekere mate die bestaande (patriargale) orde verteenwoordig. In hierdie sin is hy dus nie volkome 'n liminale figuur nie. Geel-

gert se aandeel in die patriargale bestel word beklemtoon deurdat Polla hom as 'n tipe vader-figuur eien. Hy rebelleer aanvanklik verbaal teen Geelgert se gesag (218) en blaas later, onafhanglik van die ander mans en van 'n opdrag van Geelgert, die spleet oop (236).<sup>11</sup> Terselfdertyd soek hy egter Geelgert se aandag en tree hy op soos 'n stout kind wat sy pa probeer vermaak. Geelgert word dus duidelik geplaas binne 'n gesagsraamwerk en die gesprekke omtrent mag waarby Geelgert se naam gedurig betrek word, versterk die indruk dat Geelgert wel deel vorm van 'n magsentrum – hoewel dit die magsentrum van die 'nuwe' Afrikaner is, in plaas van die 'ou', Apartheidsondersteunende Afrikaner. Daar sou geargumenteer kon word dat dit Geelgert se onvermoë is om homself los te wikkeld uit die magsentrum wat uiteindelik tot sy ondergang tydens die rivierkruising lei.

Geelgert is uiteindelik tog deel van die sentrum. Sy ras en sy geslag maak hom deel van die sentrum van politieke, sosiale en ekonomiese mag tydens die Apartheidstyd. Hoewel hy daardie sentrum op 'n aktiewe wyse probeer ondermyne, is hy steeds deel daarvan. Sy betrokkenheid by die sentrum is ook nie 'n kwessie van kulturele appropriasie nie. Hy wil die bestaande sentrum omver probeer werp en tree om daardie rede op 'n liminale wyse op (hoewel sy liminaliteit onsuksesvol blyk te wees), maar dit wil ook voorkom of hy slegs een sentrum met 'n ander probeer vervang en dit is onduidelik of die nuwe sentrum meer tolerant sal wees teenoor die marge.

Die indruk word geskep dat al die mans in die berghut wit is. Die meeste van hul politieke kontakte is ook wit – die bruin en swart politieke kontakte beweeg op die marge. Die mans gaan altyd weg van die hut om kontak met mans (nooit vroue nie) van ander rasse te maak. Dit wil voorkom of die twee mans wat by hulle asiel soek, ook wit is. Boet word beskryf as iemand met 'n effens bruinerige vel (137), maar dit beteken egter nie dat hy 'bruin' is nie. Die berghut bly dus, ten spye van die stryd wat die mans voer teen die heersende apartheidsmagte, 'n wit enklawe. Dit is ook van belang om daarop te let dat die mans in die hut is as gevolg van 'n voorstel deur Geelgert (14); hy het dus 'n impak op die interaksie wat hulle met ander mense het – veral indien die respek wat die mans vir Geelgert se besluite het, in ag geneem word. Die berghut word sodoende 'n ironiese parallel van die sentrum van die Suid-Afrikaanse samelewings tydens die Apartheidsera. Dit word beset deur wit mans wat dink hulle is besig met iets wat van belang of van waarde is vir die Suid-Afrikaanse bevolking en wat van tyd tot tyd kortstondige kontak het met mans van ander rassegroepe.

In die loop van die verhaal bly Geelgert dominant ongeag of hy aan- of afwesig is. Binne die bestaande orde sou hy (indien dit nie vir sy politieke oortuigings was nie) deel gevorm het van die maghebbers. Binne die ondermynende orde van die vryheidstryd roep hy onderwerpingsgedrag op (37, 133); daar word ook gesê hy lei graag mense (132). Hy sien oral mag (114), het 'n geweldige preokkupasie met mag (133), hy ken van mag in sy gebeente (114) en hy het ook 'n geweldige

behoefte aan volgelinge (181). Om dus te sê dat mag vir Geelgert belangrik is, is om dit sagkens te stel. Daar is ook niks wat suggereer dat Geelgert, wanneer die bestaande orde omver gewerp is, van sy dominante posisie afstand sal doen nie. Een magsentrum sal dus waarskynlik vir 'n ander verruil word, sonder dat daar noodwendig veel verander, behalwe die uiterlike kenmerke van die magsentrum.

Wat miskien meer kommerwekkend is vir dié wat ten gunste is van 'n positiewe integrasie van die marge en wat die dominasie van die sentrum probeer beveg, is dat Geelgert "vanuit sy dominante posisie die vrese van die groep [waarvan hy op 'n gegewe oomblik deel vorm] artikuleer" (115). Hoe raak so 'n artikulasie ook mag wees, ontnem dit steeds die res van die groep wat nie in 'n dominante posisie verkeer nie, die geleenthed om hul eie vrese te artikuleer. In Spivak (1988) se terme laat Geelgert dus nie diegene sonder mag toe om te praat nie, al veg hy oënskynlik "vir die belang van die breedste deel van die bevolking" (Viljoen, 1990: 112-3). Hy lê dus woorde in die mond van diegene wat magteloos is en verhoed hulle sodoende om hulself as subjekte te konstrueer.

Dit wil dus voorkom asof van Geelgert se triekster-eienskappe paradoksaal genoeg is dat hy eintlik nie 'n triekster is nie, maar eerder iemand wat ter wille van mag en die belang van die breedste deel van die bevolking, oftewel dit wat hy as die sodanige belang beskou, sekere dade uitvoer. Dit is daarom nie vreemd dat hy verdrink terwyl hy 'n rivier probeer kruis nie; sy grensoorskrydende kenmerke en bemiddelende funksie is nie alleen tydelik nie, maar ook (ten spyte van wat Karel beweer) kunsmatig. Geelgert se preokkupasie met mag plaas hom eerder aan die kant van die maghebbers wat ten gunste is van sentralisasie as aan die kant van trieksters en ander liminale figure, wie se optrede 'n desentrerende aksie inhou.

#### 4. Slotopmerkings

Die bemiddelende karakters wat hier bespreek is, se optrede het – in den brede – positiewe gevolge vir die fokaliseerders om wie se onthalwe die bemiddeling geskied. In hierdie opsig verskil hulle van die trieksters – wie se optrede dikwels negatiewe gevolge kan hê. Daar moet egter nie gedink word dat dit die bemiddelende karakters se vooropgestelde doelwit is om as 'goeie' bemiddelaars gesien te word nie. Om so 'n tipe agentskap en motivering toe te skryf aan hierdie tipe karakters, is gevaelik, hoofsaaklik omdat daar geen aanduiding is dat dit wél die geval is nie. Vanweë Esgiel se stilswye is dit, byvoorbeeld, feitlik onmoontlik om af te lei wat die karakter 'dink' en gevolglik is spekulasié oor 'motivering' feitlik onmoontlik.

Dit is ook moeilik om te bepaal of die bemiddelaars ook doelbewus poog om grense op te hef, die aandag daarop te vestig of ontslae te raak van die grense. Dit is wel in hierdie artikel gestel dat dit lyk asof Niggie en Esgiel nie ten gunste van

grensverwydering is nie, terwyl dit wel die geval is by Willie, maar sulke opmerkings kan slegs gemaak word deur te kyk na die manier waarop die karakters grense oorskry en die manier waarop hulle die gevolge daarvan ‘hanteer’. Hulle kom nie met ’n handige motiveringsbrief na vore nie. Vanweë Willie (en Geelgert) se politieke betrokkenheid kan daar geargumenteer word dat hulle ten gunste is van die verwydering van apartheidsgrense, maar dit is haas onmoontlik om uitspraak te lewer oor Esegiël se politieke doelwitte – dit is onduidelik of Esegiël nadink oor sulke kwessies.

Een van die redes waarom Geelgert misluk as bemiddelaar, is moontlik omdat hy homself doelbewus in ’n posisie plaas om as bemiddelaar op te tree. Sodoende vestig hy groter aandag op sy bemiddelingsrol en word dit makliker om op te let of hy suksesvol is, al dan nie. Nie een van die ander karakters wat hier bespreek is, hou hulself voor as bemiddelaars nie. Om dit tot ’n uiterste te voer, kan die volgende sedeles hieruit gehaal word: bemiddelaars behoort te fokus op grensoorskryding en diegene met wie hulle in aanraking is, nie op hul eie rol in die proses van bemiddeling nie. Natuurlik is so ’n sedeles onvanpas, synde dat hier met karakters gewerk word. Deur die saak vanuit so ’n ekstreme hoek te beskou, word die kwessie van mag egter weer betrek, en dit is wél nuttig. Geelgert se obsessie met mag lei daartoe dat dit onmoontlik is om te sê of sy grensoorskryding werklik sou lei tot ’n (geleidelike) opheffing van grense en of dit slegs daartoe sou lei dat een stel grense deur ’n ander vervang word. By Esegiël en Niggie (en moontlik selfs Willie) word die aandag slegs gevestig op grense deur die karakters se grensoorskryding, dit is nie ’n seker saak dat daardie grense mettertyd sal verdwyn nie. Nie een van hierdie karakters gee egter ’n aanduiding dat hulle die een stel grense met ’n ander wil vervang nie. En dít is die rede waarom hulle meer suksesvol is as Geelgert in hul bemiddelingsoptrede.

Die grootste bydrae van hierdie bemiddelaars is egter dat hulle die aandag vestig op die grense wat bestaan en wat hulle oorskry. Hul liminale optrede is verruimend – sowel van die gedrag waartoe ander karakters in staat is as van die leser se denke.

Universiteit van Stellenbosch

## Bronnels

- Bakhtin, Mikhail.** 1994. *The Bakhtin Reader. Selected Writings from Bakhtin, Medvedev and Voloshinov*, gerедigeer deur Pam Morris. Londen, New York, Melbourne en Auckland: Edward Arnold.
- Cirlot, J.E.** [1962] 1982. *A Dictionary of Symbols*, vertaal deur Jack Sage. Tweede uitgawe. S.v. ‘Fire’. New York: Philosophical Library.

- Eliade, Mircea.** 1987. *The Encyclopedia of Religion. Volume 13*. S.v. "Shamanism: An Overview". New York: Macmillan.
- Eliade, Mircea.** [1951] 2004. *Shamanism. Archaic Techniques of Ecstasy*, vertaal deur Willard R. Trask. Tweede uitgawe. Princeton & Oxford: Princeton University Press.
- Foster, Lenelle.** 2005. Die grenservaring is belangrik: trieksters in vier romans van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach. *Stilet* 17(2), Junie: 68-86.
- Kannemeyer, J.C.** 1993. 'Belemmerende' gang van vorige werk afgeskud. *Rapport*, 28 November: 30.
- Lang, Jerome H.** 1987. *The Encyclopedia of Religion. Volume 4*. S.v. 'Culture heroes'. New York: Macmillan.
- Spivak, Gayatri Chakravorty.** 1988. Can the Subaltern Speak? In: Nelson, Cary and Lawrence Grossberg (red.). *Marxism and the Interpretation of Culture*. Hounds mills: Macmillan Education: 271 – 313.
- Townsley, Graham.** [1992] 2001. "Twisted Language," A Technique for Knowing. In: Narby, Jeremy and Francis Huxley (red.). *Shamans Through Time. 500 Years on the Path to Knowledge*. Londen: Thames & Hudson: 263 – 272.
- Turner, Victor W.** 1969. *The Ritual Process. Structure and Anti-Structure*. Londen: Routledge and Kegan Paul.
- Van Gennep, Arnold.** [1960] 1977. *The Rites of Passage*, vertaal deur Monica B. Vizedom and Gabrielle L. Caffee. Londen & Henley: Routledge & Kegan Paul.
- Viljoen, Lettie.** [1984] 1987. *Klaaglied vir Koos*. Tweede uitgawe. Emmarentia: Taurus.
- Viljoen, Lettie.** 1990. *Belemmering*. Bramley: Taurus.
- Viljoen, Lettie.** 1993. *Karolina Ferreira*. Kaapstad & Johannesburg: Human & Rousseau.
- Viljoen, Louise.** 1993. Die roman as polifonie: diskursieve verskeidenheid in Lettie Viljoen se *Belemmering*. *Tydskrif vir literatuurwetenskap*, 9(3/4): 313-325.
- Winterbach, Ingrid.** 2002. *Niggie*. Kaapstad, Pretoria & Johannesburg: Human & Rousseau.
- Wýbenga, Gretel.** 1995. *Karolina Ferreira* (Lettie Viljoen). Of: Mot – metamorfose – mistiek. *Tydskrif vir letterkunde*, 33(1):102-106.

## Note

<sup>1</sup> Hierdie artikel is gebaseer op hoofstukke 1 en 5 van my tesis, Marginale en liminale karakters in die werk van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach: sosiale kommentaar en die ondermyning van grense, ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van

Stellenbosch. My dank aan my studieleier, prof. Louise Viljoen, vir haar waardevolle advies.

- 2 Die trikster se identiteit is per definisie vloeibaar en verwarrend. Hulle vervul dikwels ook meer as een funksie – so kan 'n trikster ook 'n begeleidende rol speel. Hierdie beginsel geld vir volksverhale dwars oor die wêreld en is nie uniek tot Viljoen/Winterbach se werk nie. Waar dit moontlik is, sal daar 'n onderskeid getref word tussen triksters en bemiddelaars – maar die trikster probeer juis sulke netjiese definisies ondermyn; sien Foster (2005).
- 3 In *Karolina Ferreira* ontmoet Karolina Ferreira, 'n motdeskundige, vir Willie op weg na die dorp Voorspoed, waar sy motte wil bestudeer. Sy bly aansienlik langer op die dorp as verwag, vanweë die mense wat sy daar raakloop.
- 4 In *Niggie* reis 'n groep mans – onder wie die twee natuurwetenskaplikes Ben Maritz en Reitz Steyn – om 'n getraumatiseerde kommandolid by sy familie te besorg. Hulle bly oor (word in der waarheid gevange gehou) by 'n groep mans geleei deur Gert Smal. Op 'n sending vir die geheimsinnige generaal Bergh word Ben, Reitz en Gert Smal in 'n hinderlaag geleei waarin Gert Smal sterf. Ben en Reitz word deur Niggie en Anna Baines gevind en verpleeg.
- 5 Hierdie werksverdeling herinner sterk aan Josua 9: 21, waar die Gibeoniete verdoem is tot die rol van "houthakers en waterdraers van die hele [volk Israel]". Hierdie teksvers is dikwels gebruik in die apartheidsteologie om die rol van swartes as handearbeiders te regverdig.
- 6 Dit is veelseggend dat Gert Smal eerder die geheimsinnige Oompie se toorgoed vertrou om die vertraagde Seun te genees as Esegiël se "[k]affermidisyne" (Winterbach, 2002: 169).
- 7 Wýbenga (1995: 104) voer aan dat hierdie herstel- en transformasieproses gesien kan word as 'n "inisiasieproses". Vergelyk ook Eliade (2004: 330).
- 8 Die faksiegevegte en beweerde polisiebetrokkenheid herinner natuurlik sterk aan die sogenaamde derdemagbedrywighede waaroor daar in die vroeë jare negentig in die media – veral die destydse *Vrye Weekblad* – berig is. Dit beklemtoon ook dat die politieke grense wat bestaan, kunsmatig is en erge verdeling skep binne 'n gemeenskap wat liewer moet saamstaan teen eksterne bedreiging.
- 9 Louise Viljoen (2003: 76) beklemtoon hierdie verwantskap wanneer sy sê dat Esegiël sy kennis ten toon moet stel "soos 'n sirkusdier".
- 10 Townsley (2001: 268) verwys na die Yaminahua-sjamaan se taalgebruik en beskryf dit as volg: "their language is made up of metaphoric circumlocutions or unusual words for common things which are either archaic or borrowed from neighbouring languages." Die metaforiese dubbele bodem van Geelgert se taalgebruik is nie net grensoorskrypend nie, maar het ook assosiasies met sjamanistiese rituele.
- 11 Die konnotasies van nuutgevonde, manlike seksuele onafhanklikheid kan natuurlik nie geïgnoreer word nie.

# **Die dinamika van Kaaps-Hollands – belangrike nuwe insigte in die ontwikkeling en standaardisering van Afrikaans**

**H.P. Grebe**

*In the standardization of languages a single regional and/or social dialect is often presupposed which forms the phonological, morphological, and syntactic base of the new standard language. In the case of Afrikaans it was not otherwise. But cases of standard languages which are based on a single regional or social dialect are rare. In most cases standard languages have been shaped by a process of dialect levelling and koinézation. In the case of Afrikaans this has been a central point of departure of most historical linguists. The so-called philological school viewed Afrikaans as the outcome of a “natural” process of language change boosted by forces of second language learning. This has been disputed by historical linguists such as Den Besten and Roberge who view language contact as a central force. But the actual fusing process which remodelled the dynamic social dialect continuum which was Cape Dutch has not received much attention. In this article the new insights which the work of Ana Deumert sheds on the standardization and development of modern Standard Afrikaans is discussed in relation to other theoretical viewpoints.*

## **1. Ter inleiding**

In hierdie artikel word die nuwe insigte in die standaardisering van Afrikaans en die ontwikkeling van moderne Standaardafrikaans wat blyk uit die werk van Ana Deumert (2004) kortlik bespreek en in verband gebring met ander belangrike teorieë en insigte van die afgelope aantal jare.

In die verlede is daar vanuit linguisties georiënteerde benaderings tot die standaardisering van taal dikwels uitgegaan van 'n streeks- of sosiale dialek wat die fonologiese, morfologiese en sintaktiese basis van die standaardvariëteit vorm. Ook in die geval van Afrikaans bestaan daar die sogenaamde "Oosgrenshypotese". Van Rensburg (1984: 514; 1989: 436-467 en 1990: 66-67) onderskei op histories-geografiese gronde drie variëteite van Afrikaans, naamlik Oosgrensafrkaans, Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrkaans. Oosgrensafrkaans sou dan die basis van Standaardafrikaans vorm. Ook ander Afrikaanse taalkundiges soos Ponelis (1987: 9) en Du Plessis (1987a: 108 e.v. en b: 144 e.v.) huldig menings wat verband hou met hierdie siening van Van Rensburg. Alhoewel reeds uitvoerig (vgl. Grebe, 1997) op die gebreke van hierdie siening gewys is, word dit steeds te dikwels as uitgangspunt in geskrifte oor Afrikaans gebruik.

Maar standaardtale op 'n enkele dialek gebaseer, is inderwaarheid skaars en die meeste het tot stand gekom deur dialektiese gelykmaking en koinéfisering. Sowel die filoloë as Den Besten (1989) hang op enkele kleinere punte na, wat betref die ontstaansgeschiedenis van Afrikaans, hierdie siening aan. Die basiese uitgangspunte van Den Besten verskil egter wesenlik van dié van die filoloë. Anders as die filologiese skool, meen Den Besten dat die ontstaan van 'n aparte Afrikaanse grammatale sisteem alleen verklaar kan word as die linguistiese gedrag van die Khoikhoi en die slawe daarby betrek word. Hierdie artikel is weliswaar reeds van geruime tyd terug, maar was rigtingverskuiwend sover dit die beskouinge rondom die ontwikkeling van Afrikaans betref. Hy veronderstel reeds van heel vroeg af aan die bestaan van 'n dubbele herkoms. Maar omstreeks 1850 versmelt Proto-Afrikaans I voortkomend uit 'n konteks van tweedetalverwerwing en Proto-Afrikaans II, wesenlik voortgesette Kaaps-Hollands, tot 'n algemene Afrikaanse koiné.

Anders as die filoloë en Den Besten benader Roberge (1995 & 2003) die ontwikkeling en Afrikaans vanuit 'n heel ander blikhoek. Tenoor Den Besten se siening van twee naasliggende taalbane (sekerlik wel bedoel as teoretiese idealisering) gaan Roberge van die standpunt uit dat die taalsituasie vóór standaardisering gekenmerk is deur 'n dinamiese, sosiale dialekkontinuum. Die standaardiseringsproses het die fundamentele reorganisasie van hierdie variasiekontinuum behels ten einde 'n nuwe standaardnorm (die latere Standaardafrikaans) tot stand te bring. Deur hierdie strategiese en intensionele proses is die ander niestandaardvorme en variëteite gemarginaliseer en teruggedring.

Maar die siening van Den Besten en Roberge verskil nie wesenlik nie: deur 'n proses van versmelting en uitloping kom 'n enkele standaardvorm van Afrikaans te voorskyn uit meerdere vorme en variëteite. Hoe hierdie versmelting in sosiale en linguistiese terme verloop het, bly egter onduidelik. Hierop bied die rigtinggewende werk van Deumert (2004) 'n hoogs insiggewende kyk. Omdat die werk plek-plek nogal teoreties van aard is en nie tot dusver die aandag wat dit verdien, gekry het nie – in elk geval nie in die literatuur hier te lande nie – poog hierdie artikel om kortlik die belangrike nuwe insigte saam te vat en te wys op die verreikende gevolge wat dit het vir wat Standaardafrikaans wesenlik is en hoe dit gegroeи en ontwikkel het. Deumert wys byvoorbeeld daarop dat die meeste standaardtale 'n veelvoudige herkoms het en dat hulle gestalte gegee is deur uiteenlopende toestande van taalkontak, maar ook die deurslaggewende wisselwerking van die gesproke en geskrewe taal.

Heel terloops: die gebrek aan belangstelling onder Suid-Afrikaanse wetenskappers van dit wat histories en wesenlik steeds in die kern van enige ernstige studie oor die linguistiese aard van Afrikaans behoort te staan, is waarskynlik 'n simptoom van die treurige toestand waarin die Afrikaanse taalkunde sig aan Suid-Afrikaanse universiteite bevind. Die kern van ons vakgebied, naamlik die

beskrywing van Afrikaans, gaan nouliks vooruit. Ons durf ook nie ons eie taalverlede aan buitelanders alleen oorlaat nie. Veral nie gesien die belangrike postkoloniale konteks waarin ons ons bevind en waarin ons toonaangewend behoort te wees nie. Hibridisering staan immers in die kern van ons nuwe globale wêrld.

## 2. Die standaardiseringsproses

Die standaardiseringsproses kan gesien word as die strewe na linguistiese gelyk-vormigheid deur die proses waarvolgens sekere variante as standaardnorm ge-selekteer word. Terwyl taalvariasie verband hou met sosiale, etniese en streeks-verskille, werk standaardisasie die totstandkoming van 'n enkele politieke en gemeenskaplike magsbasis in die hand. Die standaardiseringsproses moet nie slegs gesien word as 'n bewuste regulerende ingreep deur bepaalde instellinge soos taalrade en -akademies, asook individuele woordeboekmakers en grammatica-ontwerpers nie, maar ook as die resultaat van die tegemoetkomendheid van alledaagse sprekers om mekaar ter wille te wees en wat gevvolglik lei tot dialek-gelykmaking en -versmelting.

In hierdie verband verwys Deumert na die werk van LePage (1988) waarin hy na die prosesse van *fokussering* en *projeksie* verwys. *Fokussering* verwys na die proses van onderlinge tegemoetkoming wat lei tot dialektiese gelykmaking en die ontwikkeling van 'n goed gedefinieerde bowedialektiese koiné in die hand werk. Die begrip *projeksie* hou in dat sprekers hulle in die keuses wat hulle ten opsigte van taalvariante maak, bewustelik rekenskap gee van hul identiteit (dit dus konstrueer) op grond van hul interpretasie van die onderliggende faktore wat die variasie onderlê.

Gefokusseerde en relatief uniforme variëteite wat die gevolg is van interdialektiese en onderlinge toeskietlikheid ontwikkel geredelik tot algemene bowedialektiese *taalstandaarde*; dit wil sê hulle verteenwoordig goeie en toepaslike taalgedrag en word doelbewus deur individue nagevolg. Alhoewel taalstandaarde meestal nog nie gekodifiseer is nie, is dit meer as blote gewoontes en beklee met normatiewe waarde – "só hoort dit". Hierdie relatief uniforme variëteite verteenwoordig die informele beginpunt van standaardisering.

### 2.1 Afrikaans

In die lig van die kriptiese uiteensetting hierbo, is die beskouinge rondom die standaardisering van Afrikaans in die verlede myns insiens dikwels te eenlynig gesien. Die tradisionele siening soos deur die filologiese benadering voorgestaan, hou wesentlik in dat die standaardisering van Afrikaans die resultaat is van die kodifisering en uitbreiding van 'n reeds bestaande en relatief uniforme gesproke vernakulêr/koiné. Hierdie uniforme vernakulêr/koiné sou dan deur natuurlike

taalveranderingsprosesse uit sewentiende-eeuse dialektiese Nederlands gegroei en die lae variëteit verteenwoordig het in 'n toestand van diglossie. Die Oosgrenshipotese waarna terloops hierbo verwys is, hou verder in dat hierdie basisdialek nie alleen geografies afgegrens was nie, maar voorts word die moontlike invloed van die aanleerdersvariëteite op die ontstaan van Standaardafrikaans as 't ware uitgedefinieer.

Hierdie tekortkominge is reeds deur Den Besten uitgewys. Beide punte van kritiek wat hierbo geopper is, het hy uitvoerig onder die loep geneem en daarop gewys dat geen siening van Afrikaans hoegenaamd volledig kan wees sonder dat die reuseaandeel van die aanleerdersvariëteite aan die destydse Kaap op 'n geïntegreerde manier betrek word nie. Soos in die geval van die filoloë en die voorstanders van die Oosgrenshipotese, het Den Besten wel die bestaan van 'n algemeen Afrikaanse koiné so vroeg as 1850 veronderstel wat die basis sou vorm van Moderne Standaardafrikaans. Maar die bestaan hiervan betwyfel hy tans self (persoonlike mededeling). Hierin het hy waarskynlik gelyk soos die werk van Deumert duidelik laat sien. Hy had nietemin stellig wel gelyk wat betref sy siening van 'n versmelting (anders gestel: die dubbele herkoms van Afrikaans – voortsetting én kreolisering). Hoe hierdie versmeltingsproses presies in linguistiese en sosiale terme verloop het, was egter steeds onduidelik. Hierop werp die werk van Deumert meer lig.

Deumert gaan van dieselfde standpunt as Den Besten en Roberge uit. Ook soos by hulle, is die voorgeschiedenis van Afrikaans nie reglynig nie maar heterogen. Anders as Den Besten se siening van twee naasliggende taalbane gaan sy, soos Roberge, van die standpunt uit dat die taalsituasie vóór standaardisering gekenmerk is deur 'n dinamiese, sosiale dialekkontinuum wat tot minstens 1900 aan die Kaap bestaan het. In teenstelling dus tot sowel die filoloë as Den Besten wat die middel van die agtiende en negentiende eeu onderskeidelik sentraal stel in die historiese ontwikkeling van Afrikaans, meen Deumert dat die voortgesette variasie in historiese dokumente daarop dui dat die ontluiking van Afrikaans langsaam verloop het as wat aanvanklik gemeen is en dat dit deur meerdere invloede en kragte as suwer taalkontak enakkulturasie vorm gekry het, waaronder tewens politieke en sosio-ekonomiese kragte tel. Sy veronderstel 'n kontinue proses vanaf die sewentiende tot die laat negentiende eeu en selfs nog die eerste jare van die twintigste eeu.

### **3. Die konstruksie van Standaardafrikaans**

Deumert se hooftese is dat Standaardafrikaans in hoë mate *gekonstrueer* is uit 'n kontinue variasiespektrum met matri- en akrolektiese variëteite aan die boonste punt en meso- en basilektiese variëteite aan die onderste punt. Verskillende sosiale en politieke kragte het hierin meegewerk. Anders as in die geval van haar

voorgangers, meen sy nie dat standaardisering voorafgegaan is deur 'n reeds bestaande algemene koiné nie. 'n Algemene koiné het eers teen die einde van die negentiende en vroeë twintigste eeu ontwikkel as gevolg van die prosesse van fokussering en projeksie waarna hierbo verwys is en wat die informele beginpunt van die standaardiseringproses verteenwoordig. Hierdie proses is deur Afrikanernasionalisme gedra en onderskraag.

### **3.1 'n Dialektiese skryftradisie**

Tydens die negentiende eeu het 'n Kaaps-Hollandse skryftradisie geleidelik aan ontstaan. Tiperend van hierdie Kaapse dialektekste was die aanwending van die opvallendste kenmerke van die Kaaps-Hollandse vernakulér. (Vir 'n kort oorsig van hierdie tekste vergelyk Deumert [2004: 45-54].) Daar bestaan min twyfel dat die oogmerk van die skrywers sekerlik was om te skrywe in wat hulle as die plaaslike Kaaps-Hollandse dialek beskou het. Dit is egter belangrik om ag te slaan daarop dat dialektekste tipieserwys sosiolinguistiese stereotipes reflekteer en daarom nie noodwendig linguisties outentiek is nie; trouens dikwels mank gaan aan stereotipiese oordrywing. Hierdie tekste vertoon dikwels 'n samestelling (versmelting) van verskillende niestandaardkenmerke wat nie noodwendig gesamentlik (in algemene sin én frewensie) voorkom in die spraak van werklike sprekers nie. 'n Tipiese procédé is om die teks gewoon te deurspek met stereotipiese kenmerke van die ongepolyste niestandaardtaal. Prototipiese koloniale karakters (blank én gekleur) soos *Arme Boer, Boereseun, Een Burger, Polly Lekkergoed, Grietje Beuzemstok, Klaas Waarzegger, Kaatjie Kekkelbek* ens. word dus ten tonele gevoer.

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie dialektradisie oor 'n breë boeg plaasgevind het en nie net tot die landelike blanke gemeenskap beperk was nie. Ook onder die Moslemgemeenskap van die Kaap en die Morawiese sendinggemeenskap in Genadendal het soortgelyke tradisies ontwikkel.

Hierdie tekste het algaande meegewerk in die vestiging van 'n *gestileerde* linguistiese en sosiale *prototipe* van die alledaagse, maar eerlike Afrikaanse boer en landvolk as simboliese teenoorgesteldes van die hovaardige koloniale Engelse, stedelike gemeenskap. Daar moet dus op gelet word dat die taalgebruik geïnterpreteer moet word as 'n komplekse sosiaal bemiddelde *representasie* van die vernakulér as kulturele stereotipering van die gesproke taal – 'n *nabootsing* wat dus gekenmerk is deur stereotipiese oorveralgemenings.

Die taalsituasie aan die Kaap gedurende die agtziende en negentiende eeu word dikwels as diglossies beskrywe met die Kaaps-Hollandse vernakulér (Afrikaans) as die inheemse lae variëteit en Nederlands as die hoë variëteit wat op skool onderrig is en in formele situasies gebruik is. Die werkliekheid was heel anders. Aan die Kaap het daar volgens Deumert (2004: 64) 'n toestand van "gebruikersgeoriënteerde" dialektiese diglossie geheers. Dit het ingehou dat variëteite dig by

Nederlands (matri- en akrolekte) nie die hoë variëteit was vir die *hele* spraakgemeenskap nie; trouens 'n groot gedeelte van die spraakgemeenskap het dit gewoon nie beheers nie. Die gebruik van die lae variëteit het tewens afgehang van sosiale veranderlikes soos klas, etnisiteit en ras. Voorts was die Kaaps-Hollandse vernakulêr meer vloeibaar en kontinu as wat dikwels veronderstel word. 'n Komplekse sosiale dialekkontinuum gekenmerk deur prosesse van stylverskuiwing en vermenging het bestaan. Die akrolektiese variëteit was skynbaar selfs algemeen genoeg om die promoveer van 'n "Vereenvoudigd Nederlands" as toekomstige koloniale taal as moontlikheid te oorweeg.

Uit hierdie ryke verskeidenheid van die taalmark het die taalentrepreneurs – aanvanklik die eerste dialekskrywers en later hul navolgers – die heteroglossiese taalkontinuum omvorm deur die skep van 'stemme' wat gemeenskapsidentiteit simboliseer.

### **3.2 Drie kenmerkende lekte**

In haar baanbrekende werk onderwerp Deumert (2004) 'n korpus persoonlike dokumente (Die Korpus Kaaps-Hollandse Korrespondensie) bestaande uit hoofsaaklik brieve aan familie en vriende asook twee private memoirs aan taalvariationsele analise. Die geskrifte dek die tydperk 1880-1922. Uit die toon en styl van die tekste is af te lei dat die skrywer en die aangeskrewene goed bevriend was en in 'n vertrouensverhouding verkeer het. Die toon van die brieve is dus heel persoonlik (die korpus sluit byvoorbeeld minnebrieve in) en die taalgebruik waarskynlik dig by die gesproke taal.

Deumert het hierdie geskrifte ondersoek aan die hand van 'n negetal veranderlikes wat diagnosties is ten opsigte van Afrikaans as 'n afsonderlike linguistiese sisteem:

- ◆ Verlies van die onsydige geslag;
- ◆ Verlies van persoons- en getalskongruensie in die teenwoordige tyd by hoofwerkwoorde;
- ◆ Verlies van infinitiefsfleksie
- ◆ Verlies van fleksie-uitgange by verlede deelwoorde;
- ◆ Verlies van die imperfektum en die veralgemening van die perfektum by hoofwerkwoorde;
- ◆ Die gebruik van die Afrikaanse voornaamwoorde (*ons, hulle, dit, my/sy* en invariabele *wat*);
- ◆ Die veralgemening van die *om te*-infinitief;
- ◆ Nie-2; en
- ◆ Objektiewe *vir*.

Een van die insiggewendste resultate is dat die skrywers van hierdie geskrifte in drie klusters op grond van hul aanwending van hierdie diagnosties veranderlikes uiteenval:

- (a) Kluster 1: Akrolekties; hou hulle sover moontlik aan die norme van Nederlands; variasie erg opvallend by die infinitiefklous en verlede tydsmarkering; geringe variasie by sterk verlede deelwoord; 'n mate van variasie by morfosintaktiese veranderlikes soos geslag asook persoons- en getalsmarkings by die werkwoord. Handhaaf onderskeid tussen finiete en infiniete werkwoorde asook fleksie by verlede deelwoorde. (Vergelyk in hierdie verband ook Grebe [1997: 206-207].)
- (b) Kluster 2: Hoogs variabel ten opsigte van al die veranderlikes; vertoon geen gelijke spreiding binne die kluster ten opsigte van die veranderlikes; opvallend dat ten opsigte van Nie-2 byna geen variasie voorkom nie, daar slegs een individu daarvan gebruik maak; individue binne hierdie groep bevind hulle nie net érens tussen kluster 1 en 3 nie, maar is óf nader aan 1 (tradisionele Nederlandse standaard) óf nader aan 3 (nuwe ontluikende Afrikaanse norme); dit is 'n aanduiding van 'n sogenaamde "fuzzy" grens en 'n bevestiging van kontinue variasie wat die ruimte tussen die pole Nederlands en Afrikaans oorspan.
- (c) Kluster 3: Vroeë Afrikaans; relatief gefokusseerde variëteit; variasie by sterk verlede deelwoorde en Nie-2; ontluikende standaard.

Veelseggend is dat bogenoemde drie linguistiese struktuurklusters ook korreleer met kenmerke wat sosiaal beduidend is. Kluster 3 (verteenwoordigend van die ontluikende Afrikaanse standaard) word gekenmerk deur skrywers gebore ná 1865 en behorende tot die nuwe professionele klas; Kluster 2 (hoogs variabel) gebore vóór 1865 en uitsluitend behorende tot die landelike kleinburgerlike klas ("petty bourgeoisie"); Kluster 1 (Nederlands) geen spesifieke voorkeur, deursnee van monster.

Insiggewend is ook dat as 'n verteenwoordigende monster van die vroeë dialektekste by die Korpus Kaaps-Hollandse Korrespondensie betrek en ontleed word, dit blyk dat daar 'n hoë mate van tipologiese kontinuïteit bestaan tussen die dialektekste en Kluster 3. Dit is dus duidelik dat die dialektiese skriftradisie as model moet gedien het vir diegene wat bewustelik Afrikaans probeer skrywe het. Deumert (2004: 242) wys ook daarop dat die analyses van die data daarop dui dat die variëteit wat naas Afrikaans as alternatief vir Nederlands in Suid-Afrika geprogageer is, te wete "Vereenvoudigd Kaap-Hollands", in hoë mate met die taalgebruik van Kluster 2 ten opsigte van spesifieke veranderlikes geïdentifiseer kan word. Die spreiding en gedrag van die veranderlikes binne kluster 2 kan nie sonder meer as lukraak en as tiperend van 'n ongrammatiese vermenging van Afrikaans en Nederlands beskou word nie.

Dit bevestig dus nog eens die bestaan van 'n variasiekontinuum waarbinne bepaalde kenmerke as [+Ndl] en ander as [+Afr] beoordeel is. Vanweë die

diffuse en variabele aard van baie van die kenmerke van die Kaaps-Hollandse vernakulêr het dit die insluiting daarvan in 'n goed gedefinieerde protipiese nuwe Suid-Afrikaanse norm geblokkeer en dit gebrandmerk as 'n *tussending*. Tydens hierdie proses van standaardisering is bepaalde sistematisiese variante tog weer as té Nederlands beskou en gevvolglik ook uit die ontlukende standaardvariëteit geweer. Die agente van die fokusseringsproses (diegene verteenwoordigend van Kluster 3) het hoofsaaklik behoort tot die opkomende professionele klas wat ook 'n belangrike rol vervul het tydens die opkoms van die Afrikanernasionalisme vanaf die einde van die negentiende eeu aan die Kaap. Dit was per slot van rekening slegs hierdie betreklik opgevoede klas wat bepaalde taalvorme as Nederlandismes kon een vanweë hul vertroudheid met die Nederlandse norm; hulle kon dan ook meestal moeiteloos tussen die nuwe opkomende standaard (Afrikaans) en Nederlands wissel tiperend van 'n toestand van diglossie. Dat hierdie fokusseringsproses betreklik bewustelik geskied het, blyk duidelik uit die volgende voorbeeldteks (1894: brief van Francois S. Malan aan W.J. Viljoen ten tyde van studie in Edinburgh) soos aangehaal in Deumert (2004: 62):

Ek dink dat jou begrip van die Afrikaanse saak veul nouer en beperker is dan di van my. Di Afrikaanse taal wat jy voor werk is reeds gevormd in hoofsaak en het al meer of min syn bepaalde eigenaardighede ontvang ... Maar dan is daar 'n menigte ander Afrikaners wat meen dat di Afrikaans van vandag nog maar die eier in die nes is wat nog moet uitgebroei worde, 'n pas gebore kindje van wie jy nog ie kan sé wat eigenlik di karaktertrekke van di man sal wees ni ... Jy het al die woord 'purist' met betrekking tot di jong taal, [gebruik – HPG] terwyl di ander kant meen dat alle woorde en gebruik ewe veul reg het om in di stryd van bestaan op te tre. An di ander kant word di gebruik van 'n vreemde woord afgekeur terwyl di ander sé: ge al di woorde kans en kyk watter een door di algemeen gebruik syn bestaan regvaardig.

'n Dikwels vermelde geval is dié van die vroeë Afrikaanse skrywer Melt Brink (aangehaal in Kannemeyer, 1984: 71):

Ik heb mij, wat de taal betreft, zooveel mij zulks mogelijk was, aan de middenweg tussen goed Hollands en Patriots gehoude. De eerste omdat ik denk dat deze voor velen gemakkelijker zal lezen, en ten tweede omdat ik het Patriots te overdreven acht, wij spreken zo niet onder ons. Ik heb het Kaaps-Hollands zoals wij het gewoonlijk spreken gevolgda.

Vanaf ongeveer 1900 het Afrikanernasionalisme toenemend veld gewen onder alle sosiale groeperinge. Dit het gepaard gegaan met 'n lewenskragtige taalbeweging wat as 't ware die draer van hierdie nuwe nasionale gevoel was. Hierdie taalbeweging het die nuwe norm (verteenwoordigend van Kluster 3) sterk gepropageer en is hierin ondersteun deur toonaangewende Afrikaansmedium tydskrifte en dagblaaie soos *Die Brandwag*, *Ons Moedertaal*, *Die Huisgenoot* en later ook

die invloedryke Kaapse dagblad *Die Burger*. Gevolglik het Afrikaans die aanvaarde kode geword. In 1914 is Afrikaans as medium van onderrig in primêre skole ingevoer, in 1915/17 is die eerste amptelike spelreëls deur die Zuid-Afrikaanse Akademie gepubliseer, in 1918 is dit in die staatsdiens en aan sommige universiteite ingevoer en in 1919 deur die kerk gesanksioneer. In 1925 word Afrikaans naas Nederlands en Engels as amptelike taal erken.

### **3.3 Enkele voorbeelde**

Die korpus Kaaps-Hollandse Korrespondensie laat duidelik sien dat daar tot nog vroeg in die twintigste eeu 'n groot mate van variasie was ten opsigte van die negetal linguistiese kenmerke wat Afrikaans as onderskeie van Nederlands identifiseer. Deumert wys ook daarop dat tydens die fokusseringsproses waardeur "Afrikaanse" vorme (verteenwoordigend van Kluster 3) tot nuwe norm ontwikkel het daar bewustelik vir bepaalde kenmerke gekies is, nie noodwendig omdat hulle tipies van enige bepaalde lek was nie, maar juis omdat hulle afstand geskep het tussen Afrikaans as nuwe norm en Nederlands. Alhoewel die agente van hierdie proses meestal jonger nasionale Afrikanerintellektuele was, meestal mans, het die keuse dikwels op kenmerke gevallen wat nie tiperend van die akrolektiese Kaaps-Hollands was nie, maar juis hul oorsprong het in die meso- en basilekte van Nederlands aan die Kaap. Deur die bewuste fokusseringsproses wat reeds tydens die fase van die dialektiese Kaaps-Hollandse skryftradisie ontstaan het en verder gevoer is deur intellektuele in diens van Afrikanernasionalisme, het die vroeë variasiekontinuum tot één gefokusseerde variëteit, Afrikaans, versmelt.

#### **3.3.1 Die werkwoord**

Volgens die filoloë is die ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands en die daarmee gepaardgaande verlies van werkwoordfleksie die gevolg van dialektiese gelykmaking en die interaksie met natuurlike klankprosesse wat reeds in die kiem in sewentiende-eeuse Nederlandse dialekte teenwoordig was. Raidt (1983: 118) wys in hierdie verband op variasie in die teenwoordigetydsparadigma wat reeds prominent was in vroeë Hollandse dialekte. Hierdie gelykmakingsproses het hom teen ongeveer 1750 volgens Raidt (1991: 217) in die Kaapse taal voltrek.

Maar die Korpus Kaaps-Hollandse Korrespondensie wat deur Deumert aan deeglike analise onderwerp is, vertel 'n heel ander verhaal:

- (a) Die linguistiese gedrag van die skrywers vertoon sowel polarisering as kontinuïteit. Twee groot klusters aan beide kante van 'n variasiespektrum kom uit die data te voorskyn. Ongeveer een derde van die skrywers hou hulle streng aan die norme van Nederlands en vervoeg die werkwoord byna sonder uitsondering. Aan die ander uiteinde van die spektrum konformeer ongeveer een kwart

aan die ontluikende Afrikaanse standaard met byna algehele verlies van persoons- en getalsfleksie. Variasie is niemendien opvallend en ongeveer die helfte van die skrywers bevind hulle in die middenveld en hul taalgebruik kan met nog die Nederlandse norm nog die ontluikende nuwe Afrikaanse norm versoen word.

- (b) Wat die werkwoordsfleksie betref, is daar voorts 'n statisties beduidende verskil in reduksie afhangende van werkwoordklasse. Veral die verskil tussen die modale, die hulpwerkwoord *hebben* en hoofwerkwoorde aan die een kant en *zijn* en die kategorie *gaan*, *staan*, *slaan*, *doen* en *zien* aan die ander kant. Dat hierdie toestand nog tot laat in die twintigste eeu stand gehou het onder ouer sprekers blyk uit die werk van Grebe (1997: 206-207 & 2004: 70-76) asook uit ouer Afrikaanse grammatikas (Malherbe, 1917: 54-56 e.a.). Malherbe vermeld dat selfs by wisselvorme soos *klaag/kla(e)* die vorme op -g ongebruiklik in die infinitief is. Ook die werkwoord *word* het vroeër die infinitiefvorm *worde* gehad,
- (c) Anders as in die geval van vroeër Kaapse tekste is daar geen statisties beduidende verskil tussen enkelvoud en meervoud nie – by die hoofwerkwoorde vertoon 57% in die enkelvoud en 53% in die meervoud infleksiereduksie.

As daar in die ontwikkeling van Afrikaans dus uitgegaan word van die tradisionele datering vir die verlies van persoons- en getalsonderskeidinge in die teenwoordigetydsparadigma synde tussen 1750 en 1775, is die talrykheid aan variasievorme in die Korpus Kaaps-Hollandse Korrespondensie dus verrassend. Deumert (2004: 145 & 155) wys daarop dat die filoloë en enkele andere hierdie variasie toegeskrywe het aan 'n toestand van diglossie waar gewissel is tussen 'n metropolitaanse Standaardnederlands en 'n stabiele Kaaps-Hollandse vernakulêr wat die gevolg was van die invloed van die kerk en 'n steeds verbeterende skoolstelsel waarin metropolitaanse Nederlands steeds belangriker geword het. Sy betwyfel hierdie siening daar die voorkoms van die wanaanwending van infleksie (d.w.s. hiperkorreksie) skaars is in historiese bronne. Trudgill (1996) asook Bailey (1980: 245) meen dat in die afwesigheid van hiperkorrekte vorme waargenome variasie geïnterpreteer kan word as synde "a permanent and continuing feature" van daardie taal of dialek. Teen ongeveer 1900 was die sisteem van werkwoordsverbuiging dus nog onvas en het dit gevareer op 'n kontinuum tussen Nederlands en moderne Afrikaans.<sup>1</sup>

### 3.3.2 Nie-2

In Moderne Standaardafrikaans is dit een van die opvallendste kenmerke waarin Afrikaans van Nederlands verskil. Tog kom Nie-2 byna nie in die Korpus Kaaps-Hollandse Korrespondensie voor nie; slegs in 21% van gevalle (363 uit 1746). Die spreiding van Nie-2 wat betref die onderskeie skrywers, is ook uiterst vreemd. Net een derde gebruik die konstruksie soms wel. Vir geen van die skrywers was hierdie konstruksie die kategoriese norm nie. Diegene wat dit egter wel soms

gebruik, wend dit volkome in ooreenstemming met die struktuur van moderne Standaardafrikaans aan.

Teen die agtergrond van wat hierbo vermeld is, is die insluiting van Nie-2 in die ontwikkelende standaardtaal dus verwonderlik, veral gegewe die assosiasie daarvan met die substraatgemeenskap en dat dit gevvolglik geen overte prestige gehad het nie en boonop slegs sporadies in die meso- en akrolektiese variëteite voorgekom het. Maar nou is dit juis hierdie sosiale en stilistiese (emfatiese) kenmerke van Nie-2 wat gesorg het vir die insluiting daarvan in die nuwe standaardtaal. Die sosiolinguistiese eenheid van Nie-2 het kennelik die deurslag gegee. Simbolies het dit die nuwe standaardtaal beklee as behorende tot die volk in teenstelling tot Nederlands. Die nuwe standaardtaal moes dus wat bepaalde kenmerke betref, doelbewus met die ou koloniale standaard kontrasteer. Hierdie vereenselwiging van Nie-2 met die eerlike Afrikaanse boer en landvolk het sy wortels reeds in die populêre dialekskryftradisie uit die 1850's. Maar deur die reëlmataige en vaste struktuur van die konstruksie wat reeds deur die grammaticas van die GRA vasgelê is, kontrasteer dit tog weer met die variabele en gemengde variëteite van die gekleurde en sosiale onderklasse.

#### 4. Tot slot

Die sentrale argument van Deumert is dus dat taalverandering aan die Kaap nie geleei het tot 'n rigiede sisteem van diglossie met Nederlands en die akrolektiese variëteite daarvan as *Hoë Variëteit* en die basilektiese Kaaps-Hollands as die *Lae Variëteit* elk met sy eie domein nie. Die verheffing van Afrikaans tot standaardtaal was dus veel meer as die verplasing van Nederlands deur die lae variëteit daarvan in die vorm van Afrikaans wat reeds sinds honderd jaar vantevore as 't ware daarop lê en wag het. Die taalstratifikasie (sosiaal, geografies en etnies) was volgens Deumert veel kompleksier en 'n wye spektrum van variasie en spreekwyses het aan die Kaap ontwikkel en stand gehou tot selfs in die vroeë jare van die twintigste eeu.

Hieruit is deur 'n proses van fokussering en seleksie vanweë bepaalde sosiale en politieke ontwikkelinge aan die Kaap 'n nuwe standaardtaal "gekonstrueer" om as draer van bepaalde politieke en sosiale ideale te dien en doelbewus met metropolitaanse Nederlands te kontrasteer. In hierdie opsig was daar dus wel 'n proses van versmelting en uitloping gaande.

## Bronnelys

- Bailey, C.-J.** 1980. Conceptualizing dialects as implicational constellations rather than as entities bounded by diaglossic bundles. In: Göschel, P. Ivic & K. Kehr (eds.): 234-272.
- Botha, T.J.R. (red.).** 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Kaapstad: Academica.
- Den Besten, H.** 1989. From Khoekhoen foreigntalk via Hottentot Dutch to Afrikaans: the creation of a novel grammar. In Pütz, M. & R. Dirven (eds.): 207-249.
- Deumert, A. & W. Vandenbussche (eds.).** 2003. *Germanic Standardization. Past to Present* [IMPACT: Studies in Language and Society 18]. Amsterdam: John Benjamins.
- Deumert, A.** 2004. *Language Standardization and Language Change. The dynamics of Cape Dutch*. Amsterdam: John Benjamins.
- De Villiers, Meyer.** 1987. *Afrikaanse Klankleer*. Hersien deur F.A. Ponelis. Kaapstad: Tafelberg.
- Du Plessis, H.** 1987a. *Aspekte van Suidwes-Afrikaans met spesifieke verwysing na die Afrikaans van die Van der Merwes*. Pretoria: RGN-verslag.
- Du Plessis, H. & T. du Plessis.** 1987b. Afrikaans en taalpolitiek. Pretoria: HAUM.
- Göschel, P. Ivic & K. Kehr (eds.).** 1980. *Dialekt und Dialektologie. Ergebnisse des Internationalen Symposiums 'Zur Theorie des Dialekts' Mahrburg/Lahn, 5-10 September 1977*.
- Grebe, H.P.** 1997. *Die historiografie van Afrikaans in heroënskou*. D.Litt-proefschrift. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Grebe, H.P.** 2004. Onder de stolp van de tijd vandaan: een voorstudie naar de standaardisering van Afrikaans. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 11(1): 65-81.
- Kannemeyer, J.C.** 1984. *Geschiedenis van die Afrikaanse literatuur (tweede uitgawe)*. Volume Een. Pretoria: Academica.
- Klemola, M. Kytö & M. Rissanen (eds.).** 1996. *Speech Past and Present. Studies in English Dialectology of Ossi Ihalainen*. Frankfurt/M.: Peter Lang.
- LePage, R.B.** 1988. Some premises concerning the standardization of languages, with special reference to Caribbean Creole English. *International Journal of Sociology of Language*, 71: 25-36.
- Mesthrie, R.** 1995. *Language and Social History: Studies in South African Sociolinguistics*. Kaapstad: David Philips Publishers.
- Ponelis, F.A.** 1987. Die eenheid van die Afrikaanse taalgemeenskap. In: Du Plessis, H. & T. du Plessis (eds.): 3-15.
- Pütz, M. & R. Dirven.** 1989. *Wheels within Wheels*. Frankfurt am Main: Peter Lang.

- Raidt, E.** 1983. *Einführung in Geschichte und Struktur des Afrikaans*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Roberge, P.T.** 1995. The Formation of Afrikaans. In Mesthrie, R. (red.): 68-88.
- Roberge, P.T.** 2003. Afrikaans. In: Deumert, A. & W. Vandenbussche (eds.): 15-40.
- Trudgill, P.** 1996. Language contact and inherent variability. The absence of hypercorrection in East Anglian present-tense forms. In Klemola, M. & M. Rissanen (eds.): 412-325.
- Van Rensburg, M.C.J.** 1984. *Die Afrikaans van die Griekwas in die tagtigerjare*. Pretoria: RGN-verslag.
- Van Rensburg, M.C.J.** 1989. Soorte Afrikaans. In Botha, T.J.R.: 436-467.
- Van Rensburg, M.C.J.** 1990. *Taalvariëteite en die wording van Afrikaans in Afrika*. Bloemfontein: Patmos.

## Note

<sup>1</sup> Tog sou die data vir die verdwyning van fleksievorme soos deur die filoloë vasgestel, wel iets moet beteken. Dit sou kan dui op die vermoedelik reeds frekwente voorkoms van 'n 'Afrikaanse' variant in die spreektaal om gevvolglik ook sy teenwoordigheid in die geskrewe taal kenbaar te maak soos in die teenoorgestelde geval by die verdwyning van die preteritum waar 'n aantal sterk en onreëlmatige preterita nog betreklik laat in die spreektaal stand gehou het, selfs al het dit byna heeltemal uit die skryftaal verdwyn.

# **“Veral ons Vrystaters sal u daarvoor dankbaar bly.” Die ontvangs van Anna Barry se Boereoorlogdagboek *Ons Japie* (1960)<sup>1</sup>**

**Ena Jansen**

*In a previous article<sup>2</sup> I gave a detailed account of the circumstances under which the teenage girl Anna Barry kept a diary during the Anglo-Boer War (1899-1902). The fate and decisions of male family members determined Anna's sense of identity to a large extent. Her brother Japie died in a prisoner of war camp on Ceylon, but her father swore the oath of allegiance to the British and then crossed the border into Basutoland. His wife and daughters later joined him. The Barry family returned to their Ficksburg farm after the war but suffered the humiliation of being branded as “hensoppers”, traitors to the Boer cause. In the previous article I used Pierre Bourdieu's terminology to discuss two so-called “moments of telling” of Ons Japie: the time during which the diary was written (1899-1902) and the time of publication (1960). To correspond with the two “moments of telling” I now distinguish “two moments of response” to the diary and consider how these responses might have influenced or corresponded with the author's sense of identity. Especially the second moment, the weeks surrounding the publication of the diary in 1960, is important with regards to my hypothesis that Anna Barry sought to gain restitution for her family through the act of publication.*

## **1. Agtergrond**

In 1960 is Anna Barry (1884-1964) se dagboek oor haar ervarings tydens die Anglo-Boereoorlog vir die eerste keer gepubliseer. Veertig jaar later – toe talle egodokumente uit daardie tyd heruitgegee is – is hierdie besondere dagboek waarvan baie min mense kennis dra egter so goed as geïgnoreer. *Ons Japie* is deur enkele ondersoekers en bloemlesers gebruik as 'n bron van informasie oor die oorlog,<sup>3</sup> maar die vraag is tot nog toe nie gestel waarom dit so lank geduur het voordat Anna Barry haar dagboek gepubliseer het nie. Omdat Barry lid was van 'n “hensopper”-gesin, meen ek dat reaksies op haar dagboek belangrike insigte kan verskaf in ons persepsies oor verskuiwende identiteite in oorgangstye. Ek gee in hierdie artikel daarom uitgebred aandag aan die ontvangs van *Ons Japie* in kombinasie met sowel die jong dagboekhouer as die 75-jarige gepubliseerde oueur se menings oor die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing tydens en kort na die oorlog. Barry is, soos ons almal, “born into webs of interlocution or narrative, from familial and gender narratives to linguistic ones

and to the macronarratives of collective identity" (Benhabib, 2002: 15). My artikel is 'n poging om hierdie webbe te ontrafel en is daarom deels die verslag van bronne-onderzoek en deels spekulatief oor die betekenis wat Barry moontlik ontleen het aan reaksies op die uiteindelike publikasie van haar dagboek. Min gegewens is beskikbaar om die koppeling tussen die dagboek en my veronderstellings oor die oueur se identiteit "hard" te maak. Tog is dit 'n fassinerende soektog en ek verstrek eers agtergrondgegewens.

"Ek het besluit om 'n dagboek te hou want daar is sterk gerugte van oorlog teen Engeland en as ons in 'n oorlog gedompel word, sal daar dinge gebeur wat van groot historiese belang sal wees." Met hierdie sin begin die meisie Anna Barry haar dagboek op 29 September 1899. Sy het toe sopas 15 jaar oud geword. Ongeveer tien dae later breek die Anglo-Boereoorlog uit. Al die manlike familielede veg aan Boerekant en het meestal hoë range. Binne die eerste jaar van die oorlog is haar onverskrokke broer Japie as krygsgevangene weggevoer na Ceylon waar hy op 23 Desember 1900 sterf aan ingewandekoors. Haar vader en ooms het dan egter reeds in Julie 1900 die eed van neutraliteit afgelê. Haar vader het met sy vee na Basoetoland getrek waar Anna, haar susters en moeder hulle later by hom aangesluit het.

Terwyl die meeste egodokumente van Boerevroue oor hulle kampervaringe handel (Jansen, 1999), bepaal die vertroude familieplaas Abrikooskop vir 'n groot gedeelte van die oorlog Anna se waarnemingsposisie. Die plaas is geleë hoog teen die hang van een van die mooi sandsteenformasies in die Oos-Vrystaatse distrik Ficksburg met 'n uitsig op gebiede waar veldslae plaasgevind het. Anna Barry se dagboek is dus nie slegs 'n intieme toevoeging tot die meervoudige weergawes van die oorlogsgebeure nie, maar bowendien 'n ryk historiese bron omdat dit so 'n duidelike beeld gee van die omstandighede in die Oos-Vrystaat tydens die oorlog. Die feit dat Abrikooskop slegs enkele kilometers buite Ficksburg geleë is, met die Caledonrivier, die grens tussen die Vrystaat en Basoetoland, lonkend digby, was van ingrypende belang vir die verloop van die Barry-gesin se lewens. Dit het allerlei moontlikhede geskep wat sou bydra tot die keuses wat Anna se vader en ooms gemaak het om ná hulle aanvanklik entoesiastiese deelname aan die oorlog gou reeds te "hensop" en oor die rivier na Basoetoland te vlug. Die Barrys se enigste seun, haar geliefde broer Japie, het weliswaar op Ceylon in 'n krygsgevangenkamp gesterf, maar die gesin het verder so goed as ongedeerd met al hulle vee teruggekeer na Abrikooskop. Die plaashuis was wel verniel, maar kon weer opgebou word. Anna was baie bewus van die familie se gekompromiteerde posisie en het na die Vrede van Vereeniging geskryf (Barry, 1960: 96): "Die gruwelike oorlog sal nog baie wrang vrugte dra en daar sal 'n ongekende verdeling ontstaan onder die Boerebevolking op die platteland." Sy verneem van "Bitterreinders" en "wilde Boere" wat besluit het om 'n spesiale knopie te dra wat hulle van die "hensoppers", die "vlugtelinge" en die "Khaki-boere" of "National

Scouts" sal onderskei. Anna skryf op 27 Oktober 1902 hieroor: "Dit is baie jammer want ons moet tog almal saam worstel om ons land weer op te bou en ons kan dit nie doen as ons verdeeld is nie. O, die vloek wat die oorlog nalaat!" (Barry, 1960: 109).<sup>4</sup>

In my eerste artikel oor Anna Barry (Jansen, 2003) maak ek 'n onderskeid tussen die sogenaamde eerste vertelmoment daarvan en die tweede vertelmoment (sien Bourdieu, 1986: 69-72), dus tussen die omstandighede waaronder Anna haar dagboek geskryf het in 1899-1902 en die verwerking daarvan tot 'n manuskrip wat deur Afrikaanse Pers-Boekhandel gepubliseer is as *Ons Japie* in 1960. Benewens 'n navertelling van die chronologiese inhoud van die dagboek gee ek in daardie artikel aandag aan genderkwessies en verstrek besonderhede oor die omstandighede waaronder Vrystaters na Basoetoland uitgewyk en daar geleef het. Anna was aanvanklik 'n onbevange verteller, maar na afloop van die oorlog was sy akuut daarvan bewus dat "ons samelewing nog ingewikkelder gemaak word" deur die verdeeldheid tussen "bittereinders" en "hensoppers", tussen Engels- en Afrikaanssprekendes en dat haar eie subjek-posisie sterk bepaal sal word deur die keuses en lotgevalle van haar vader, broer en ander manlike familielede (Barry, 1960: 109, 114). Die konklusie van my eerste artikel (Jansen, 2003: 261) was:

Deur twee vertelmomente van Anna Barry se dagboek te onderskei, wil ek aantoon dat sy in 1960 'n ander beeld of mite van haar familie kon skep as wat moontlik was direk na afloop van die oorlog. Sestig jaar ná die eerste vertelmoment struktureer sy 'n kader waaruit haar soekte na eenheid of kohesie duidelik blyk, iets wat volgens teoretici soos Gilroy (1997) en Woodward (1997) tipies van selfrepresentasie is. Met hierdie kader, bestaande uit titel, bylaes en foto's, slaag Anna Barry daarin om eerherstel vir die familie te beding sonder dat sy haar familie se ingewikelde rol en posisie tydens die oorlog in die hoofteks verdoesel. Deur haar opgetekende verslag [...] beding Anna Barry uiteindelik vir haarself en die hele gesin 'n plek in die geskrewe geskiedenis, op die kruispunt tussen die private en die openbare terrein, die persoonlike en die politieke.

Hoe algemeen bekend dit was dat Anna Barry 'n dagboek gehou het, is moeilik om vas te stel, maar talle mense het wel deur die jare daarin insae gehad.<sup>5</sup> Wat my interesseer is waarom sy sestig jaar gewag het om dit te publiseer. Dit is dan ook die rede waarom ek Ken Plummer (2001: 41) se vrae relevant vind:

[H]ow [is] the telling of a tale [...] very much the product of a culture? [...] just why do people tell the stories of their lives? What makes them tell their stories in particular kinds of ways? Would they tell them differently – or not at all – in different times and places? [...] [W]hat happens to the story once it is told – what role does it play in the social world, and for how long? Is there "an afterlife of a life story", a life that it takes on of its own with real

consequences for those around it – maybe those included in the story, but not in the telling of it? [...] [O]nce life stories are seen as topics, a whole new set of self-conscious questions about the construction, organization and reception of life stories comes into play. To put it complexly, we now confront “a constructed understanding of the constructed native’s constructed point of view”.

In hierdie artikel probeer ek antwoorde vind op hierdie vrae.

## 2. Omstandighede in die distrik Ficksburg kort na 1902

Voordat ek in 'n volgende afdeling beskryf hoe die dagboek uiteindelik gekonstrueer en ontvang is as boek, is dit belangrik om met hierdie vrae in gedagte te probeer vasstel watter effek die afloop van die oorlog op Anna Barry gehad het. Waarskynlik het gesinsbedrywighede, maar ook 'n afkeer om gekonfronteer te word met die moeilike inhoud van haar dagboek sowel Anna as haar gesinslede daarvan weerhou om kort na die oorlog veel aandag daaraan te gee. Vrede is op 31 Mei 1902 gesluit en die gesin Barry, uiteraard sonder die oorlede Japie, was op 23 Junie terug op Abrikooskop en het dadelik begin om die plaas weer op te bou (Barry, 1960: 96). Die gesinslede was hulle sterk daarvan bewus dat hulle verkwalik sou word vir die feit dat Tom Barry die eed van neutraliteit afgelê het en dat hulle veilig in Basoetoland kon wag tot die oorlog verby was, maar negatiewe gevoelens jeens hulle is skynbaar gou oorwin. So kom "Oom Johannes Reynecke" reeds op 26 Junie 1902 'n melkkoeileen en twee dae later 'n span osse om sy moeder by die konsentrasiekamp op Winburg te gaan haal. Anna skryf op 26 Junie: "Vader het aan hom gesê dat hy vreeslik graag oom Johannes se ouer broer Jan, sy ou vriend van voor die oorlog wil sien, maar dat hy nie weet wat die houding van die 'vegtende burgers' teenoor die 'vlugtelinge' sal wees nie." 'n Dag later skryf Anna met groot oplugting: "Oom Jan en oom Johannes Reynecke het toe waarlik vandag hier aangekom en die dag by ons deurgebring. Ons was so bly. Daar was soveel te vertel en hulle het sonder ophou gesels" (Barry, 1960: 99). Aan die bittereinders Fritz von Maltitz en Sarel du Plessis het Tom Barry ook melkkoeie geleen en op 8 Julie 1902 beskryf Anna besoek by hulle huis van onder meer 'n "wilde boer" wat toe net sy wapens neergelê het en boere wat pas uit krygsgevange- of konsentrasiekampe teruggekeer het. "Daar het 'n mens nou 'n voorbeeld van die mengelmoes waaruit ons samelewing gaan bestaan" (Barry, 1960: 101). Kort daarna beskryf Anna 'n besoek van die Radloffs aan hulle toe ook die gesin Wille opdaag: "Dit was 'n baie delikate situasie want as gevolg van hulle onderskeie optrede in die oorlog, wil hulle niks met mekaar te doen hê nie. Aan die ander kant is albei families sulke goeie vriende van ons. Dit is moeilik om te aanvaar dat die oorlog so 'n skeuring in ons gemeenskap gebring het en dat

die vreedsame samelewing van die vooroorlogse dae vernietig is" (Barry, 1960: 110).<sup>6</sup>

Anna het dit dikwels tydens die oorlog betreur dat haar skoolopleiding onderbreek is. Op 5 September 1902 skryf sy: "Vandag is ek agtien jaar oud, en ek vrees my skooldae is verby, maar ek is nog altyd baie gretig om onderwys te ontvang want my ongeletterdheid hinder my" (Barry, 1960: 106). Sy was dan ook verheug toe haar vader vir hulle "plek gekry het in die Bellevue Seminary in Somerset-Oos, die sewende skool waarheen hy aansoek gedoen het" (Barry, 1960: 111). Die dagboek eindig op 13 Januarie 1903. My vermoede is dat die Barry-gesinslede op allerlei konkrete maniere hulle lewens hervat het en dat dit 'n belangrike rede was waarom Anna dekades lank nooit sover gekom het om haar dagboek te publiseer nie. Tom Barry en sy vrou is met verloop van tyd volledig opgeneem in die komplekse na-oorlogse samelewing en het in die Ficksburg-distrik weer hoogaangeskrewe lede van die landbougemeenskap geword. Hulle het allerlei konkrete aksies onderneem, ook om hulle seun Japie te gedenk deur die "Japie Barry Nursing Home" aan die dorp te skenk.<sup>7</sup> Anna is in 1908 getroud met die gesiene prokureur Charlie Reitz.<sup>8</sup> Hulle het twee seuns en 'n dogter gehad en sy het die res van haar lewe in Bloemfontein gewoon.

Uit niiks blyk dat Anna Barry die bestaan van haar dagboek geheim gehou het terwyl sy dit geskryf het of daarna nie. Vir haar was die dagboek eerder 'n familiedokument as 'n introspektiewe ego-dokument en sy het dit skynbaar as haar plig beskou om haar persoonlike verslag van die oorlogsjare "vir die nageslag" te bewaar. Anna skryf in die "Ter inleiding": "My moeder het die dagboek eers jare na die oorlog gelees en ek moes haar belowe dat ek dit in 'n leesbare vorm sou oorskryf sodat ons familie dit as 'n nagedagtenis aan my broer kon hê. Dit het ek onlangs gedoen sonder om aan die wese of die inhoud te torring." Die manuskrip is dus gekoester deur die familie en Anna beskryf in die inleiding haar dagboek as "hierdie dagverhaal van die lotgevalle van die huisgesin Barry in die jare 1899-1902". Alhoewel Barry se dagboek slegs drie jeugjare van haar lewe behels, was dit 'n konstante aanwesigheid in haar lewe en is dit in dié sin 'n "document of life" (Plummer, 2001: 1) en het dit "unfinished business" gebly totdat sy dit dekades later gepubliseer het. Dit is trouens opvallend dat Trudie Kestell in die "Woord vooraf" skryf: "Merkwaardig dat die jong meisie dit volgehou het om die dagboek te skrywe", maar haar grootste lof bewaar vir die feit dat Anna al die los bladsye bewerk het om die tweede vertelmoment in vervulling te kan laat gaan: "dit moes 'n reuse taak gewees het om dit oor te skryf." Dat dit inderdaad 'n moeilike proses was om die dagboek toeganklik te maak, kan enigiemand wat die geskeurde fragmente en die kruis en dwars beskrewen bladsye en runderpesvorms in die Vrystaatse Argiefbewaarplek gesien het, onderskryf.<sup>10</sup>

Die ontvangs van "life stories" is volgens Plummer a "crucial process in understanding stories" (2001: 42). Hy benadruk daarom die "sociale reaksies" van

lesers: "Reading is a social act that depends on time, place, contexts: so readings change with theses. Sometimes people can be brought to outrage and sometimes to better understanding" (Plummer, 2001: 42). Volgens my het Anna Barry kort na die oorlog baie goed besef dat min mense haar verhaal aanvaarbaar sou vind en dat dit selfs aanstoot sou gee, tot "outrage" sou lei. In 1960 was sy egter duidelik tevrede en trots toe *Ons Japie* uiteindelik verskyn het. Insig in die veranderende post-Boereoorlog sentimente in die Vrystaat bied 'n verklaring vir die kontras tussen die eerste en tweede vertel- en ontvangsmomente van die dagboek.

### **3. Omstandighede in Bloemfontein tussen 1902 en die publikasie van *Ons Japie* in 1960**

Toe Anna Barry haar dagboek op 75-jarige leeftyd gepubliseer het, was sy reeds jare lank woonagtig in Bloemfontein. Uit talle bronne (o.a. Schoeman, 1980 en 1987: 669-670) kan 'n mens aflei dat sy en haar man Charlie Reitz 'n vol en bedrywige lewe gelei het. Reitz was 'n broerskind van die voormalige president F.W. Reitz en sekretaris van die "skadukabinet" van president Steyn. Hy het deelgeneem aan belangrike veldslae soos Magersfontein en Modderfontein en alhoewel ook hy die eed van neutraliteit afgelê het toe Bloemfontein beset is, was die omstandighede waaronder hy dit gedoen het, duidelik minder kompromitterend as in die geval van Anna se vader en ooms. Oom Tom Barry het self kort na die oorlog weer 'n leidende figuur in sy gemeenskap geword, maar ook Charlie Reitz het 'n invloedryke rol gehad in Bloemfontein, 'n stad waarin geskille tussen Engelse en Afrikaners reeds kort na die Boereoorlog oorbrug is. Wat dit betref, is daar skynbaar heelwat ooreenkomste met die situasie in Ficksburg.

Schoeman (1980: 270) skryf: "In die herinnerings van ou Bloemfonteiners wat op die jare tussen die [twee wêreld-]oorloë terugblik, word die gebrek aan wrywing tussen die twee Blanke taalgroepe herhaaldelik genoem. Die toenemende behoefté aan versoening het in 1920 reeds gestalte gekry toe 'n herenigings-kongres van die twee groot politieke partye in Bloemfontein gereël is." Hieruit kan 'n mens aflei dat ook die bittereinder/hensopper-vete toe nog slegs in geringe mate aanwesig was. Schoeman (1980: 270) skryf in sy geskiedenis van Bloemfontein dat die "eensame stryd vir Afrikaans en Afrikanernasionalisme" wat die *Die Volksblad* gevoer het eintlik "'n sinlose en vergeefse stryd" was, "want die bitterheid wat Afrikaans- en Engelssprekendes na die Anglo-Boereoorlog verdeel het, was besig om te verdwyn, soos met die prins van Wallis se besoek reeds geblyk het, en veral in Bloemfontein was dit die geval." Prinses Alice het oor die besoek geskryf: "To our surprise [...] we discovered [...] that relations between the two White races appeared to be more friendly than in most other places." Charlie Reitz het selfs in 'n verwelkomingstoespraak aan Britse besoekers verklaar dat "we are all one big family under the British Empire, and it is time we

got to know each other well" (aangehaal deur Schoeman, 1980: 270). In hierdie jare het die Reitz-egpaar duidelik tot die elite van die stad behoort en Reitz was 'n belangrike skakelfiguur in die gemeenskap. Hy het 'n prominente rol op regsgebied en in die Bloemfonteinse sakelewe gespeel en was bestuurslid van talle sowel "Engelse" as "Afrikaanse" maatskappye, byvoorbeeld van die dagblad *The Friend* (as voorsitter van die bestuur van 1915 tot 1958) én die begrafnisonderneming AVBOB. Dit is belangrik om Reitz se posisie te benadruk omdat dit van invloed sou gewees het op sy vrou se gevoel van eiewaarde in die lig van haar vrees in 1902 dat die skeuring tussen verskillende inwoners van die land bitter en lank sou wees. Daarom vermoed ek dat daar by Anna in daardie jare weinig behoeftie was om na 'n soort openbare "eerherstel" vir die Barrys te streef deur haar dagboek te publiseer. Uit haar korrespondensie weet ons dat sy, wat haar dagboek in Engels begin skryf het, maar oorgeslaan het na Nederlands, met onder andere haar seuns slegs in Engels gekorrespondeer het en tot die Engelssprekende gedeelte van die gemeenskap gereken is.<sup>11</sup>

Bloemfontein het in die dertigerjare opvallend verafrikaans, 'n situasie wat moontlik nie so positief beoordeel is deur Anna en Charlie Reitz wat albei tot die ou geslag Republikeins-gesinde maar later pro-Empire gematigde Bloemfonteiners gereken kon word nie. "Die snelle voortgang van die Bloemfonteinse Afrikaner tydens die dertigerjare moet seker in 'n groot mate toegeskryf word aan die invloed wat [die Afrikaner-Broederbond] agter die skerms uitgeoefen het," skryf Schoeman (1980: 273). Daar was volgens hom "n toenemende aggressiwiteit van die stad se Afrikaners" en tydens die Ossewafees van 1938 is enkele straatname verander (St. Johnstraat en Hospitaalweg is herdoop tot Voortrekker- en Andries Pretoriusstraat). "Ou Bloemfonteiners" het later gekla dat hulle soos vreemdelinge in hulle eie stad gevoel het. "Die fees was verby, maar die lewe in Bloemfontein het 'n nuwe rigting ingeslaan" (Schoeman, 1980: 279). In 1945 het Afrikaners beheer oor die stadsraad gekry en toe die stad sy eeufees in 1946 vier "was die heerskappy van die Engelssprekendes [...] reeds beëindig en hulle was magteloos teenoor die opkomende gety van Afrikaanse nasionalisme" (Schoeman, 1980: 300). In 1948 het die Nasionale Party-regering aan bewind gekom en het die politieke aandag landswyd maar ook in Bloemfontein verskuif na die ras-politiek. "By die Swartes het selfbewussyn en gevolglike ontevredenheid toegeneem soos by die Afrikaners in hulle eie besondere situasie, en ook hier het militansie na vore begin tree – waarmee die breë ooreenkoms tussen die twee groepe egter eindig," skryf Schoeman (1980: 279; sien ook 279-291).

Aan die einde van die vyftigerjare was daar landwyd opstand teen die apartheidsregering en spesifiek in 1960 het Suid-Afrika 'n roerige tyd beleef. Botsings tussen swart nasionalistiese groeperings en die Verwoerd-regering het tot 'n krisis geleid toe sowel die ANC as die PAC grootskeepse protesveldtogte teen die Paswette aangekondig het. Op 20 Maart word 67 paswetdemonstrante by

Sharpeville doodgeskiet. Vroeg in April word sowel die ANC as die PAC verbode en oorleef H.F. Verwoerd op die Randse Paasskou 'n aanval op sy lewe. In Mei, net toe Anna Barry die eerste ses "specimen copies" van haar boek ontvang, vind die Uniefees op Bloemfontein plaas. In die lig van soveel teenstand teen die blanke regering was die Uniefees 'n belangrike poging om Engels/Afrikaanse vyandighede te versoen. 'n Jaar later het Suid-Afrika 'n Republiek geword. Die sogenoamde "swart gevaar"-probleem en internasionale isolasie het "laertrek" van alle blankes steeds meer noodsaklik gemaak.

Hermann Giliomee (2003: 519-532) skryf uitgebreid oor die jare nadat Verwoerd in 1958 aan bewind gekom het. Hy wys daarop dat Afrikaners in die derde kwartaal van 1960 vasgevang was in die entoesiasme wat gegenereer is deur die referendum oor republiekwording wat Verwoerd vir Oktober uitgeroep het. Volgens Giliomee (2003: 525) het Verwoerd aangevoel dat bykans alle Afrikaners 'n republiek sou ondersteun, so ook 'n minderheid van die Engelssprekendes. Verwoerd se argument was dat slegs 'n republiek wit eenheid kon bewerkstellig, iets wat hy as noodsaklik beskou het om 'n doeltreffende blanke front teen die "rasseprobleem" te vorm. Met 'n klein meerderheid van minder as 75 000 stemme vir 'n republiek het Verwoerd na sy referendum-oorwinning triomfantelik beweer dat die wittes nou 'n verenigde volk was: "The English-speaking and the Afrikaans-speaking sections have become like the new bride and bridegroom who enter upon the new life in love together and to live together as lifemates."<sup>12</sup>

"Ou Bloemfontein" het weliswaar in die persoon van Bram Fischer, die seun van Abraham Fischer (Charlie Reitz se werkgewer en vertroueling vanaf 1900 en ook steunpilaar van president Steyn) een van die grootste anti-apartheidshelde opgelewer, maar 'n mens kan verwag dat die meeste Bloemfonteinse blankes alles in hulle vermoë sou gedoen het om 'n verenigde front te vorm teen die dreigende "swart gevaar". Ek is daarom van mening dat die politieke situasie teen die laat jare vyftig 'n veel meer Afrikaner-nasionalistiese omlysting van Barry se dagboek-teks in die hand gewerk het as wat in vorige dekades die geval sou gewees het. Of Anna Barry dit hiermee eens was of haar dit bloot laat welgeval het om tog uiteindelik haar dagboek gepubliseer te kry, is 'n ope vraag. Te midde van alle roerige gebeure in 1960 het *Ons Japie* egter wel verskyn. Op 20 Mei 1960 skryf Anna Barry aan een van haar seuns (A553, dokument 2): "At long last the first ½ dozen specimen copies of *Ons Japie* have arrived & I am today posting one to each of you children."

Karel Schoeman (2002) se opmerkings oor hierdie tyd is insiggewend. Nie alleen het hy in Mei 1960 in Bloemfontein gewoon waar Anna Barry haar hele getroude lewe deurgebring het nie, maar hy en sy moeder het self 'n kleinerige huis gekoop in dieselfde Koning Eduardweg waar Anna Barry met haar man Charlie Reitz gewoon het.<sup>13</sup> Schoeman skryf in *Die laaste Afrikaanse boek* (2002) dat hy aan die einde van die vyftigerjare vir die eerste keer meer te make gekry

het met die Engelssprekende Suid-Afrikaners van Bloemfontein. Soos bekend was die familie van sy ma van Nederlandse herkoms. Schoeman (2002: 258) skryf:

Hier tydens my universiteitsjare het ek [...] nog die ou vooroorlogse Bloemfontein leer ken, soos beliggaam nie slegs in sy ou geboue nie, maar ook in sy mense, want die bekende name in die stad was nog grotendeels dié uit die republikeinse tyd: so het Charlie Reitz, broerskind van die President, byvoorbeeld 'n groot ou huis in Koning Eduardweg bewoon, en op die hoek oorkant die Klipkerk in Aliwalstraat was die woonhuis, oordek met bloureën, van dr. Bidwell, 'n Engelsman wat in die Boereoorlog as geneesheer by die Boere gedien het en met een van die Fichardts getroud is.

Dit is opvallend dat Schoeman nêrens (1980, 1987 of 2002) Anna Barry se naam noem nie ondanks die feit dat hy in 1984 die Reitz/Barry-argief namens hulle seun aan die Vrystaatse Argiefbewaarplek oorgedra het. Schoeman het "ses of sewe maande lank" vir die Uniefeeskomitee gewerk en uitgebreid daaroor vertel in *Die laaste Afrikaanse boek* (2002: 303). Oor die Engels/Afrikaanse verhoudinge in die stad skryf Schoeman: "In feite was die Uniefees sover dit die Bloemfonteinse vierings betref, in die hande van Afrikaners en het dit die vorm van 'n Afrikaner-byeenkoms aangeneem, watter gebare van algemene welwillendheid daar pligmatisch in ander rigtings gemaak is" (2002: 303). Die "enkele Engelssprekendes" onder die feesvierders het op Schoeman "altyd 'n half verdwaalde indruk gemaak, wat moontlik juis genoeg was, want die uitskuwing van die Engelssprekendes was 'n betreklik onlangse proses" (Schoeman, 2002: 304). Hy vertel onder meer van die "ambisies, vetes, gekonkel en geknoei van die Afrikaanssprekende blanke mans" (2002: 304) en hy verwys ook na Trudie Kestell en J.J. Oberholster, twee van die mense wat belangrike rol gespeel het in die publikasie van Barry se dagboek. Hulle was ook betrokke by die Feeskomitee.

Omniddellik na die oorlog sou geen bittereinder 'n boek soos *Ons Japie* wou inlei nie, maar in 1960 skryf Trudie Kestell, die toe reeds bejaarde dogter van die beroemde bittereinder-dominee J.D. Kestell wat na die oorlog predikant op Ficksburg was, dat dit vir haar 'n "eer" was om aan Anna se "versoek" te voldoen.<sup>14</sup> Haar "Woord vooraf" is impressionisties, selfs naïef en sentimenteel. Die boek word in 'n versoenende vertoog ingebed wanneer Kestell besluit met die sin: "My bede is dat dit hartlik ontvang sal word."

In hoeverre Anna Barry self die inisiatief geneem het met die omlysting van haar teks deur onder meer hierdie "Woord vooraf" aan te vra, kon ek nie vasstel nie. Uit 'n brief (A553, dokument 5) van haar seun Barry kan 'n mens aflei dat heelwat inmenging aan die publikasie vooraf gegaan het en dat Anna dit moontlik anders sou verkieks het. Hy skryf immers op 24 Mei 1960 aan haar:

Congratulations, it is a lovely little book, issued at just the right time. It should enjoy great popularity amongst the real people of our country, for I do believe you have managed to keep the basic character of the "Dagboek" despite the many hands laid on it and the ideas offered so freely by conflicting interests. You must have found it very difficult to resist the lots of advisory elements which cropped up during the preparation for publication over the last 3 years. Truly a great piece of work in the face of quite some adversity in the past year or so.

Dit is hieruit duidelik dat *Ons Japie* as objek 'n "konstruksie" was waaraan talle persone meegewerk het. Die historikus dr. J.J. Oberholster van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat wat Anna in haar "Ter inleiding" bedank vir "die moeite wat hy geneem het om hierdie werk persklaar te maak," het waarskynlik die grootste rol in die publikasie gehad en haar verder veral met die Afrikaanse taalvorm gehelp (Jansen, 2003: 258). Schoeman (2002: 304) skryf dat hy 'n historikus was "van wie ek veel later eers besef het dat hy heelwat ruimer van gees was as die meerderheid van sy kollega's in daardie tyd van aggressiewe nasionalisme en tendensieuse geskiedskrywing."

#### 4. Die ontvangs van *Ons Japie* in 1960

Op watter manier het die lezers van *Ons Japie* in die lig van die ou "hensopper"/"Engelse kwessie" oor haar dagboekverhaal geoordeel? In die Reitz-argief A553 het ek reaksies van enkele tydgenootlike lezers gekry. Hulle sosiale of morele oordele sal, meen ek, 'n antwoord bied op my vraag na die impak van Anna Barry se *Ons Japie* en die moontlike effektiwiteit van die bedingingsmag wat dit sou kon gehad het om die familienaam te "suiwer" – indien dit is wat Anna Barry nagestreef het. 'n Onderskeid kan gemaak word tussen persoonlike reaksies en openbare reaksies.<sup>15</sup>

##### 4.1 Persoonlike reaksies

Anna Barry moes baie tevrede gewees het toe *Ons Japie* uiteindelik verskyn het en sy het self gesorg dat talle eksemplare versprei is. In 'n brief aan een van haar seuns skryf sy op 11 Junie 1960: "Have autographed more than 40 copies for sisters and friends" (A553, dokument 6). Daar is dan ook talle persoonlike bedankingsbriewe van haar seuns en ander familielede. Dit sluit briewe in van die Robertsonse neef Trelou Barry (A553, dokumente 7 en 9); van N. Hanekom uit Rowanstraat, Stellenbosch (waarskynlik verwant aan haar skoonseun) en van dr. S.H. Pellissier (A553, dokument 13). Verder is daar briewe van 'n jeugvriend Koos Reynike van Vrede na wie sy in die dagboek verwys as maat van Japie (A553, dokument 11) en van ds. G. de Vos van Hermanus (A553, dokument 12). Een van die mees persoonlike reaksies is van "Lilian" van "122 8<sup>th</sup> Street Linden,

Johannesburg" wat 'n brief skryf op 18 November 1960 (A553, dokument 10) nadat sy en haar man George pas by die Reitz-gesin gekuier en sy van Charlie die boek ontvang het. Sy rig haar tot "My dear Anna": "Your book has made a very profound impression on me. I was struck by the sincerity and the whole character of the writer. It is a book when you once start it you cannot put it down!" Dit is opvallend dat Lilian na die "writer" van die dagboek in die derde in plaas van die tweede persoon verwys – 'n duidelike teken dat sy gedeeltelik 'n verskil maak tussen die jong skryfster van die dagboek en die vriendin tot wie sy haar in die brief rig. Sy was emosioneel geroer: "I was also touched at all the episodes you wrote about Japie & shed a few tears throughout." 'n Reaksie wat vir Anna Reitz baie beteken het was dié van Goewerneur-generaal C.R. Swart (A553, dokument 3). Op 11 Junie 1960 skryf Anna aan haar ander "beloved Son" en stuur dan vir hom 'n weergawe van Swart se kommentaar. "The G.G.'s comment was due to our attending 'Het Bal' & I think I wrote you that we were the only couple that had been at the Pageant Ball [...] 50 years ago – were asked to lead the six Beauty Queens for their Presentation to His Ex. C.R. Swart.<sup>16</sup> He asked me to sit down & immediately asked after Aunt Hilda (he had been at school with her at Winburg) & then enquired after Aunt Tiny & my Parents. I was so surprised at his cordiality & interest that when he referred to the Boer War I had a sudden impulse to tell him about my War Diary 'Ons Japie' & he expressed a wish to read it. I had just received my specimen copies & I sent him one. I had a charming letter from him thanking me & praising the effort."

Die volgende dag al het sy vir hom een van die eerste ses eksemplare gestuur en enkele dae later ontvang sy 'n bedankingsbrief van hom op amptelike briefhoofpapier, gedateer 24 Mei 1960 (A553, dokument 3). Die toon daarvan is hartlik. Swart verwys daarna dat hy "die persone daarin genoem – u vader en moeder en susters – ook persoonlik geken het". Dan weer spreek die staatsman: "Dit is baie goed dat u die oorlogsdagboek op die wyse vir ons volk beskikbaar gemaak het en veral ons Vrystaters sal u daarvoor dankbaar bly."<sup>17</sup> Die onderskeid wat Swart maak tussen "ons volk" en "ons Vrystaters" interpreer ek teen die agtergrond van die grootskaalse "hensoppery" en vlug van gesiene Oos-Vrystaters na Basoetoland. Swart het waarskynlik gehoop dat *Ons Japie* wedersydse begrip sou bevorder en selfs die belade familiegeschiedenis van politieke kollega's soos die latere staatspresident Jim Fouché in 'n ander lig sou stel.<sup>18</sup> Dekades lank het die ou verdelings tussen "bittereinders" en "hensoppers" wat Anna Barry direk na afloop van die oorlog al opgemerk het, immers bly "deursudder".

Aan haar kinders het sy die ander "specimen copies" van haar boek op 20 Mei gepos. Daar is geen brief van haar dogter in die argief nie, maar Fritz stuur op 24 Mei 'n telegram uit Kaapstad (A553, dokument 4): "Many thanks for copy Ons Japie excellently got up and greatly improved by the editing reads very easily and naturally congratulations very proud of you = Fritz." Haar seun Barry van "14

Park Drive, Arcadia, Pretoria" bedank haar in 'n brief op 24 Mei 1960 (A553, dokument 5) waaruit eerder reeds uitgebreider aangehaal is: "My dear Mom, What a lovely surprise to get the autographed copy of 'Ons Japie' last night when I got back from work! (...) In fact I hesitated to ask about it since May '59 in case it had become a bugbear, and here you have quietly produced it in finest form! André [waarskynlik sy vrou wat volgens ander gegewens in die brief by die "varsity" werk – EJ] read half of it before I got hold of it and Alma [waarskynlik hulle dogter – EJ] is pretty well through it now, but I should finish it tonight and must say it reads very easily, more so to me I guess as it still is virtually like the typed draft you sent up to Salisbury. We shall be very proud of it always and prize it as a great family asset. I am sure also that Aunts Tiny and Hilda must be delighted with it also and overjoyed that it has come forth in their lifetime. Again our very best wishes for its circulation and thanks."<sup>19</sup>

Barry Reitz se brief oor die "great family asset" ondersteun my opvatting dat Anna Barry se dagboek as 'n familie-dokument bedoel en beskou is. Barry Reitz se verwysing na die publikasie van *Ons Japie* "at just the right time" spreek myns insiens ook boekdele. Hy sluit sy brief af met die hoop dat "all the *troubrous* times will produce a better life in due course for this country's inhabitants" waardeur hy 'n verband aanbring tussen die kompleksiteite van die tydperk waaraan sy moeder skryf en die probleme wat in die herfsmaande van 1960 so aktueel was. Wat dit betref, is haar dagboek 'n vermenging van 'n familie- en 'n landsgeskiedenis (sien Coullie e.a., 2006: 4).

## 4.2 'n Openbare reaksie in 1960

Anna Barry verwys in 'n brief van 11 Junie 1960 aan een van haar seuns (A553, dokument 6) na die "first review" wat sy sonder verdere kommentaar insluit ("Dad procured a few copies"). Dit is waarskynlik die rubriek "Stop van myne" deur "Renier" in *Die Volksblad* van 9 Junie 1960.<sup>20</sup> In Suid-Afrikaanse koerante het rubriekskrywers op hoofartikelbladsye dikwels baie invloed op die lesersgemeenskap; dink veral aan "Dawie" in *Die Burger*. Dit blyk dat Renier eerste-hand op hoogte is van C.R. Swart se reaksie op *Ons Japie* en sy kletserige tweekolom-rubriek is 'n aanduiding nie slegs van die belangstelling wat *Ons Japie* uitgelok het nie, maar ook van die kleinheid van Bloemfontein as gemeenskap.

Die titel van die rubriek "Stop van myne" – geillustreer met 'n twaksak en pyp – is 'n uitnodiging tot saam pyprook. Dit is gender-eksklusief; veronderstel immers 'n manlike Afrikaanse leserspubliek wat gemoedelik onder mekaar verkeer. Renier identifiseer homself net met 'n voornaam en sy handtekening benadruk die persoonlike aanslag. Hy doen homself gemaak-nederig voor, as iemand wat nie self tot "al die hoë geselskap" behoort nie. Maar dan is hy tog heel voor-op-die-wa met sy verwysing na sy gesprek met die goewerneur-

generaal, adv. Blackie Swart. Hy ken C.R. Swart kennelik so goed dat hy met stelligheid beweer: "Sy Eksellensie is een van die mees kritiese lezers wat ek al teengekom het." Hy praat van "oom Charlie" as een van sy "ou vriende" – iemand wie se "volksgetroouheid" kennelik bo verdenking staan. Die Boere-styl van gedeelde twaksak-kommunikasie word verder versterk deur die vanself-sprekendheid waarmee hy die woorde "oom" en "oukoppe" gebruik. Dit staan in skerp kontras tot die distansiërende verwysing na Reitz se vrou as "'n Engelse noointjie" en die feit dat hy haar "mev. Reitz" noem. Die toevoeging van "tant Anna" tussen hakies is 'n duidelike toegif; 'n deursigtige poging om haar tot die kring van sy intimi te verhef, tot sy voorstelling van wat die Boere-adel is.

Hierdie "eerherstel" word egter myns insiens deur die insinuerende slot-paragraaf byna te niet gedoen wanneer hy skamper verwys na Anna se oom Jan Keyter se plaasverkoop-transaksies. Hy kan nie nalaat om Anna Barry direk te koppel aan Jan Keyter wat danksy sy neutraliteitsaflegging nog ryker geword het as wat hy reeds voor die oorlog was nie. Veral wanneer Renier egter beweer dat hy hom "heelhartig vereenselwig" met Swart se mening wat hy direk aanhaal ("Dit is 'n uitstekende werk en van groot geskiedkundige belang vir ons volk."), blyk dat ook hy *Ons Japie* as belangrik beskou. In sommige opsigte is die rubriek dus nogal ambivalent. Aan die een kant skemer kritiek deur op Barry en haar familie en aan die ander kant is Renier ontroer en getref deur die dagboekverhaal. Hierby twee moontlike interpretasies van die rubriek:

1. Wanneer Renier in sy allerlaaste paragraaf vir sy lezers ("die oukoppe") vra "wie die grootste grondbesitter in die Vrystaat was" en dan 'n gedeelte uit Barry se dagboek aanhaal waar sy skryf "dat oom Jan Keyter in Bloemfontein sy ses-en-dertig plase aan die Britse regering verkoop het vir 26,700 pond (volgens vandag se geld maklik 100,000 pond. – R.)," blyk sy verontwaardiging met mense wat selfs in oorlogstyd hulle rykdom kon beskerm. Hy koppel die skryfster van *Ons Japie* moreel en sosiaal dus hier aan mense en aksies wat hy duidelik steeds nie aanvaarbaar vind nie. Deur die manier waarop Renier klem lê op "mev. Reitz" se "afkoms" en die laaste suggestiewe paragraaf van sy rubriek gebruik om die plaastransaksies van haar oom Jan Keyter te benadruk, sit hy die "Engelse noointjie" dus op haar plek, kategoriseer en marginaliseer hy haar in die oë van sy manlike twaksakmaats. Haar boek gaan immers ook oor die lotgevalle van die ryk Barrys, De Villiers en Keyters, 'n uitgebreide familie waarvan die mans almal teen die middel van 1900 reeds oorgegee en na Basoetoland gevlug het. Ek meen daarom dat Anna Barry by die *Volksblad*-nasionalis Renier, selfs in die "laertrek"-jaar 1960, nie ten volle daarin geslaag het om volledige openbare regstelling vir die familie te beding nie.

2. 'n Ander lesing van hierdie gedeelte van sy rubriek is egter dat negatiewe verdagmakery nie gesoek moet word nie. Renier skryf weliswaar skamper, en uit die oogpunt van baie mense sekerlik tereg, oor Keyter se transaksies, maar hy is duidelik veral getref deur Anna Barry se uiters informatiewe en bowendien hartstogtelike vertelling. Ook hy sien daarom waarskynlik die versoenende moontlikhede vir die Afrikaner-volk raak in die goedgeskrewe klein dagboek waarin die basiese sentiment pro-Boer is en sowel "hensoppers" as die jong held Japie in een en dieselfde gesin voorkom. Die feit dat Barry self die "review" aan haar seuns gepos het, toon dat sy haar kennelik nie benadeel gevoel het deur Renier se klein stekies in sy *Volksblad*-rubriek nie. Bowendien sou dit haar plesier gegee het dat die hartlike reaksie op haar dagboek van die ruimdenkende oud-OB'er C.R. Swart daarin aangehaal is. Dat Renier haar boek as 'n oortuigende en ontroerende familie-dokument ervaar het en geskryf het: "Die gesin was hartstogtelik aan mekaar verknog," moes haar genoegdoening gegee het.

Die openbare "understanding" waarop 'n lewensverhaal volgens Ken Plummer (2002) in 'n later historiese tyd kan reken, was Anna Barry sestig jaar na die oorlog dus in hoofsaak beskore. Die Afrikaanse "volk" is in Benedict Anderson (1991) se terme uiteraard 'n "verbeeldde gemeenskap" wat mede deur literatuur en egodokumente gevalideer word. Dat *Ons Japie* hoegenaamd as "bruikbaar" beskou is vir hierdie doel, is myns insiens 'n belangrike aanduiding van die versoening in Afrikaner-geledere, maar ook van 'n nuwe soort "laertrek" teen wat in 1960 aan die plaasvind was.

## 5. Slot

Reeds in Oktober 1902 het die jong Anna Barry oor verdeeldheid tussen landgenote gesê: "Dit is baie jammer want ons moet tog almal saam worstel om ons land weer op te bou en ons kan dit nie doen as ons verdeeld is nie" (Barry, 1960: 109). Dekades lank was Afrikaners verdeel in twee kampe, die Sappe en Natte, 'n verdeling met sy wortels in die Anglo-Boereoorlog. Toe Barry se boek uiteindelik verskyn, was dit net voordat die ommeswai plaasgevind het waarvolgens die oorlog nie meer dieselfde ideologiese funksie hoof te vervul het as wat lank in Afrikaner-nasionalistiese kringe volgehou is nie. Grundlingh (1996) beweer dat die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika deur dergelike mense beskou is as 'n simboliese restorasie van die voormalige Boererepublieke en dat verskille oor die oorlog daarom ten dele vergeet kon word. "As a matter of fact, whereas earlier Afrikaner ethnic hostilities, often related to the war, were projected on Englishspeakers, it now gradually became necessary to jettison such animosities in order to draw Englishspeakers into a broader white nationalism. The political rhetoric of the war thus had to be toned down."<sup>21</sup>

Dit verklaar deels waarom C.R. Swart die versoenende krag van *Ons Japie* raakgesien het en vanuit die Goewerneurswoning reeds 'n jaar voor Republiekwording aan Anna Barry geskryf het: "Veral ons Vrystaters sal u daarvoor dankbaar bly." Ook Renier moes danksy die boek sy aanvanklike mening dat Anna Barry 'n "Engelse noointjie" was, bystel en het haar volgens sy Afrikanernorme toe terstond "tant Anna" begin noem!

In hierdie artikel het ek my hipotese dat Anna Barry 'n monument vir haar broer en die Barry-familie tot stand wou bring, verder uitgewerk. Ek het in 2003 gemeen dat sy met haar boek vir haar hensopperfamilie se "verraad" publieklik vergifnis wou soek in die Vrystaat van 1960, maar ek is, noudat ek meer insig het in die gesinsopset van Anna en Charles Reitz en van Bloemfonteinse omstandighede voor 1960, daarvan oortuig dat haar dagboek vir haar suiwer 'n familiedokument was en dat sy self nie doelbewus die algemene Afrikaanse publiek se guns gesoek het nie. Hierdie guns het sy danksy veranderende omstandighede en die besondere aard van haar interessante en goedgeskrewe dagboek egter wel gekry. Ook häár verhaal het danksy die publikasie daarvan sedert 1960 bestaansreg verwerf te midde van die dominante vertoog van helde- en martelaarsverhale uit die Anglo-Boereoorlog.<sup>22</sup>

Uiteindelik moet *Ons Japie* en die resepsiegeskiedenis daarvan gelees word in verband met die komplekse verhaal van Suid-Afrikaanse nasionalismes en verskansings agter "eie" groepe. My verslag van haar verhaal en my fassinasie met haar verskuiwende identiteit tydens twee kritieke momente in Afrikanergeskiedenis is gemotiveer deur my agterdog oor die blinde lojaliteit aan groepe wat so dikwels in die geskiedenis van Suid-Afrikaners vereis is. Dat ek dit van belang ag om Anna Barry se dagboekverhaal te verweef met kwessies van assosiasie en disassosiasie, met mag en sosiale posisie, wil ek ten slotte motiveer met die volgende aanhaling uit *Selves in Question. Interviews on Southern African Auto/biography* (Coullie e.a., 2006: 2):

When we address an audience – testifying about our personal and collective identities through auto/biography – we enter into communicative relations in public spheres and engage ourselves in struggles for justice. Through publicly oriented self-reflection we cross the boundaries between the private and the public. Intentionally or not, and whether positively affirmed or contested by our audience, our auto/biographical accounts become entwined in struggles about justice. We use these accounts to hold up to public scrutiny the values informing our lives and those of other protagonists.

## Bronnelys

- Aanwins A553, J.F. Reitz.** Genommerde dokumente. O.a. betrekking hebbend op Anna Barry se dagboek.
- Anderson, Benedict.** 1991. *Imagined Communities. Reflections on the Origins and Spread of Nationalism*. Londen: Verso.
- Barry, Anna.** 1960. *Ons Japie. Dagboek gehou gedurende die Driejarige Oorlog*. Johannesburg & Kaapstad: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Benhabib, Seyla.** 2002. *The Claims of Culture*. Princeton: Princeton University Press.
- Bourdieu, Pierre.** 1986. L'Illusion biographique. *Actes de la Recherche en Sciences Sociales*, (Januarie) 62/63: 69-72.
- Coullie, Judith Lütge, Stephan Meyer, e.a. (eds.).** 2006. *Selves in Question. Interviews on Southern African Auto/biography*. Honolulu: University of Hawai'i Press.
- Eloff, C.C.** 1985. Vrystaatse vlugtelinge in Basoetoland tydens die Anglo-Boereoorlog. *Military History Journal*, 6: 5.  
<http://rapidtp.com/milhist/vol065ce.html> Toegang: 5/25/03.
- Gilliomee, Hermann.** 2003. *The Afrikaners. Biography of a People*. Londen: Hurst & Company.
- Gilroy, Paul.** 1997. Diaspora and the Detours of Identity. In: Woodward, Kathryn. (red.). *Identity and Difference*. Londen: Sage Publications, 299-343.
- Grundlingh, A.M. [1979]** 1999. *Die "Hendsoppers" en "Joiners". Die rasional en verskynsel van verraad*. Tweede vermeerderde druk. Pretoria & Kaapstad: HAUM Pretoria: Protea Boekhuis.
- Grundlingh, Albert.** 1996. The War, the Word and the 'Volk': Afrikaans Historical Writing on the Anglo-Boer War of 1899-1902 and the War in Afrikaner Nationalist Consciousness 1902-1996. Referaat gelewer by kongres South Africa 1895-1921: Test of Empire (Oxford, 28-30 Maart 1996).
- Jansen, Ena.** 1999. "Ek ook het besluit om van my bittere lydingskelk te vertel." Het meervoudige (post) koloniale vertoog in autobiografiese vrouwenteksten over de Zuid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902). *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 6(1): 120-128.
- Jansen, Ena en Wilfred Jonckheere.** 1999. *Boer en Brit. Afrikaanse en Nederlandse tekste uit en om die Anglo-Boereoorlog*. Menlopark: Protea Boekhuis.
- Jansen, Ena en Wilfred Jonckheere.** 2001. *Boere en Brit. Ooggetuigen en schrijvers over de Anglo-Boerenoorlog in Zuid-Afrika*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Jansen, Ena.** 2003. "Ons samelewing sal nog ingewikkelder gemaak word." Twee vertelmomente van Anna Barry se Boereoorlogdagboek *Ons Japie* (1960). *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 10(2) (Desember): 242-269.

- Marais, Pets.** 1993. *Penkoppe van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*. Pretoria: J.P. van der Walt.
- Marais, Pets.** 1999. *Die vrou in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Pretoria: J.P. van der Walt.
- Plummer, Ken.** 2001. *Documents of Life 2. An Invitation to a Critical Humanism*. Londen etc.: Sage Publications.
- Renier.** 1960. Stop van myne. *Die Volksblad*. 9 Junie.
- Reitz, F.W.** 1978. *Outobiografie*. Toegelig deur prof. J.C. Moll met sy twee en sestig uitgesogte Afrikaanse gedigte ingelei deur dr. C.J.S. Burger. Kaapstad: Tafelberg.
- Schoeman, Karel.** 1980. *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Schoeman, Karel.** 1987. Reitz, Charles John Hobern. In C.J. Beyers (red.). *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel V*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing: 669-670.
- Schoeman, Karel.** 2002. *Die laaste Afrikaanse boek. Outobiografiese aantekeninge*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Spies, F.J. du Toit.** 1961. Resensie van *Ons Japie*: dagboek gehou gedurende die Driejarige oorlog. *Historia*, 6(1) (Maart): 64-66.
- Steyn, J.C.** 2004. *Die 100 jaar van MER*. Kaapstad: Tafelberg.
- Vrystaatse Argiefbewaarplek**, Bloemfontein
- Woodward, Kathryn. (red.)**. 1997. *Identity and Difference*. Londen: Sage Publications.

## Note

<sup>1</sup> Danksy die Van Ewijck Stichting se steun vir navorsingsaktiwiteite van die Bijzondere hoogleraar Suid-Afrikaanse letterkunde in Amsterdam kon ek 'n onderzoeksreis na Ficksburg en Bloemfontein in Junie 2003 onderneem. Dank aan die historikus en plaasboer Felix Sorour vir sy gasvryheid en die waardevolle gesprek wat ek met hom gevoer het op 13 Junie 2003. In Augustus 2006 het ek 'n tweede argiefbesoek aan Bloemfontein gebring. Ek het advies ontvang van Erika Terblanche (NALN) en D.A. van Wyk, hoof van die Vrystaatse Argiefbewaarplek, en waardevolle wenke gekry van Karel Schoeman, Tim Couzens en Siegfried Huigen. My dank aan twee anonieme keurders vir hulle insiggewende voorstelle.

<sup>2</sup> Sien Jansen 2003. Eloff (1985: 3) beweer dat 2 043 vlugtelinge na Basoetoland gegaan het.

<sup>3</sup> Sien byvoorbeeld Jansen (2003), Jansen en Jonckheere (2001), Marais (1993 en 1999), Pretorius (1991). Grundlingh (1979) verwys glad nie na Barry se dagboek nie.

<sup>4</sup> 'n Behoefte aan wederopbou en eenheid blyk uit die jong Anna se woorde in 1902. Die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 sou sy as 'n belangrike baken op hierdie weg beskou het. Alhoewel Anna Barry in haar dagboek niks oor Uniewording

skryf nie, is daar in die Vrystaatse Argiefbewaarplek persoonlike briewe tussen Anna Barry (dan twee jaar lank getroud met Charlie Reitz, die gesiene broerskind van die oud-president van die Vrystaat, F.W. Reitz) en haar seuns waaruit ons wel kan aflei wat haar standpunt was. Sy en haar man het met groot vreugde deelgeneem aan die feesvierings in 1910. Dit is die rede waarom hulle in 1960 die Halfeeu feesbal "for old times sake" ook bygewoon het.

<sup>5</sup> In die J.F. Reitzversameling/ Argief A553 is o.a. 'n brief gedateer 3 Maart 1959 (dokument 1) met die reaksie op die manuskrip van mnr. R.L. Barry, haar "neef Treloou Anton (?)" van Robertson. Hy het dit "besonder interessant gevind en dikwels was daar ook 'n knop in die keel. Ons het werklikwaar saam met u geleef daar op die Vrystaatse grensplaas. Ons dink dat 'n boekie oor 'Ons Japie' werklikwaar 'n aanwins sal wees vir ons Afrikaanse Oorlogsverhale en veral sal die kinders dit baie geniet. Verder meen ons dat dit nogal van geskiedkundige belang ook sal wees." Na die publikasie bedank hy haar op 20 Junie 1960 (A553, dokument 7): "Wat 'n verrassing vanoggend toe ek die boek 'Ons Japie' oor die pos ontvang. Ek kan u nie sê hoe dankbaar ek is om hierdie boek van u persoonlik te ontvang en ook hoe dankbaar ek is dat u dit laat druk het. Ek is seker baie van ons jong mense sal graag die boek wil lees en hulle sal seker ook baie inspirasie daaruit kry." Op 19 September 1960 skryf hy weer 'n brief (A553, dokument 9) aan "Coz. Anna" en haar man. Hy is bowendien onder die indruk van sy niggie se skoonheid! "U weet nie wat 'n mooi prentjie u gemaak het daar in die tuin, al het u so verskoning gevra vir die hande wat so vol modder was." In die slotparagraaf skryf hy: "U wil nie hê ek moet komplimente maak nie Coz. Anna, maar ek moet jou sê dat jy die aand baie besonder mooi en aristokraties gelyk het. Ek het my vrou daarvan vertel. Sy sê dat jy seker dit van die De Villierse kry. Sy wil nie erken dat die Barrys ook aristokraties is nie. Ek sal haar maar moet bring sodat jy haar kan oortuig."

<sup>6</sup> Op 18 Augustus skryf Anna: "Na twee maande op die plaas het ek en my sisters lus vir 'n uitstappie en nou gaan ons Ficksburg toe stap om ons familie en vriende op te soek. Dit is nege myl van die plaas." Drie dae later is hulle terug nadat hulle die besoek "baie geniet" het en 'n geleenheid teruggekry het op die wa van "die Cornelis van Schalkwyks". "Hulle verhaal van die lewe in die konsentrasiekamp te Winburg is werklik roerend." Die terugreis was onverwags gevaarlik omdat die wa teen 'n steil rant skielik omgeslaan het (Barry, 1960: 105).

<sup>7</sup> Die plaasboer/historikus Felix Sorour skryf na aanleiding van my eerste artikel (Jansen 2003) op 17 Januarie 2004 in 'n e-posbrief aan my: "Vir ons wat hier woon en 'n bietjie van die geskiedenis ken, verstaan al te duidelik die 'soul searching' wat die lede van die familie moes deurgemaak het, gesien in die lig van hulle 'social position'. Tom Barry was nie alleen raadslid maar was ook van 1928-1930 burgermeester. Ook in 1939 na die Groot Trek eeufeesvieringe het Mevr. Barry die geld geskenk vir die bou van die munisipale kantore op Ficksburg."

<sup>8</sup> Charles John Holbern (Charlie) Reitz (1879-1966) is op die plaas Kliprivier in die distrik Swellendam gebore en oorlede in Bloemfontein waar hy die grootste deel van sy lewe deurgebring het. Op tienjarige leeftyd is hy deur sy vader se jonger broer, president F.W. Reitz in huis geneem. "In Junie 1899 is hy tot Abraham Fischer se privaatsekretaris

benoem en hy het hom vergesel op verskeie sendings in verband met die dreigende oorlog na Pretoria en Kaapstad wat Fischer as lid van die Uitvoerende Raad en nouste medewerker van President M.T. Steyn onderneem het.” Ook het hy opgetree as sekretaris van “wat skertsend die Vrystaatse ‘kabinet’ genoem is,” bestaande uit Steyn en Fischer. Hy het as korporaal deelgeneem aan die veldslae by Modderrivier, Magersfontein en Poplar Grove, “maar die algemene defaitisme onder die Boeremagte na die val van Bloemfontein (13.3.1900) het hom laat glo dat dit geen sin het om die stryd voort te sit nie.” Hy het dus die wapens neergelê en is deur die nuwe Britse owerheid eers as tydelike assistent in die Tesourie aangestel en later as tolk in die hoër howe. In 1904 het hy as prokureur gekwalificeer en het ’n leidende rol in die Bloemfonteinse gemeenskap gespeel. Hy is in Mei 1908 met Anna Barry getroud en twee seuns en ’n dogter is uit die huwelik gebore. “Sy herinnerings aan die politieke ontwikkelings van 1899 en sy maande op kommando, asook sy dagboekie vir Oktober 1899, word tesame met ander dokumente in die Vrystaatse Argief bewaar (*infra*). In later jare het hy ook artikels oor ou Bloemfontein vir die plaaslike koerante geskryf” (Schoeman, 1987: 669-670). ’n Interessante brief in die Reitz-argief (A553, ongenommerde dokument) is van mevrou Tibbie Steyn, weduwe van President Steyn (1 September 1941, gerig aan “Liewe Charlie”, [wel “met innige liefdegroete aan jou en Anna”]). Sy wens hulle geluk met die verlowing van hulle dogter Anna Barbara aan “die jong Dr Hanekom” en sê: “Ek is altyd bly as twee sulke voor-aanstaande jong Afrikaners mekaar vind.” Sy skryf verder: “Hoe goed herinner ek my tog hoe lief jy met my en my kinders was in onse oorlog, en hoe ek my verheug het toe jy met Anna verloof geraak het, en ook bly gevoel het dat julle so gelukkig was en so veel plesier van julle kinders het. [...] Moenie vergeet om my te laat weet as Mev Barry (waarskynlik Anna se moeder – EJ) weer by julle kom kuier, ek sou haar so graag wil sien.” (In 1959 publiseer Dr. T.N. Hanekom *Helperus Ritzema van Lier. Die lewensbeeld van 'n Kaapse predikant uit die 18<sup>de</sup> eeu* [Kaapstad & Pretoria: N.G. Kerk-uitgewers] – EJ; hy is waarskynlik verwant aan die “jong dr. Hanekom”.)

<sup>9</sup> Die inleiding en voorwoord is op ongenommerde bladsye in Barry (1960).

<sup>10</sup> Sien die J.F. Reitz-versameling/ Argief A553.

<sup>11</sup> Aan een van haar seuns, vermoedelik Barry, skryf sy op 20 Mei 1960 (A553, dokument 2): “I do feel that the literary value of the Diary has been increased by the transposition into good Afrikaans, & the atmosphere has not been unduly altered.” Hieruit lei ek af dat sy nie self die Afrikaanse vertaling behartig het nie. “I am now (in my spare moments) going to put it into English – Mrs Schofield suggested an American publication.” So ’n publikasie is nooit verwesenlik nie.

<sup>12</sup> Onder meer Steyn (2004) se biografie oor M.E.R. gee meer inligting oor hierdie verwarrende tye vir Afrikaners.

<sup>13</sup> Die huis van die Reitz-gesin, nommer 31 in die straat, se naam was “Kentani”. Dit vermeld Anna Barry ook altyd bo-aan haar briewe. Dit grieft Schoeman dat daar nou “’n lelige woonstelblok” staan.

<sup>14</sup> Schoeman (2002) noem dat sy “plaaslik as kostuumdeskundige bekendgestaan het”. Dit is opvallend dat sy Anna Barry se verwysing uit 1902 in verband met haar vrese vir die komplekse na-oorlogse samelewning (Barry, 1960: 114) in 1960 eggo: “Vegtendes,

wildeboere, bannelinge, vlugtelinge, mak Engelse, hensoppers, ‘national scouts’, almal sal bure wees.”

- <sup>15</sup> Die Vrystaatse Argiefbewaarplek beheer ’n waardevolle versameling materiaal oor *Ons Japie*, A553, geskenk deur Fritz Reitz. Sy ouers se argief bevat ook korrespondensie met Charlie se neef Deneys Reitz. Dit is interessant dat Karel Schoeman se omvattende betrokkenheid by die Vrystaatse geskiedenis ook strek tot by die Reitz/Barry-argief. Schoeman het die dokumente namens Fritz Reitz gehanteer. Op die omslag van die pakke papier in ’n bruin leêr in Bloemfontein is die volgende teks getik en onderteken deur Schoeman op 18 Julie 1984: “O.V.S. ARGIEFBEWAARPLEK per KAAPSE ARGIEF-BEWAARPLEK. Dokumente i.v.m. die Anglo-Boereoorlog te Ficksburg en omstreke en die boek ONS JAPIE deur Anna Barry (mev. C.J. Reitz van Bloemfontein) wat later met behulp daarvan geskryf is. Deur Karel Schoeman aan die Kaapse Argiefbewaarplek oorhandig vir deursending, namens: Mnr. J.F. Reitz, Spray, Hoofweg 105, 7945 St James. Erken asb. ontvangs aan Ig.” In hierdie artikel verwys ek slegs na reaksies wat kort na die publikasie van *Ons Japie* verskyn het. Ondanks ’n uitgebreide soektog in tydskrifte soos *Standpunte*, *Die Huisgenoot*, *Lantern*, *Africana* en ander historiese tydskrifte het ek slegs een resensie gevind in *Historia* (met dank aan S. Huigen) deur F.J. du T. (Spies) (1961: 64-65): Hy beklemtoon die “onbevangenheid, die naïewe verwondering, die verbystering en die weerloosheid van ’n jong gemoed teenoor die ruwe geweld wat elke oorlog inhoud” en lê ’n verband met Anne Frank se wêreldberoemde dagboek *Het Achterhuis*. Spies skryf met begrip oor Tom Barry se besluit om na Basoetoland te gaan en beskou die dagboek as “beslis ’n bydrae tot ons literatuur oor die oorlog”. Hy vind dit wel “jammer dat die dagboek in Afrikaans vertaal is en nie in sy oorspronklike vorm uitgegee is nie.” Dit is gedeeltelik in Engels en gedeeltelik in Nederlands geskryf. Ek het reeds met Protea Boekhuis ’n afspraak om ’n heruitgawe van die dagboek te versorg. Oor die taalkwessie sal sekerlik weer besluit word, alhoewel slegs gedeeltes van die volledige manuskrip nog bestaan. In die nuwe uitgawe sal ek bowendien aandag gee aan Anna se uitgebreide korrespondensie met Deneys Reitz.
- <sup>16</sup> Schoeman (2002: 302-304) skryf in sy outobiografie oor hierdie bal tydens die Uniefees. Een van sy organisatoriese take was om kaartjies te verkoop vir die “outydse bal in die styl van 1910”. Oor hierdie bal skryf Anna Reitz in groot besonderhede in ’n brief aan haar “very dear Son” op 20 Mei 1960 (A553, dokument 2). Nadat sy en haar man reeds die opvoering van “Rigoletto” en die opening van die groot skou bygewoon het – Schoeman was ook daar – was hulle so beïndruk dat hulle meer feesgeleenthede wou bywoon. “I was so impressed that I felt we should co-operate more. Dad shared my feelings & we decided (2 hrs before the Ball) to go as we felt that we were the *only* couple in Bftn who had been at the Pageant Ball in Cape Town [in 1910 – EJ]. We went after a scramble to wear suitable old world evening wear. It was a wonderful night, beautiful old time waltzes & polkas. Dad & I joined in the Parade & Dancing & caused quite a sensation. We were asked (with old Mrs D.G. Murray who had also taken part in the Pageant as I had done) to lead the procession of the Beauty Princesses into Supper & again afterwards to be introduced to H.E. C.R. Swart. We came home just after supper, after having had our heads turned & hearts touched by the wonderful reception we had had.”

<sup>17</sup> Die volledige teks van die brief is:

Geagte Mevrou Reitz,

U boek ‘Ons Japie’ het my veilig bereik en ek bedank u baie hartlik dat u so vriendelik was om dit aan my te stuur.

Ek sal dit met belangstelling lees en te meer omdat ek die persone daarin genoem – u vader en moeder en susters – ook persoonlik geken het.

Dit is baie goed dat u die oorlogsdagboek op die wyse vir ons volk beskikbaar gemaak het en veral ons Vrystaters sal u daarvoor dankbaar bly.

Met beste wense aan u en Oom Charlie met die hoop dat u albei nog lank in gesondheid en sterkte gespaar sal bly.

Die uwe,

C.R. Swart (geteken)

<sup>18</sup> Die eerste uitgawe van A.M. Grundlingh se *Die “Hendsoppers” en “Joiners”* (1979) is “gesensor in die sin dat naamlyste van mense wat vanaf die Vrystaat na Basoetoland gevlug het (onder andere die familie van Jim [JJ] Fouché wat op ’n stadium die president was) uit die boek gelaat moes word. Eers met die tweede uitgawe deur Protea Boekhuis (1999) is die name bygevoeg.” My dank aan ’n anonieme keurder vir hierdie inligting. Op die webwerf van Protea Boekhuis is meer inligting: “Die vorige regering het ’n verbod op die publisering van die name van die Boere-verraaiers geplaas. Dié verbod het vanjaar verval en vir die eerste keer in honderd jaar kan lesers die lang lyste name oor 32 bladsye nagaan en sommer vir die aardigheid nagaan of die spreekwoordelike appel steeds digby die boom val.”

<sup>19</sup> Dit wil voorkom of Barry en sy vrou kort vantevore uit Rhodesië/ Zimbabwe na eers Johannesburg en toe na Pretoria getrek het.

<sup>20</sup> Hier die volledige teks van die rubriek:

### **Ons Japie**

Nou die dag het my waardige ou vriend oom Charlie Reitz my weer ’n slag met ’n besoek vereer. Ja sien, oom Charlie is een van die mense wat by die hoëlui en die sakemense hoog aangeskryf staan, maar ten spyte van al die hoë geselskap vergeet hy nie sy ou vriende nie. Dis omdat hy so ’n nederige mens is en dit is juis sy nederigheid wat hom so ’n gewilde figuur maak.

Ons het nog nie klaar gegroet nie, toe sit oom Charlie ’n boekie voor my neer: *Ons Japie*. In sy oë was daar vir my ’n boodskap van trots voldaanheid, soveel as te sê: *Jy kan dit nie doen nie!*

Voor ek nog kon vra of dit nou werklik oom Charlie se werk is, het hy self die antwoord verstrek: *My vrou se werk.* Ek was verbaas. Eerstens omdat ek altyd gemeen het dat oom Charlie met ’n Engelse nooientjie getroud was en tweedens omdat ek vanweë haar afkomst, haar nooit met die ervarings van ons Boerevroue kon vereenselvig nie.

*Voor ek verder praat, moet ek mev. Reitz (tant Anna) om verskoning vra vir my onkunde. Ek weet nou beter. Voor haar huwelik was sy wel 'n nooi Barry, naby familie van die Barry's van Swellendam. Dit was 'n baie bekende en gesiene familie – het hulle eie bank gehad en hul eie skip, die Kahdi, wat direk na Londen gevaaar het. [...]*

*Tant Anna se vader was die bekende oom Tom Barry, van Ficksburg, en van Ierse afkoms.*

### **Vreemde bodem**

*Toe ek nou die dag met ons geagte Goewerneur-generaal in gesprek was, het ek hom van mev. Barry se boekie vertel. [wat die G-g al gelees het] en sy aanmerking was: 'Dit is 'n uitstekende werk en van groot geskiedkundige belang vir ons volk.'*

*Dit is baie gesé want Sy Eksellensie is een van die mees kritiese lezers wat ek al teengekom het. Die foute en swak punte sien hy die laaste een raak.*

*Ek vereenselwig my heelhartig met Sy Eksellensie. Die skryfster het die boekie die naam gegee van Ons Japie ter gedagtenis aan haar jongste broer was as banneling in Ceylon beswyk het – nog 'n slagoffer van die oorlog en een van die honderde wat in vreemde bodem 'n laaste rusplek moes vind. Sy heengaan op so 'n jeugdige ouderdom kan die familie vandag nog nie vergeet nie. Die gesin was hartstogtelik aan mekaar verknog. Uit sy ballingskap skryf hy aan sy moeder: 'Ek verlang so, soen my susters vir my en 'n soen vir jou my liewe moeder ...'*

### **Graf op Ceylon**

*Ag- en-dertig jaar na Japie se dood het oom Charlie en tant Anna sy graf by Diyatalawa op Ceylon besoek. Die sinkgebou wat as hospitaal gedien en waar Japie aan die koers beswyk het, het destyds nog daar gestaan. Daar het hulle ook 'n ou Koelie raakgeloop wat in die hospitaal gewerk het waar Japie verpleegwerk gedoen het. Hy het Japie nog goed onthou. Met die besoek is twee kranse op Japie se graf gelê, een namens die gesin en een namens oom Charlie en tant Anna. Ons Japie is nou wel 'n dagboek, maar dit lees soos 'n dagverhaal in die vorm van 'n storie, interessant en boeiend. Ons Japie is vir ons geskiedenis 'n aanwinst en daarby is dit die eerste boek waarin verwys word na die vlugtelinge in Basoetoeland. Volgens tant Anna was daar 'n paar duisend.*

*Weet die oukoppe wie die grootste grondbesitter in die Vrystaat was met die uitbreek van die oorlog? 'Vader het van Ficksburg teruggekom met die nuus dat oom Jan Keyter in Bloemfontein sy ses-en-dertig plase aan die Britse regering verkoop het vir 26,700 pond' (volgens vandag se geld maklik 100,000 pond. – R.)*

<sup>21</sup> Hy beweer dat ondanks die formidabile hoeveelheid skripsies en boeke wat oor die Anglo-Boereoorlog geskryf is en die verskeidenheid aan temas "there was a certain degree of sensitivity and reluctance to investigate topics which ran counter to the entrenched idea of a monolithic Afrikanerdom, united in their fight against imperialism. It therefore took some time before the controversial issue of a substantial number of Boer collaborators who had deserted and fought on the British side was addressed."

<sup>22</sup> Plummer (2001: 39-40) beskryf die belang van die wisselwerking tussen individu en geskiedenis so: "Life stories always hurl us into a dual focus on history: into a concern

with time in the life – of how it is lived over phases, careers, cycles, stages; and with time outside the life – of how the ‘historical moment’ plays its role in any life’s shape. [...] [L]ife story research at its best always brings a focus on historical change, moving between the changing biographical history of the person and the social history of his or her lifespan. Invariably the gathering of a life history will entail the subject moving to and fro between the developments of their own life cycle and the ways in which external crises and situations (wars, political and religious changes, [...] the media and so forth) have impinged on this. A life history cannot be told without a constant reference to historical change, and this central focus on change must be seen as one of life history’s great values. Thus life stories can become guides to ‘people of their times’.”

# Nomadisme en liminaliteit: De geheimzinnige verdwijning van *Toorberg*

Gitte Postel

Since the 1970s South African farm novelists have tried to make room for transformation and change, at least in the sense of transforming cultural or national identities, using the three phases of rites of passage as a narrative tool. Van Heerden, in *Toorberg*, seems to be the first who is not merely going through the first and second phase of the ritual; i.e., separation and liminality, but also entering the third; i.e., trying to formulate a new, in this case "nomadic" identity. Anthropologists show, however, that rites of passage owe their success to the fact that their performance does not only take place on a symbolical level, but is also rooted in for instance the spatial organization of daily life. The countryside of the 1980s could not yet provide this. *Toorberg's* nomadism therefore gets lost somehow between the harsh reality of the township wars and the invisibility and "inappropriate" symbolism of the farm.

## 1. Inleiding

Die verwysing na “Bolandse berge” herinner aan Breytenbach (2001a: 42)<sup>1</sup> se gedig “wy” uit *Die ysterkoei moet sweet* waarvan die eerste twee strofes lui:

my hart is in die boland en niks  
kan dit ontwy nie dis gebêre in  
’n kissie in wit wellington  
  
ek droom soms runnikend daarvan  
in die heuwel van die nag en  
verbeeld die wit keil van sneeukop

Naas die feit dat Botes die aangespokene in sy gedig in ’n verlate landskap plaas wat anders is as die een waaraan sy hart verbind is, verwys hy na die “vreemde ritmes” waaraan hy onderworpe is (strofe 2) en beskryf hy hom as “verhewe”, soms “klein van vrees” (strofe 3), kalm en bewus van sy “naaktheid” (strofe 4) sowel as “alleen” (strofe 6). In die sesde en laaste strofe maan Botes die aangespokene om koers te hou: “hou die fyn seil teen die mas / alleen jy alleen / wees ru in jou beklemtoning van jou bestaan.” Hieruit kan ’n mens aflei dat Botes Breytenbach maan om vas te staan in sy (politieke) oortuigings ten spye van die feit dat hy alleen is en afgesluit van sy eie land. Indien ’n mens die verwysing na “die ongesonge liedere van onbekende voëls” in die vyfde strofe in ag neem, sou dit ook gelees kon word as ’n aanmaning om voort te gaan met die skryf van poësie (die singende voël is dikwels beeld vir die digter). Samevattend lyk dit asof Botes se “groet vir breyten” hom voorstel as balling in ’n verlate landskap en wil maan om moed te hou, vas te hou aan sy oortuigings en voort te gaan om poësie te skryf.

George Weideman (1970: 32) se gedig “En die wildernis sal blom soos van ouds, ’n oorwinningslied” uit sy bundel *Klein manifes van ’n reisiger* van 1970 is nog een van die vroeë gedigte waarin Breytenbach bygehaal word om die spreker se strydslustige ooproep om opstand teen politieke onderdrukking te onderstreep. In die tweede strofe word daar gesê dat die “ons” in die gedig “sal opruk na die moerasse, die hole / waar maer mense met groen truie agiteer” (n verwysing na die openingsgedig in Breytenbach se debuutbundel *Die ysterkoei moet sweet* waar hy na homself verwys as “die maer man met die groen trui”, 2001a: 15). Volgens

die derde strofe sal die “moerassige land” dan in besit geneem en die “gehate besetters” uitgedryf word. Die verwysing na Breytenbach maak dit duidelik dat die spreker in hierdie gedig hom vereenselwig met sy politieke verset teen die apartheidsregering en dat ook hy die hoop het om die “besetters” van die land waar Breytenbach agiteer uit te dryf (strofe 3) sodat die land weer bewoonbaar kan word en die “wildernis” weer kan “blom soos vanouds” (strofe 4). Dit blyk in die eerste strofe dat die wapen waarmee hierdie aanval moet geskied die woord is:

Ons sal opruk tot die tandé toe gewapen:  
smal swaard en blink! die bajonette  
soos skerp blink woorde 'n verbete linie

Hierdie “skerp blink woorde” word dan ook geleen by digters soos Van Wyk Louw (1981: 123) wie se beeld van die woord as 'n “smal swaard en blink” in “Vooraf gespeel” uit *Gestalte en diere* van 1942 in bogenoemde reëls weerlink. In die slotstrofe word 'n reël uit Breytenbach (2001a: 16-17) se gedig “Dood begin by die voete” wat lui “Mense sterf gewoonlik plat op hulle rûe” deur Weideman aangepas tot: “Terroriste sterf gewoonlik plat op hulle rûe.” Hierdeur word daar dus gesuggereer dat Breytenbach een van die terroriste is wat veg vir 'n oorwinning teen die “gehate besetters” van die land. Dat dit binne die konteks van politieke stryd nie belangrik is of jy lewe of sterwe nie, word gesuggereer deur die aanwending van nog 'n reël uit Van Wyk Louw (1981: 73), hierdie keer die bekende slotreël uit “Nog in my laaste woorde” in *Die halwe kring*: “mooi is die lewe en die dood is mooi!” Uit hierdie gedig is dit duidelik dat die spreker hom vereenselwig met die politieke stryd van Breytenbach wat hier voorgestel word as agitator en terroris; ook dat hy meen die stryd teen die apartheidsregering moet geveg word via die poëtiese woorde wat so kragtig hanteer word deur beide Breytenbach en Van Wyk Louw. Dit is 'n politieke strydlied met 'n byna Bybelse klank waarin daar groot optimisme is oor die uiteindelike oorwinning (vergelyk die titel), ongeag die offers wat gebring moet word.

### **3. 'n Ambivalente reaksie op Breytenbach se openbare optrede en uitsprake by ontvangs van die Reina Prinsen-Geerligsprys in 1968**

Daar is reeds genoem dat Breytenbach veral op die voorgrond getree het as openbare figuur toe hy na die verwerwing van die APB-prys vir sy debuutwerk in 1965 Suid-Afrika saam met sy vrou wou besoek en die Suid-Afrikaanse regering haar 'n visum geweier het. Sy profiel as digter én openbare figuur word verder verhoog wanneer hy in 1968 die Suid-Afrikaanse Reina Prinsen-Geerligsprys wen vir *Die huis van die dowe* (1967) (die Nederlands-Vlaamse Reina Prinsen-

Geerligsprys van 1968 is toegeken aan die digter Hans Vlek). Galloway (1990: 75) wys daarop dat dit veral Breytenbach se uitsprake in onderhoude met Nederlandse koerante is wat reaksie van die Suid-Afrikaanse pers en publiek ontlok. Van digterskant reageer Lina Spies (1971: 83-4) met 'n mengsel van lof en kritiek in die gedig "Widmung – Breyten Breytenbach" in haar debuutbundel *Digby Vergenoeg* van 1971.

Die kombinasie van die titel "Widmung – Breyten Breytenbach" met die onderskrif "*Vir homself en ander*" wys vooruit na die kombinasie van irritasie met die persoon en bewondering vir sy poësie wat uit die gedig spreek. "Widmung" beteken "opdrag" of "konsekrasie" en is 'n woord wat geassosieer word met die musiek en literatuur van die Romantiek; hierteenoor klink die onderskrif na 'n toespeling op Breytenbach se gedigtitel "breyten bid vir homself" wat op ironiese wyse suggereer dat die Widmung eintlik van Breytenbach kom en aan homself gedig is. Spies se gedig bevat 'n sterk narratiewe element en sit agtereenvolgens die gebeure by die oorhandiging van die prys op 23 November 1968 in Amsterdam uiteen.

Na die redelik neutrale uiteensetting oor die oorhandiging, Breytenbach se voorlesing by die geleentheid en die geskiedenis van die prys in die eerste drie strofes kom daar iets van 'n wending in die vierde strofe wat begin met die woord "Maar". Strofe 4 reageer veral op twee uitsprake van Breytenbach wat in Nederlandse koerante gerapporteer is (vergelyk die onderhoude in *De Volkskrant* op 6 November 1968[a] en *Vrij Nederland* op 9 November 1968[b]):

Maar jou ontmoeting met Holland was 'n trauma  
het jy in die koerant gesê  
en alle Suid-Afrikaners is bruin  
al is hulle velle wit – dit is die groot erkenning  
wat moet kom, desnoods deur die geweer en koeël.

Dit is uit die vyfde strofe duidelik dat hierdie uitsprake die spreker in die gedig teen die bors stuit: "Op 23 November het dit gereën in Amsterdam / en in my hart ... oor jou nuwe klein apartheid". Dit lyk asof die "nuwe klein apartheid" slaan op Breytenbach se afwys van Holland wat reëlreg bots met Spies se eie affiniteit vir "die Hollandse mense en die gragte" (vergelyk ook die gedigte "Amsterdam" en "Bruidsdag" in *Digby Vergenoeg*). Die strofe brei nie eksplisiet uit op sy stelling dat alle Afrikaners bruin is en dat die erkenning van hierdie gelykheid desnoods deur geweld verkry moet word nie, buiten deur 'n verwysing na Breytenbach se Viëtnamese vrou ("en jou vrou is vir my mooi soos Reina moes gewees het") waarmee die spreker dalk haar eie gebrek aan vooroordeel wil illustreer.

Die res van die gedig is eintlik 'n huldiging van Breytenbach se poësie en vermoë as digter. Die sesde strofe vertel hoedat sy hom geluk gewens het en hoedat

daar by hom blydskap was "om die bekende tongval" sodat sy besef dat sy nie hoef te vrees dat hy nie weer in Afrikaans sal poësie skryf nie. In die sewende strofe drink sy by wyse van spreke 'n heildronk op sy poësie en lig sy bepaalde eienskappe daarvan uit. Die eienskappe wat Spies bewonder in sy werk strook met haar onbehae in daardie vorme van religie wat die aarde en die liggaam geringskat, soos later uitgewerk in haar bundel *Hiermaals* van 1992. In hierdie strofe wil sy naamlik 'n heildronk drink op die prys wat Breytenbach verwerf het vir "dié poësie / wat 'n vrou se voete heilig tot voete / modder eerbiedig modder laat bly / en van die eende op jou graf geen swane maak nie".

Die agste en slotstrofe van die gedig verwys daarna dat sy die laaste vog van die "glasie wellington" (strofe sewe) waarmee sy die heildronk op Breytenbach wou drink, sou "wou laat drup op die bruin aarde / waarin ons gebeentes uiteindelik almal wit sal wees." Omdat die laaste strofe begin met die woord "maar" lyk dit asof Spies met hierdie uitspraak vir Breytenbach wil weerspreek: die feit dat ons almal se gebeentes uiteindelik wit sal wees binne die bruin aarde, weerspreek sy uitspraak dat alle Afrikaners bruin is al is hulle velle wit. Spies verkies om te verwys na die feit dat almal dieselfde is omdat hulle uiteindelik dieselfde lot sal deel, naamlik om te sterf, begrawe te word en te vergaan tot wit geraamte – 'n perspektief wat fokus op die universele lot van die mensdom. Hierteenoor fokus Breytenbach se uitspraak (soos deur haar aangehaal) op 'n meer onmiddellike politieke kwessie, naamlik ras en ras-ongelykheid in Suid-Afrika. Alhoewel die gedig dus lof het vir Breytenbach se poësie, is daar implisiet sprake van 'n distansiëring van Breytenbach se meer akute betrokkenheid by die politieke onreg in Suid-Afrika.

#### **4. Heftige kritiek op Breytenbach se optrede tydens sy 1973-besoek aan Suid-Afrika**

Vroeg in 1973 word dit bekend dat Breytenbach en sy vrou Yolande aan wie 'n visum uiteindelik toegestaan is, op besoek is in Suid-Afrika. Hierdie besoek waartydens Breytenbach op 14 Februarie 1973 'n omstrede toespraak lewer by die Universiteit van Kaapstad se Simposium oor die Sestigers (vergelyk Polley, 1973), ontlok 'n wye spektrum van reaksies in die media vanaf uiters positief tot erg negatief en afwysend. Opvallend in die media-diskoers rondom Breytenbach se terugkeer is die verwysings na die "verlore seun" wat teruggekeer het na Suid-Afrika (vergelyk Galloway, 1990: 124).

Kort na Breytenbach se aankoms in Suid-Afrika publiseer Adam Small (1973b: 2) en M.M. Walters (1973: 2) elkeen op 10 Januarie 1973 'n gedig in *Die Burger* waarin daar verwys word na Breytenbach se besoek aan Suid-Afrika. Small se gedig is getitel "Aan Breyten Breytenbach: poet-in-exile" en is volgens die onderskrif geskryf na aanleiding van die kritiek dat dit nie gepas was om in die

openbaar sekere vrae aan Breytenbach te rig nie. Hierdie vrae is vervat in 'n koerantartikel met die opskrif "Só hoort dit, sê bly skrywers oor Breyten" wat in *Die Burger* van 3 Januarie 1973 verskyn het. In die artikel sê Small (1973a) dat dit hom kwel dat Breytenbach dit "skynbaar kan goedkeur dat sy vrou in beginsel voorregte in die land mag geniet wat geen Suid-Afrikaner soos ek durf geniet nie" en vra hy wat Breytenbach dink van die rassisme dat sy familie sy Viëtnamese vrou aanvaar as blank en "blankheid (wat dit ook al mag beteken) gelykstel aan beskawing". Die gedig verskyn 'n week na die berig en is 'n uitgebreide gesprek met Breytenbach oor Small se intellektuele en kreatiewe soeke na die vryheid en gelykheid wat hy vanweë sy ras nie in Suid-Afrika ervaar nie. Die gedig bestaan uit sewe strofes of vers-paragrawe en is geskryf in 'n vrye vers-vorm wat met sy uitweidings, assosiatiewe gang en besinnende aard herinner aan Van Wyk Louw se "Groot ode". In die eerste strofe sê die spreker oftewel Small dat hy die gesprek met Breytenbach opneem omdat hy verneem Breytenbach is kwaad vir hom ("Hul sê jy's kwaad vir my / ... omdat ek vrae vra wat lastig is? steekvlieg / was ek nog steeds") en stel hy sy eie bona fides as iemand wat 'n hoë premie stel op eerlikheid en integriteit. Die tweede strofe begin met 'n verwysing na Breytenbach se terugkeer na Suid-Afrika wat die spreker in die gedig in navolging van 'n bekende passasie uit Van Wyk Louw (1947: 20) se drama *Die dieper reg* van 1938 "droef en wyd" noem. As teëwig vir die sentimentaliteit wat soms gepaard gaan met 'n balling soos Breytenbach se terugkeer na sy land verwys Small verder in hierdie strofe na een van Van Wyk Louw (1981: 302) se *Tristia*-gedigte:

Alleen die baie-fyn dink is helder:  
so fyn dat byna niemand dit wil vat nie.  
Al die ander dink is saam-hurk, of paring,  
in 'n donkerte waarin ons soet-goed fluister.

Reëls uit hierdie gedig van Van Wyk Louw word dan as leitmotive gebruik in die derde strofe waarin Small beweer dat dit die plig van digters is om fyn te dink, lastige vrae te vra en kliekery af te wys in 'n oop gesprek wat herinner aan die Sokratiese gesprekke op die markplein of *agora*. Small bevestig dat dit sy doel was met die kritiese vrae wat hy aan Breytenbach gestel het: "Seer wou ek jou nie maak nie Breyten nee / probeer fyn-dink saam met jou, ja, in die *agora*." Die vierde strofe bevestig dat die soeke na die vryheid sy erns is en die vyfde strofe verskaf 'n verduideliking waarom hy in die openbaar en nie privaat sekere vrae vir Breytenbach gevra het nie. Dit is omdat die toestand vir hom as skrywer so dringend is: "en ek roep God! en hyg / met pen boek, brein, tikmasjien, pyn, skryf-vir-die-koerant ... / Armageddon dreig".

Die kort sesde strofe neem die verwysing na die balling wat in die titel van die gedig figureer op met 'n sterk ironiese teenstelling tussen hom en Breytenbach:

Oor die ballingskap  
 'n laaste gedagte, Breyten  
 dit is, weet ek, geen grap,  
 dog as jy 'n balling was en is buite dié "wye en droewe land"  
 was ek en is ek steeds 'n balling binnekant ...

Hierna eindig die gedig dan met 'n strofe waarin hy sy bewondering uitspreek vir Breytenbach se "woorde". Hy doen dit met verwysing na die moontlike uitsterf van Afrikaans wanneer hy sê dat dit juis Breytenbach se woorde is wat hom sal troos indien "hierdie taal van my en jou moet sterf in hierdie kontinent, / wegkwyn van kanker in die maag". Omdat dit in 'n koerant verskyn, is die gedig inderdaad 'n voorbeeld van die oop en openbare gesprek in die tradisie van die Sokratiese wysgere wat Small in die gedig bepleit (vergelyk die reël "soos Sokrates in die *agora*"). Te midde van die vroeg-sewentigerjare se debatte oor betrokkenheid in die Afrikaanse literatuur, word die Afrikaanse gedig dus een van die ruimtes waarin die politieke nood van die dag aan bod kan kom en die verskille tussen digters oor bepaalde kwessies 'uitgepraat' kan word.

In dieselfde berig in *Die Burger* van 10 Januarie 1973 as bogenoemde gedig van Adam Small, verskyn M.M. Walters se gedig "verlore seun '73". 'n Effens gewysigde weergawe van die gedig is later opgeneem in Walters (1979: 28-30) se bundel *Saturalae* van 1979 (hierdie bespreking verwys na laasgenoemde). Walters werk in hierdie gedig oor Breytenbach se terugkeer na Suid-Afrika met die motief van broederskap deurdat hy verwys na die Bybelse verhaal van die verlore seun wat by sy terugkeer met ope arms deur sy vader verwelkom word, terwyl die seun wat nooit weggegaan het nie geen spesiale aandag kry nie. Met laasgenoemde sluit hy dus eksplisiet aan by die diskopers van die "verlore seun" wat herhaaldelik in die media gebruik is in verband met Breytenbach se terugkeer na Suid-Afrika in 1973 en later (vergelyk Galloway, 1990: 12).

Die gedig maak op satiriese wyse gebruik van elemente uit die poësie van Breytenbach én ander Afrikaanse digters soos Jan F.E. Celliers en W.E.G. Louw om Breytenbach se terugkeer te beskryf. Daar word in strofe 1 verwys na die verlore seun wat teruggekeer het soos "'n balling wat teruggekom het oor die oseaan" (vergelyk "Dis al" van Celliers, 1920: 97), dat hy teruggekeer het na "dieselde vader- / land waarop hy geskryf het" (vergelyk die politieke kritiek in Breytenbach se bundel *Skryt* van 1972), dat hy eers bewonderend geskryf het oor "die wit keil van sneekop" (vergelyk Breytenbach se gedig "wy", 2001a: 42) en later verguisend oor die "hoerkaap" (vergelyk Breytenbach se gedig "Totsiens, Kaapstad", 2001a: 160-1). In strofe 5 word daar na hom verwys as die "filiale seun / wat verlangend staar na die moederspeen" (vergelyk Breytenbach se "wat die hart van vol is loop die mond van oor", 2001a: 19-21). Hierdie reëls suggereer dat daar in die betrokke Breytenbach-gedig sprake is van 'n vreemde soort oedipale verhouding tussen die ek-spreker en sy moeder (die Freudiaanse

toespeling word versterk wanneer daar gesê word dat hierdie verlore seun "tevrede suig, pyp, tabak en baard, / uiteindelik rus op Onrus", strofe 5). Soos dikwels in Walters se satiriese gedigte bevat hierdie gedig ook 'n sterk verhalende element: na die vertelling oor die "verlore seun" Breytenbach se terugkeer (strofes 1 en 2) word daar in strofes 3 tot 4 geskryf oor die reaksie van sy ouer broer, in strofes 6 en 7 oor die reaksie van die "jonger stiefkind-broer" en in strofes 8 en 9 oor die "uitgeslaaptheid" van die vader van hierdie seuns. Volgens strofe 3 het die "ouer boeta" (waarskynlik 'n verwysing na die gevinstigde Afrikaanse skrywers) nie geprotesteer oor die ophef wat daar van Breytenbach gemaak is nie omdat dit mode was om humanisties te wees. In strofe 6 word dit deur verskillende verwysings en die gebruik van Kaapse Afrikaans duidelik gemaak dat die "jonger stiefkind-broer" wat wel protesteer teen die ophef wat daar van die verlore seun gemaak is, Adam Small is. Small se bekende drama *Kanna hy kô hystoe* (1965) word opgeroep in die reëls "Kanna hy kô hystoe met die erouplein / sy hylou op en sy hartjie rein / en Pappa sê piekfyn, disregard die oerriedange." Met verwysing na Small (1973a: 3) se uitspraak dat hy 'n balling in sy eie land is, lê Walters se gedig die volgende woorde in die "jonger stiefkind-broer" se mond: "Ék is die verlora seun, met my graaf en besem, / en nie daai bokker met die baard nie" (strofe 7). In strofe 8 word daar na hierdie broer verwys as die "afskeepkind" wat "bly sit / met die gebakte pere" deurdat al die aandag aan Breytenbach gegee word. Die konklusie van die agste strofe is dat dit die vader, wat die verlore seun met ope arms ontvang het, is wat 'n prys moet kry vir "sy uitgeslaaptheid" (strofe 8).

Oor presies wie die vader sou wees, kan die leser net spekuleer. Die vader van die verskillende literêre broers (naamlik die ouer broer-skrywers wat in die land gebly het, die verlore seun-skrywer wat die land verlaat het en nou met fanfare terugkeer, die "jonger stiefkind"-swart skrywer wat steeds afgeskeep bly) is moontlik 'n verwysing na die Afrikaanse literêre establishment, of ten minste 'n deel daarvan, wat soveel aandag aan Breytenbach gee terwyl ander skrywers afgeskeep word. Samevattend beskou, is dit duidelik dat hier sprake is van 'n skerp satiriese, selfs venynige beeld van Breytenbach as die "verlore seun" van die Afrikaanse letterkunde van wie daar 'n buitensporige ophef gemaak word ten koste van ander Afrikaanse skrywers soos Adam Small en ook Walters self. Dit is nie soseer literêre as politieke kritiek nie: die implikasie is dat daar om politieke redes aandag gegee word aan Breytenbach, maar dat die meer verdienstelike politieke saak van die swart Afrikaanse skrywers nie aandag kry nie omdat dit nie so glansryk is soos dié van die jong teruggekeerde Breytenbach en sy beeldskone vrou nie. Dit is ook opvallend dat Walters in hierdie gedig Small se stem aanneem (dit is wel opmerklik dat groot gedeeltes van die Kaapse Afrikaans in die eerste weergawe van die gedig in die tweede weergawe vervang is met Standaardafrikaans) en namens hom kritiek uitspreek oor die wyse waarop hy oor die hoof

gesien word sonder dat daar gereflekteer word oor die etiese implikasies van hierdie soort praat namens die 'ander'.

Naas hierdie twee gedigte word daar ook kritiek gelewer op die toespraak wat Breytenbach op 14 Februarie 1973 lewer by die Sestiger-simposium by die Universiteit van Kaapstad in Johan de Jager (1974: 42-51) se gedig "Nog 'n ope brief aan Breyten" in die bundel *Haggadâ vir 'n wit Afrikaan* van 1974. As "ope brief" neem hierdie lang gedig van 262 reëls ironies genoeg die vorm aan van 'n vertroulike gesprek met Breytenbach, maar bevat dit ook 'n sterk narratiewe element. Die narratief van die gedig verloop in drie fasies waarvan die eerste handel oor die spreker in die gedig se reaksie op Breytenbach se toespraak. Die gedig begin as 'n "vriendskaplike" brief waarin die spreker sê dat hy jammer is hy het nie vroeër geskryf nie, maar dat hy eers moes herstel van die aand wat Breytenbach sy toespraak gehou het en "toe dit vir my gevoel het / of my wêrelد van net anderkant die Heksrivierberge / vergaan het" (strofe 1). Hy vertel hoedat hulle lank gewag het op Breytenbach se komste en hoedat hulle skaam gekry het vir hulle mense ("ons mense") se behandeling van Breytenbach en sy Viëtnamese vrou. Hy verwys verder daarna dat hulle vir hom die "rooitapyt" van die "verlore seun" ('n algemene tema in die diskous rondom Breytenbach se terugkeer) uitgerol het (strofe 3) en dat hy gehoop het Breyten vir hulle sal vertel van "Afrikaan wees" en sê dat "menswees" eerder as ras of kleur belangrik is (strofe 5). Hy draai geen doekies om oor die omvang van sy teleurstelling toe Breytenbach nie gesê het wat hy graag wou hoor nie:

Jerejesuskristus!  
toe skryf jy ons af  
so in die verbygaan skryf jy ons af  
so plaaslik  
paslik  
skryf jy ons die ewigheid in (strofe 5)

Dit is dus nie onverwags dat hy die eerste deel van sy narratief afsluit met 'n woedende afwyssing van Breytenbach nie: "Fok jou Breyten! / Fok jou goed!" (strofe 6).

In die tweede fase van die narratief waaruit die gedig bestaan, vertel De Jager hoedat hy 'n besoek gaan bring aan die Bosveld (strofes 7 tot 10). Dit lyk asof hierdie deel van die narratief in die gedig daarop gemik is om 'n Afrika-ervaring te verteenwoordig: daar is verwysings na 'n tradisionele Boere-ete, die mooiheid van die landskap, verwysings na die inheemse bome, die bekoring van die Bosveldse nag. Die positiewe van hierdie ervaring word dan versteur deur 'n droom waarin daar sprake is van bloedvergieting en geweld teenoor sy kinders sodat dit vir hom vir die eerste keer in sy lewe voel "iemand trek die afrikamatjies / onder my voete uit" (strofe 11). Hy skryf verder dat hy na hierdie droom

gesê het: “alles was swart / swart / swart / en die sterre was dood” (strofe 13). Sonder dat dit ooit eksplisiet uitgespel word, lyk dit dus asof die droom gaan oor sy vrees dat die swart meerderheid in die land geweld sal pleeg teenoor hom en sy familie en dat dit sal resulteer in ’n bewindsoornname deur swartmense (laasgenoemde is een moontlike interpretasie van die reël “swart / swart / swart” in strofe 13). Dit lei dan tot ’n verdere verwyt gerig aan Breytenbach wat volgens hom die geweldpleging sal vryspring omdat hy in die buiteland woon (hy verwys immers in strofe 1 na die feit dat hy gewoond is aan “exile”). Sy woede teenoor Breytenbach bereik in strofe 14 ’n hoogtepunt:

Donner  
 drafodger  
 dis vir jou maklik (!)  
 waar jy in jou attic sit  
 en weemoedig uitstaar oor die grys landskap  
 vin rouge inniehand  
 of miskien sit jy nou en paint  
 jy met jou eseltjie  
 en jou pen  
 en jou verse  
 (van die mooistes)

Die laaste deel van die narratief neem ’n oorskouende toon aan: die spreker verwys na sy daaglike roetine waaronder sy “establishment okkupasiekie”, die koerante wat hy lees, sy verhouding met sy kinders en die verkiesing wat “ons” gewen het (strofes 22 en 23). Die uitspraak dat “ons” die verkiesing gewen het, maak dit duidelik dat hy hom nou met die “owerheid” (strofe 21) identifiseer teenoor die begin van die gedig waarin daar nog sprake is van ’n mate van ambivalensie oor die regeerders wat hy by geleentheid “hulle” noem (vergelyk “Sê hulle Breyten / sê hulle”, strofe 4). In die res van strofe 23 praat hy kritis van “die ouerwordende sestigers” sowel as van die bedrywighede in “ons klein apartaanse letterkunde”. Laasgenoemde is ’n ironiese verwysing na Breytenbach (1973: 5) se uitspraak dat Afrikaans bevry moet word uit “die strikke van Apartaans” sodat dit een van die tale van Afrika kan word. Dit lyk dus asof die Breytenbach se toespraak by die Sestiger-simposium De Jager se aanvanklik ambivalente gevoelens oor die Suid-Afrikaanse politiek sterk gepolariseer het. Dit is ’n woedende aanval op Breytenbach wat skynbaar ontlok word deur sy skerp kritiek op Afrikaners en deur De Jagers se gevoel dat hy homself beveilig teen ’n potensieel gewelddadige opstand van swart teen wit in Suid-Afrika deur in Parys te woon. As sodanig is dit een van die skerpste skeldgedigte (vergelyk die genre van die “invective” in die klassieke poësie, Hornblower en Spawforth, 2003: 762) wat ooit teen Breytenbach gerig is en wat daar waarskynlik in Afrikaans bestaan.

Dit is 'n duidelike aanduiding van die ekstreme reaksie wat Breytenbach in sy loopbaan as openbare figuur ontlok het.

## **5. Verskillende reaksies op Breytenbach as politieke gevangene**

Die volgende reeks gebeurtenisse in Breytenbach se lewe as openbare figuur hou veral verband met sy politieke gevangenskap. Breytenbach is in Augustus 1975 in hegtenis geneem nadat hy Suid-Afrika met 'n onwettige paspoort binnegekom het met die doel om versetsoptrede teen die apartheidsregering te organiseer. In November 1975 word hy skuldig bevind op aanklagte ingevolge die Wet op Terrorisme en gevonnis tot nege jaar gevangenisstraf. In 1977 volg 'n tweede verhoor waarin hy aangekla word van pogings om te ontsnap en die staatsveiligheid in gevaar te bring, maar word hy slegs skuldig bevind op die klagte dat hy brieve uit die tronk gesmokkel het. Hy dien uiteindelik sewe jaar van sy vonnis uit voordat hy op 2 Desember 1982 vrygelaat word. In hierdie tydperk is daar herhaalde versoek uit verskillende oorde (byvoorbeeld van liggamme soos die Afrikaanse Skrywersgilde) om sy vonnis te verlig. Omdat hierdie fase in Breytenbach se lewe as openbare figuur so gebeurtenisvol was en soveel media-aandag ontlok het, is dit nie vreemd dat 'n hele aantal Afrikaanse digters hulle in hulle poësie oor hierdie aangeleenthede uitgespreek het nie. Die reaksie wissel van solidariteit met Breytenbach se posisie as politieke gevangene tot heftige kritiek op sy politieke optrede en opvattinge.

### **5.1 'n Kritiese perspektief op Breytenbach se optrede by sy twee verhore**

Die enigste digter wat met 'n gedig reageer op Breytenbach se twee verhore as politieke gevangene is M.M. Walters (1979: 31-2) wat in sy bundel *Saturae* van 1979 die gedig "Verlore seun '77" opneem. Alhoewel die datum by die gedig suggereer dat die gedig verwys na Breytenbach se tweede verhoor in 1977, lyk dit asof die gedig veral die eerste verhoor van 1975 in herinnering wil roep. Walters plaas hierdie gedig onmiddellik na die gedig "Verlore seun '73" (hierbo bespreek) in die bundel *Saturae* van 1979. Hierdie opeenvolging stel Walters in staat om die motief van die verlore seun voort te sit; in die geval van die tweede gedig word die motief van die vader (reeds aanwesig in die eerste gedig) uitgebrei en word daar ook gespeel met die konsep van die "vaderland". Daar word kennelik verwys na die verduideliking wat Breytenbach gegee het (vergelyk Galloway, 1990: 170-1) voor die vonnisoplegging tydens sy eerste verhoor in 1975 en waarin hy 'bekent' het dat hy berou het oor sy optrede en sommige van sy uitlatings. Uit die sterk ironiese toon is dit duidelik dat die spreker in hierdie gedig Breytenbach se ommekeer wantrou. In die eerste strofe word daar verwys na die feit dat Breytenbach se advokaat gewys het op "die beskuldigte met die moederlief-glimlag" se vaderlands liefde (iets wat reeds in die vorige gedig, "Verlore seun '73"

in die twyfel getrek is met die uitspraak dat Breytenbach op sy vaderland "geskryf" het).

Die tweede strofe verwys eweneens krities na Breytenbach se klandestiene terugkeer na Suid-Afrika met 'n nuwe voorkoms ("sonder sy baard") en met 'n vals naam ("sonder selfs die naam waarmee hy gebore is"). Daar word gesuggereer dat Breytenbach "nou", onder die druk van die omstandighede, vergewend is teenoor "die honde" (die polisie) van wie hy gevlug het en verskonend is teenoor sy broers of mede-skrywers wat hy vantevore gekritiseer het ("sy baserige broers / wat nog die hielmerk van sy woorde dra"). Die derde strofe herinner die leser hoe Breytenbach hom die bewondering waarmee hy in 1973 ontvang is, laat welgeval het: "onthou hoe hy die golf van applous gery het, / wuiwend soos 'n man wat die eeu bevry, / die onaantastbare." Die vierde strofe keer weer terug na die wyse waarop hy voor die vonnisoplegging tydens sy verhoor voorgestel is as iemand wat deur ander mislei is ("Hy is die lam, slagoffer van duiwelspredikante"). Daar word ook in hierdie strofe verwys na die feit dat die sekuriteitspolisieman, kolonel Kalfie Broodryk, ter versagting van Breytenbach getuig het dat hy 'n "romantikus en skrywer" is wat spyt het oor wat hy gedoen het (vergelyk Galloway, 1990: 171). Die vyfde strofe verwys na die feit dat Breytenbach na sy 'bekentenis' of verontskuldiging 'n nuwe blaadjie wil omslaan: "die verslaene / wat sy lewe nou nuut begeer soos 'n skoon doek, / met alles uitgevee en vergewe, sonder smeerset / van oopskrywe en vloek." Die aksenttekens op "nóú" wys weer eens die spreker se irritasie en onbehag met Breytenbach se 'laat' bekering.

In die laaste twee reëls van die vyfde strofe word die motief van die vader wat ook in die vorige gedig gebruik is, ingevoer wanneer daar gevra word waarom hy nie met "n skreeuende / speenvark in die arms van die vader" verwelkom is nie. Anders as in die vorige gedig verteenwoordig die "vader" hier nie die literêre establishment nie, maar word daar in die daaropvolgende slotstrofe van die gedig verwys na 'n werklike vader wat sy seun in die grensoorlog verloor het: "Die vader het gedink aan 'n verlore seun / wat ook sy vader-land so liefgehad het, / maar gaan veg het / en teruggekom het, stil en koud in die dood." Die verwysing na die "verlore seun" verloor in hierdie konteks sy sterk ironiese lading omdat dit kennelik gaan om 'n seun wat in die grensoorlog in Angola gesterf het; in aansluiting hierby verander die toon van die gedig van sarkasme en ironie na erns. Die verwysing na die grensoorlog in Walters se gedig sluit aan by 'n vry algemene reaksie onder lede van die publiek na Breytenbach se bekentenis en vermeende ommeswai. Hulle is nie geïmponeer daarmee nie en weeg Breytenbach se optrede op teen dié van Suid-Afrikaanse soldate wat betrokke is in die grensoorlog. Galloway (1990: 177) haal selfs die vader van 'n soldaat wat op die grens gesterf het aan wat sê: "Ek blameer nie die terroriste aan ons grens vir my seun se dood nie, maar wel die terroriste in ons midde soos Breyten Breytenbach.

Ek sou graag 'n koeël deur sy kop wil jaag." Walters sluit kennelik met sy gedig by hierdie diskokers aan deur sy kritis-ironiese toon en sy hantering van die vaderland- en vaderskapsmotiewe. Soos in die geval van die gedig "Verlore seun '73" is Walters dus een van die digters wat uiters kritis staan teenoor Breytenbach as persoon en ook teenoor sy politieke opvattinge, iets wat aansluit by die algemeen-satiriese inslag in die bundel *Satura*e en Walters se werk in die algemeen.

## 5.2 Verskillende perspektiewe op Breytenbach as politieke gevangene

Naas die enkele gedig van Walters wat reageer op Breytenbach se verhore, is daar heelwat gedigte wat reageer op sy posisie as gevangene: in sommige van die gedigte word daar 'n gevoel van solidariteit met sy posisie en sy oortuiginge uitgespreek; in ander gedigte distansieer die sprekers hulle van hom en is daar implisiële kritiek op sy politieke opvattinge.

Wopko Jensma (1977: 59) se gedig "en ook alle weerbare manne" uit die bundel *I must show you my clippings* van 1977 is gerig aan Breytenbach as gevangene en klaarblyklik daarop gemik om hom moed te gee vir die toekoms. Die gedig, wat uit een lang strofe bestaan, het 'n sterk liriese inslag omdat dit gebou is rondom die refreinreëls, "breyten voordat die haat in jou versteen" (wat 6 maal herhaal word) en "is dit 'n klipsel, 'n rubbersel?" (wat 5 maal herhaal word). Die tweede refrein, "is dit 'n klipsel, 'n rubbersel", maak dit duidelik dat dit 'n Breytenbach in gevangskap is wat hier aangespreek word. Breytenbach is in 1977, wanneer Jensma se gedig verskyn, nog in eensame aanhouding (sien Gallo-way, 1990: 191) sodat die spreker in die gedig hom uitvra na die tronk-omstandighede en die aard van sy sel. Implisiëlt in die refrein is egter ook die vraag of hy in 'n gewone sel is of in 'n "rubbersel" vir waansinniges: dit is dus ook 'n vraag na sy geestestoestand en algemene welsyn. Die eerste refrein ("breyten, voordat die haat in jou versteen") verwys na die moontlikheid dat Breytenbach se emosie sal verhard en dat hy gevoelloos sal word in die tronk. Die res van die gedig lyk asof dit daarop gemik is om hom op so 'n manier te raak en te inspireer dat hy nie daardie punt bereik nie. Daarom hou die spreker in die gedig aan hom die beeld voor van 'n leë ("die strate lê leeg nou, breyten / ja, hard nes glas, swart nes bloed"), onvrugbare ("glad g'n wilgers, g'n vinke nou / net garings net distels, breyten") en gewelddadige land wat op rand staan van opstand ("bommie prut die mielielande oop nou"). Ten slotte verseker hy vir Breytenbach dat hy self ook die wil tot gewelddadige opstand geïnternaliseer het en gereed is om oor te gaan tot verset teen die onderdrukker. Die laaste ses reëls lui naamlik:

breyten, voordat die haat in jou versteen  
nes vrees die oë afskil, breyten  
is dit 'n klipsel, 'n rubbersel?

dis bries en mee in die gewelf  
ja, voel die knaldop in my bors  
breyten, voordat die haat in jou versteen

In die voorlaaste reël word die spreker in die gedig op dramatiese wyse self as 'n bom (vergelyk die verwysing na die "knaldop in my bors") of wapen in die stryd voorgestel. Dit is dus nie net 'n gedig wat simpatie met Breytenbach as gevangene suggereer nie, maar dit ook duidelik stel dat sy politieke ideaal van 'n omverwerping van die onderdrukkende regering deur die spreker voortgedra word. Die titel ("en ook alle weerbare manne") impliseer selfs dat daar 'n soort mobilisering aan die gang is van "alle weerbare manne" om hierdie politieke ideaal te verwesenlik, iets wat 'n kontras vorm met Walters se verwysing na die regering se mobilisering van jongmans om aan die grensoorlog deel te neem.

Die swart Afrikaanse digter Julian de Wette (1980: 38-9) se gedig "New York, Mei 1979" uit sy bundel *Verban; verbinne* van 1980 neem die vorm aan van 'n brief aan Breytenbach in gevangenskap: laasgenoemde blyk uit die verwysing na die "spinneweb" en die "sipier op die looplys" (strofe 1). Die feit dat die spreker in die gedig die gevangenskap teken as 'n "grootword-tyd / tyd vir die vasvorm van idees" impliseer dat hy Breytenbach ondersteun en dat hy uitsien na 'n verdere verfyning van sy politieke idees oor opstand. Getrou aan die aard van 'n brief deel hy ook nuus mee aan Breytenbach, naamlik dat daar in New York van hom gepraat word as 'n "strooipop" en hoedat daar verwarring gestig word deur die nuus van sy "oud-bekentenis" (strofe 2) – waarskynlik 'n verwysing na die 'bekentenis' wat Breytenbach na die afloop van sy eerste verhoor gemaak het (vergelyk Galloway, 1990: 171-2). In die derde strofe vra die spreker dat Breytenbach asseblief "soos 'n trekvoël in die kouelente" moet kom en hom moet red van sy "makkers se deurmekaargepraat" (strofe 3) sodat dit lyk asof hy verwar word deur die praatjies oor Breytenbach. Hy verwys na 'n "wilde heen en weer gekullery, 'n verraaiery, / skuld en onskuld: / 'n melaatsheid wat almal verrinneweer" (strofe 3) wat impliseer dat daar groot onmin heers onder die struggle-ondersteuners in die buiteland en dat Breytenbach se lojaliteit aan die politieke stryd bevraagteken word. In die laaste twee strofes betuig die spreker egter ondubbelzinnig sy gevoel van broederskap met en sy lojaliteit aan Breytenbach ten spye van die rasverskil tussen hulle. Hy sê dat dit waarskynlik parogiaal sou wees om Breytenbach "Ouboet" te noem en verwys na die feit dat Breytenbach se ma so iets waarskynlik "vrypostig, aanmatigend" sou ag, komende van iemand wat nie wit is nie en dat sy eie ma na Breytenbach sou verwys as "'n *filthy Dutchman*" (strofe 4). Die beeld van broers en broederskap word hier doelbewus anders hanteer as in byvoorbeeld Walters (1979: 28-30) se gedig "Verlore seun '73" waarin daar onder andere 'n verwysing is na 'n ander swart Afrikaanse digter, Adam Small, as 'n "jonger stiekind-broer". Ter afsluiting van die brief moedig die spreker die gevangene Breytenbach aan om nie te vergeet van sy

skeppingsvermoë en die ideaal van vryheid nie: "Skrywe/skep alles wat mooi is, Breyten, / verbeel jou vryheid, broer, verbeel – / maak nie saak wat ma sê nie" (strofe 5). De Wette se solidariteit met Breytenbach as politieke gevangene in hierdie gedig kan moontlik gelees word teen die agtergrond daarvan dat hy self ook ervaring het van politieke ballingskap, iets wat 'n sterk tema is in sy eerste twee bundels *Die koning in die buiteland* (1977) en *Verban: verbinne* (1980).

Die titel van Ernst van Heerden (1982: 4) se gedig "Tralielied" uit sy bundel *Kanse op 'n wrak* van 1982 suggereer reeds dat dit 'n gedig vir 'n gevangene kan wees. Die onderskrif bevestig dat dit vir Breytenbach geskryf is wanneer gesê word dat dit "(v)ir B.B. Lazarus" is, 'n verwysing na die skrywersnaam waaronder Breytenbach sy reisverhaal '*n Seisoen in die paradys* gepubliseer het in 1976. Alhoewel die titel gevangenskap suggereer, impliseer die onderskrif die moontlikheid van opstanding uit die dode en dalk ook vrylating uit die tronk. Interessant genoeg impliseer die gedig in strofe 1 dat die "ons" van die gedig (die spreker en diegene soos hy) net soveel as die aangesprokene gevangenes is:

Saggies, jong ou meester,  
brom jy bo jou baard  
en spoeg na die kant toe,  
rammel aan ons ingeperkte vensters  
waarvan ons deurgaans skerwe tel en optel

Hier word dus verwys na die feit dat Breytenbach met sy optrede en uitsprake deurgaans besig is om die sekerhede van die "ons" te bevraagteken. Die spreker impliseer ook dat hierdie "ons" gevangenes is binne daardie sekerhede (in die geval van bepaalde wit Suid-Afrikaners sou dit hulle selfgenoegsaamheid binne 'n rassistiese bestel kon wees). Hier is dus sprake van 'n selfkritiese spreker wat Breytenbach bewonder vir sy vermoë om die "ingeperkte vensters" te skud. Die tweede strofe bevestig die idee van Breytenbach se gevangenskap met 'n verwysing na 'n "selmuur". In die derde strofe word daar verwys na Breytenbach se "stekelwoord" (weer eens is daar die suggestie van sy vermoë om ander tot pynlike selfkritiek aan te spoor met sy woorde) en word daar ook gesinspeel op sy komst na Suid-Afrika in 1973 én weer onder 'n skuilnaam in 1975 ("jy wat as mieserige, / noordelike banneling / die suidelike son wou soek / en net 'n dooie maan kon kry"). Die vierde en slotstrofe van die gedig is 'n bemoedigende wens dat Breytenbach se strewe uiteindelik sal seëvier: "Maar mag jou paradyslike seisoen / één dag / sy uitbot in ons saamgespande vuiste / vier." Met verdere verwysing na Breytenbach se reisverhaal '*n Seisoen in die paradys* word die wens uitgespreek dat sy "paradyslike seisoen" ('n ironiese verwysing na sy Suid-Afrikaanse verblyf in die gevangeris) uiteindelik sal uitloop in die opstand van wit Afrikaners teen die onderdrukende bestel. Die "tralielied" is dus net soveel gemik op Breytenbach as Van Heerden se mede-Afrikaners. Hierdie gedig is dus

'n uitgesproke geval van ondersteuning vir Breytenbach van die kant van een van Afrikaans se ouer digters (Van Heerden is met die publikasie van hierdie gedig reeds 66 jaar oud).

Meer as vyf-en-twintig jaar nadat Breytenbach tot nege jaar gevangenstraf gevonnis is in 1975, verskyn Trienke Laurie (2001: 69) se gedig "Jan Afrika" in haar bundel *Uitroep* van 2001. Die gedig verwys na dit wat Breytenbach (hier Jan Afrika genoem op grond van die skrywersnaam wat hy gebruik het by die publikasie van sy bundel *Papierblom* in 1998[b]) as "tronkvoël" moes ontbeer. Met verwysing na een van Breytenbach (2001a: 43-4) se bekendste liefdesgedigte, "nagmaal" uit *Die ysterkoei moet sweet*, word daar beskryf hoedat hy as "tronkvoël" sy sente gespaar het sodat hy op Kersfees 'n blik sardiens, "vis vir afkopvis voor sy vrou", kon eet om iets van die ritueel van nagmaal te herskep terwyl sy toekyk. Hier lyk dit asof die simpatieke gedig van Laurie veral ontlok is deur die feit dat hy die gedig "nagmaal" geskryf het.

Naas die gedigte waaruit daar ondersteuning vir Breytenbach as politieke gevangene uitgespreek word, is daar ook enkele gedigte wat 'n kritiese houding openbaar. Wessel Pretorius (1979: 26-7) se tweedelige gedig, "vir 'n ghoeroe" uit die bundel *Laatnagvrese en ander verse* van 1979 klink aanvanklik ambivalent oor die gevangenskap van Breytenbach. Verwysings na Parys, na liefdes- en politieke verse, 'n tronkverblyf in Pretoria en 'n vonnis van nege jaar gevangenskap maak dit duidelik dat die ongeïdentifiseerde "ghoeroe" van die titel Breytenbach is. Die titel skep die indruk dat hy bewonder word deur die spreker, maar dit word mettertyd deur die ironiese toon van die gedig ondermy. Die spreker vertel in die eerste strofe van deel een hoe hy daarna uitgesien het om die ghoeroe eendag te ontmoet, hoe hy geluister het na staaltjies van die ghoeroe in sy dakkamer in Parys en hoe hy sy "metaforiese vermoë" bewonder het. Hy verwys in dieselfde strofe egter ook op wrang-ironiese manier na Breytenbach se 1973-besoek aan Suid-Afrika wanneer hy sê dat die aangesprokene "hier te lande een somer / vir jesus christus aangesien" is. Die laaste reëls van hierdie strofe verwys dan op kritiese wyse daarna dat die "ghoeroe", oftewel Breytenbach, nog altyd sy "neus / opgetrck [het] vir pretoria / vir die politici van pretoria / die klein groepies van pretoria." Hiermee suggereer hy nie net dat Breytenbach krities is teenoor Pretoria as setel van die apartheidregering nie, maar dat hy homself ook verhewe ag bo die politici en groepies van Pretoria.

In die tweede strofe van die eerste gedig word daar verwys na Breytenbach se tronkstraf in Pretoria:

ek lees jy is nou hier in pretoria  
 jy word glo aangehou  
 om te dink: hoe het ek nie al  
 aangehou om hier weg te kom nie -  
 miskien is dit nou jou beurt om oor pretoria te dig

Hier suggereer die spreker (wat homself ook in Pretoria bevind, vergelyk “hier in pretoria”) dat hy ’n buitestander is wat nie heeltemal bewus is van al die verwikkelinge rondom Breytenbach wat immers reeds in 1975 gevonnis is en die eerste jare van sy gevangenskap in Pretoria Sentraal deurgebring het nie (vergelyk “ek *lees* jy is nou hier in pretoria / jy word *glo* aangehou”, LV se kursivering). In Breytenbach se geval dui die woord “aangehou” op sy aanhouding en tronkstraf (“jy word *glo* aangehou”) en in die spreker se geval op ’n behoefte om Pretoria te verlaat en nie meer daaroor te skryf nie (“hoe het ek nie al / aangehou om hier weg te kom nie”). Om hierdie rede sê hy in die slotreël van die strofe vir Breytenbach: “miskien is dit nou jou beurt om oor pretoria te dig.” Aan die een kant klink dit dus of daar sprake is van identifikasie met Breytenbach wat die gevangene is *van* “Pretoria” (’n verwysing na die Suid-Afrikaanse staat) én *in* Pretoria (in Pretoria Sentraal Gevangenis) omdat dit ’n plek is waarvan hy self graag wil weggom. Aan die ander kant is daar ook ’n element van afwysing in die verwysing na Breytenbach wat aangesien is vir “jesus christus” en sy neus optrek vir Pretoria.

Die afwysing word duideliker in die tweede deel van die gedig wat uit vyf twee-reëlige strofes bestaan. Na analogie van die Bybelse verhaal van die sewe maer en sewe vet jare (Genesis 41) verwys die spreker na die “nege maer jare” wat die resultaat is van Breytenbach se “getelde dade” (strofe 1), ’n verwysing na die nege jaar-vonnis waarvan Breytenbach uiteindelik sewe uitgedien het. In die tweede strofe word Breytenbach verwyt dat hy veilig binne-in die tronk sit terwyl dié wat buite die tronk is se vryheid stelselmatig verwoes word: “buite spat die bomme / brand óns vryheid afgemete af.” Die spreker identifiseer hom dus met daardie Suid-Afrikaners wat voel dat hulle vryheid bedreig word deur die politieke onrus eerder as met diegene wat soos Breytenbach voel dat die politieke opstand teen die apartheidstaat geregtig is. Daar word ook verwys na Breytenbach wat “binne” sit met sy “growwe gedagtes en gedigte” (strofe 3), wat suggereer dat sy politieke idees nie verfynd genoeg is om insig te hê in die gevaar waaraan dit mense blootstel nie. Alhoewel daar dus in die begin van die gedig sprake is van ’n bewondering vir Breytenbach wat gesien word as ’n “ghoeroe” (’n deskundige en inspirerende leier wat deur talle nagevolg word), word dit mettertyd duidelik dat die spreker hom polities nie met Breytenbach kan vereenselwig nie. Die woord “ghoeroe” word dus terugwerkend met ironie gelaaï.

Ook Rudolph Willemse (1982: 1) publiseer in sy bundel *Kweekskool* van 1982 ’n gedig wat geïnterpreteer kan word as ’n vorm van kritiek op Breytenbach se persoon en poësie. In die eerste gedig in hierdie bundel, “Laat berig”, lyk dit asof die spreker ’n soort credo uitspreek deur homself op ironiese wyse te probeer distansieer van onder andere Breytenbach. Die spreker begin naamlik deur te sê: “ek is Totius Breytenbach” (strofe 1); uit die daaropvolgende strofes blyk dit egter dat hy hom probeer distansieer van die soort poësie wat met hierdie twee

digters geassosieer word. Die derde strofe verwys na Breytenbach as politieke digter wanneer die spreker op ironiese wyse sê: "bevry my / van sabotasieverse / dinamietkerse / tronkselle", en in die vierde strofe vra: "hou my / (gedigte) / van die ashoop af." Dit lyk dus asof die spreker vra om bevry te word van Breytenbach se politieke poësie ("sabotasieverse"), sy revolusionêre politiek ("dinamietkerse") en sy geskiedenis ("tronkselle"). In die laaste strofe impliseer hy dat die soort roem wat Breytenbach verwerf het deur sy poësie en optrede erg verganklik is: "koerante brand maklik" lui die laaste reël in 'n terugverwysing na die titel "Laat berig". 'n Verdere gedig van Willemse (1982: 5) in dieselfde bundel, getitel "Calvyn" lewer kritiek op Breytenbach as self-aangestelde en mislukte redder deur die gebruik van die frase "n doringkroon met eendemis" ('n verwysing na Breytenbach, 2001a: 15, se "Bedreiging van die siekes" waarin die spreker sê: "laat die sluwe bitter eende op my graf kak in die reën").

## **6. Reaksies op Breytenbach se vrylating uit die tronk en sy vertrek uit Suid-Afrika**

Afrikaanse digters se betrokkenheid by Breytenbach duur voort wanneer hy aan die einde van 1982 vrygelaat word uit die tronk en na 'n kort besoek aan sy familie in Grahamstad saam met sy vrou na Parys vertrek. Media-reaksies op sy vrylating en vertrek uit Suid-Afrika wissel: sommige vind dit goed dat hy besluit het om die land te verlaat; ander meen dit is 'n kwalike refleksie op Suid-Afrika dat hy gedwing word om Suid-Afrika te verlaat vanweë sy huwelik met Yolande (vergelyk Galloway, 1990: 219-220). Breytenbach (1984: 288) skryf as volg in sy tronk-memoir, *The True Confessions of an Albino Terrorist*, oor 'n gesprek waarin die voorwaardes van sy moontlike vrylating ter sprake gekom het: "Basically I think it boiled down to: if we release you it will only be if we are sure that you will not rally the dissidents (students and intellec-chals) around you; that you will not embarrass the government by insisting on staying in the country with your wife ... My answer was simply that I would want to get away as far as possible from this country and rejoin my wife in Paris to continue my writing and painting". Op hierdie gebeure reageer Afrikaanse digters met 'n aantal uiteenlopende gedigte.

Louis Esterhuizen (1986: 51) se "Tuiskoms" in die bundel *Stilstuipe* van 1986 stel die gevangene Breytenbach self aan die woord oor sy vrylating soos wat blyk uit die feit dat daar gebruik gemaak word van die bekende gedig "Allerliefste, ek stuur vir jou 'n rooiborsduif" uit Breytenbach se *Lotus* (Breytenbach, 2001a: 246). In Breytenbach se gedig is die "rooiborsduif" die boodskapper van die digter se immierteenwoordige liefde vir sy "allerliefste"; in Esterhuizen se gedig lyk dit asof die "rooiborsduif" die digter Breytenbach is wat na sy vrylating uit die tronk skaars herkenbaar sal wees vir die geliefde. Daarom vra hy haar om nie die rooiborsduif dood te maak nie en genade te hê met die veranderinge teweeg

gebring deur die “littekenjare” van die gevangenskap en die verblyf in “die afgeleë seisoen” ('n verwysing na Breytenbach se *'n Seisoen in die paradys*). Die gedig in sy geheel lui as volg:

Allerliefste jy moet mooi kyk –  
die rooiborsduif wat in jou tuin  
afgelewer word,  
sal jy nie meer ken nie.  
Jy moet kyk, liefste alvorens jy jou oerbeminde  
nek omdraai, oor die heining gooie:

*Die littekenjare tussenin is bloot  
die afgeleë seisoen se hiëroglyf van stof en klip  
'n opgeheue geboortevlek.*

Die vonnis is tydelik opgeskort.

Die konklusie is dat die vonnis van hierdie gevangene slegs opgeskort is, nie volkomne afgehandel nie. Hier word kommentaar gelewer op die skade wat die gevangenskap Breytenbach aangedoen het deur homself aan die woord te stel en onder andere gebruik te maak van sy eie poësie in die 1970-bundel *Lotus*.

André Letoit (1985: 14) se gedig “Waarheen, Gehasie?” uit *Die geel kafee* van 1985 is een van die gedigte wat reageer op Breytenbach se vertrek uit Suid-Afrika. Volgens die onderskrif by die titel is die gedig geskryf “(v)ir Jan Blom, geykte lyk”: hierdie verwysing na die skrywersnaam Jan Blom wat Breytenbach gebruik het by die publikasie van *Lotus* in 1970 sowel as na die bundel ('yk') (1983) en die beeld van die gevangene as gestorwene in Breytenbach se tronkpoësie verklap dat die gedig gerig is aan Breytenbach. Die titel van die gedig is 'n spel op die uitdrukking “Vanwaar Gehasie” (die WAT 3, 1972: 89, verwys na die Bybelse oorsprong van die naam Gehasi in 2 Konings 5 en verklaar die uitdrukking as volg: “skertsend gesê as iemand onverwags sy verskyning maak”). Dit word hier verander na “Waarheen, Gehasie?” om te pas by die situasie van Breytenbach wat uit die tronk vrygelaat is, maar dan weggaan uit die land, soos wat blyk uit die eerste strofe:

waarheen, gehasie?  
waar hol jy nou alweer, kleinbasie?  
hier moet ons  
in die rook bly sit  
en jy wag op 'n vreemde stasie  
vir waffer trein, kleinbasie?

In die gedig word Breytenbach aangespreek deur iemand wat hom “kleinbasie” (strofes 1, 4 en 6) en “basie” (strofes 2 en 3) noem; dit klink dus asof die spreker in die gedig die stem aanneem van een van die onderdrukte wat tydens die

apartheidstyd veronderstel was om vir witmense "baas" te sê. Hy maak dit ook in die eerste strofe duidelik dat hy en sy mense moet agterbly in 'n onvry Suid-Afrika en dat hy Breytenbach verwyt omdat hy die land verlaat. In die tweede strofe word daar vir hom gesê dat hy teen die tyd al weet dat hy nie kan vlug nie al wil hy ook en in die derde strofe sê die spreker dat Suid-Afrika die land is waar hy hoort, waar hy sy "eie nasionale selfmoord" moet "face". Laasgenoemde verwysing herroep die geskiedenis van die groot veeslagting deur die Xhosas (ook bekend as die "nasionale selfmoord") in 1857 toe die Xhosas gehoop het dat die wit nedersetters in die see gewai sou word (Benyon, 1986: 164) en suggereer dat Breytenbach teenwoordig behoort te wees wanneer die blankes in Suid-Afrika ondergaan. Hier speel die spreker nogal 'n ambivalente rol: 'n wit spreker wat krities staan teenoor Breytenbach se politieke strewe sou hiermee suggereer dat Breytenbach aandadig is aan die komende "selfmoord" van sy mense en dat hy dit moet meemaak ("face"); die bruin of swart spreker in die gedig wat hom vra om hulle te help, sou die einde van wit oorheersing as iets positiefs sien en hom dus aanmaan om teenwoordig te wees wanneer dit gebeur.

In die vierde strofe word Breytenbach gevra om as kunstenaar 'n leiersrol te speel by die bevryding van die onderdruktes:

of anders, basie,  
wie gaan vir ons kitaarspeel  
as ons die pêrel oorvat  
met die derde-wêreld konsumnasie?  
dit is jóú woorde dié, kleinbasie,  
waarmee ons verder wil boer ...

Die verwysing na "kitaarspeel" lyk na 'n toespeling op Adam Small (1973c: 11-12) se gedig "Kô lat ons sing" uit *Kitaar my kruis* waarin die suggestie voorkom dat die Moses-figuur met sy kitaar tegelyk prediker en kunstenaar is en sy mense uit die onderdrukking moet lei. Die oorneem van die "pêrel" kan verwys na Afrikaans wat in 1974 vereer is met 'n FAK-publikasie getitel *Afrikaans, ons pêrel van groot waarde* (met Benedictus Kok as hoofredakteur). Die Afrikaanse digter Breytenbach en sy "woorde" word dus opgevorder vir die poging om wit oorheersing in Suid-Afrika te beëindig, vandaar die teleurstelling dat Breytenbach die land verlaat. Die spreker wat deur sy gebruik van die terme "kleinbasie" en "basie" geïdentifiseer kan word as bruin of swart gaan voort om in strofe 5 te sê: "ons is mos almal witmense / as ons getrou ons tande borsel / met jóú albino-politoer", 'n verwysing na Breytenbach se *The True Confessions of an Albino Terrorist*, die tronkmemoir wat hy gepubliseer het 'n jaar voordat Letoit se bundel in 1985 verskyn het. Die gedig sluit in strofe 6 af met 'n tipiese spreektaal-uitdrukking waarin Breytenbach verwyt word omdat hy klaarblyklik nie gehoor gee aan die spreker se oproep nie: "moenie só wees nie, kleinbasie!". Dit lyk dus

asof die gedig 'n oproep is aan Breytenbach om hom nie te onttrek van die onderdruktes in Suid-Afrika nie, meer spesifiek van die bruin sprekers van Afrikaans wat hoop om onder andere deur sy kunstenaarskap geïnspireer te word, uit die onderdrukking bevry te word en ook die nodige erkenning te kry as moedertaal-sprekers van Afrikaans (vergelyk die verwysing na die "oorvat" van die "pêrel"). Dit gaan dus hier oor 'n wit digter wat in die tagtigerjare lid was van 'n alternatiewe beweging in Afrikaans (vergelyk André Letoit/Koos Kombuis se deelname aan die Voëlvry-beweging van die tagtigerjare) en in sy gedig die kwasi-onderdanige en verwytende stem aanneem van 'n bruin spreker ten einde Breytenbach te vra om sy rol as inspireerder en leier te honoreer. In sekere opsigte is sy strategie dus vergelykbaar met dié van Walters wat namens Small sekere verwytlewende aan Breytenbach rig.

Willem S. van der Merwe (1985:1-2) se gedig "Selfportret" in die bundel *Sondig* is volgens die onderskrif geskryf "vir b. breytenbach" en bevat verwysings na Breytenbach se poësie en sy posisie as politieke figuur, maar kan ook gelees word as 'n self-aanklag aan die kant van die spreker in die gedig. Van der Merwe se gedig volg die patroon van Breytenbach (2001a: 16) se "verslag" uit *Die ysterkoei moet sweet*; die eerste strofe lui as volg:

ek het 'n oliekol in die pad gesien sprei  
 s p r e i  
 in die reën met prismatiese fantasieë  
 ek het sku mense onder druipende sambrele  
 gesien – multiplex-geel, rooi, bont,  
 maar die meerderheid swart  
 ek het paartjies met geperste lippe gesien  
 wat gespanne soen  
 ek het 'n dooie digter in die sloot gesien:  
 almal het hom kiembewus vermy  
 (hy het opgeblase, kop-bo-water met glasoë  
 gedryf)  
 ek het mense soos bang honde sien markeer  
 en senuagtig hoor snuif in gure weer  
 ek het dit alles gesien, en ek het nie geweet nie

Die "dooie digter" figureer ook in die tweede en vierde strofes. In strofe twee sê die spreker dat hy 'n meisie onder 'n sambreel gesien het wat staar "na die dooie digter" en dat hy ook "gesien [het] sy weet nie". In die vierde strofe word daar gesê dat die spreker gesien het "hoe die dooie digter / pasifisties tot vervulling sink".

'n Mens sou kon argumenteer dat die "dooie digter in die sloot" 'n verwysing is na Breytenbach na wie daar in die opdrag verwys word en wie se gedig "verslag" as matriks vir die nuwe gedig gebruik. Die atmosfeer wat in die eerste strofe

(en trouens deurgaans in die gedig) geskep word, is een van intense gespannenheid en wantroue wat hierdie afleiding ondersteun: daar is sprake van "skumense", mense wat soos "bang honde ... markeer" en "senuagtig ... snuif" (strofe 1). Omdat die gedig in 1985 verskyn, kan dit 'n toespeling wees op die opbou van politieke spanning in die eerste helfte van die tagtigerjare toe Breytenbach se gevangenskap ten einde geloop het en hy die land verlaat het. Die verwysing na die "dooie digter in die sloot" wat "kiembewus" deur almal vermy word (strofe 1), kan teen hierdie agtergrond gelees word as 'n verwysing na die wyse waarop Breytenbach gestigmatiseer is tydens sy tronkverblyf en daarna. Daar word ook gesê dat hy "opgeblase, kop-bo-water met glasoë" gedryf het: letterlik gelees beteken dit dat hy dood is en besig om te ontbind, maar figuurlik gelees kan dit dui op iemand wat 'n bepaalde selfdunk het ("opgeblase") en in staat is om te oorleef terwyl hy getrou bly aan homself ("kop-bo-water"). In die vierde strofe sien die digter-spreker hoedat "die dooie digter / pasifisties tot vervulling sink", moontlik 'n verwysing na die feit dat Breytenbach vanweë sy onttrekking van die geweld in Suid-Afrika 'n bepaalde soort vervulling bereik. Binne hierdie lesing van die "dooie digter" is dit belangrik om daarop te let dat die spreker in die slotreël van die eerste strofe erken: "ek het dit alles gesien, en ek het nie geweet nie." Dit lyk dus asof hy erken dat hy alles gesien het, maar nie geweet het presies wat die omvang van die politieke toestand in die land was nie en nie begryp het waarom dit alles gaan nie.

Omdat die titel van die gedig "selfportret" is, sou 'n mens egter ook kon argumenteer dat die "dooie digter" die spreker self is. Dit sou dan aansluit by die slotstrofe van die gedig waarin die spreker 'n portret van homself teken: in sy drome "krioel" daar slange uit sy klapperhaarmatras, sy baard groei sy gesig toe, hy is ingehok in 'n muwwe kamer ("ek eet die muwwe mure met my neus"), hoor so min dat "n geduldige stalagties" in sy oor drup en sy stem "galm teen die clam keelgrot". Die bebaarde figuur ingehok in 'n kamer herinner sterk aan die beeld van die digter-spreker in Breytenbach se eerste bundel *Die ysterkoei moet sweet*. Dit lyk dus asof die spreker in die gedig se selfportret en die portret van die "dooie digter" Breytenbach op 'n vreemde wyse begin oormekaar skuif in die gedig. Die gedig verteenwoordig dus 'n subtiele spel van vereenselwiging met die "dooie digter" wat Breytenbach kan wees, deurdat die spreker homself verwyt omdat hy die gespanne toestande waargeneem het waaroor Breytenbach geskryf het, maar nie genoeg insig gehad het om self te reageer nie.

## **7. Reaksies op Breytenbach se openbare optrede in die tagtigerjare**

Na sy vrylating uit die tronk het Breytenbach in die loop van die tagtigerjare by enkele geleenthede in die openbaar opgetree in Suid-Afrika. Een van die mees

kontroversiële hiervan was toe hy die *Rapport*-prys vir letterkunde vir die bundel ('yk') ontvang het op 12 April 1986 in die Staatsteater in Pretoria. By hierdie geleentheid het hy 'n toespraak gehou waarin hy die Afrikaner skerp gekritiseer het en dit onomwonne gestel het dat die voorwaarde vir bevryding in Suid-Afrika die aftakeling van die Afrikaner se mag is sodat daar 'n demokratiese eenheidstaat met 'n meerderheidsregering tot stand kan kom (vergelyk Galloway se opsomming van die toespraak, 1990: 250-1). Dit het aanleiding gegee tot uitgebreide polemiese in die media, maar ook tot 'n reaksie van digterskant en in digterlike vorm. Lina Spies (1987: 63-5) publiseer naamlik in haar bundel *Van sjofar tot sjalom* van 1987 die gedig "Rapport aan Breyten" waarin sy Breytenbach ter take neem oor sy optrede. Die titel van Spies se gedig is 'n toespeling op die feit dat dit hier gaan om die *Rapport*-prys, maar ook op die feit dat sy 'n verslag wil lewer van haar reaksie op hom en by wyse van spreke ook aan hom 'n "rapport" wil gee waarin sy oor hom oordeel. Die onderskrif en eerste twee strofes maak dit met verwysing na dag en datum duidelik dat dit in hierdie gedig handel oor hierdie toespraak van Breytenbach. Die eerste strofe verwys na die geleentheid op 23 November 1968 waarby Breytenbach die Reina Prinsen-Geerligs-prys ontvang het (vergelyk Spies, 1971: 83-4) terwyl die tweede strofe verwys na die toekenning van die *Rapport*-prys agtien jaar later.

Die gedig vertel van die spreker (daar is sterk aanduidings dat dit Spies self is) se bywoning van die twee prysoorhandigingsgeleenthede sowel as van haar reaksie op sy optrede by die tweede geleentheid. Die gedig kry veral sy stukrag uit die toon van verontwaardiging oor Breytenbach se uitsprake oor Afrikaners. Die derde strofe beklemtoon dat Spies haar met Breytenbach identifiseer omdat hulle in dieselfde jaar gebore is; in dieselfde strofe is daar egter ook sprake van disidentifikasie na aanleiding van Breytenbach se skerp kritiek op die Afrikaner, veral omdat die spreker voel dat Breytenbach homself nie medepligtig ag aan dit wat hy kritiseer nie en hom daarmee losmaak van die Afrikaner:

maar ek kon hoor – alles wat jy sê:  
hoe jy in 'n kwartier ons almal hel toe stuur  
met jou "julle", "julle", "julle",  
het jy, Breytie, die woordjie "ons" verleer?

Die vyfde strofe lewer soos sommige van die reeds-bespreekte gedigte kommentaar op die feit dat Breytenbach Suid-Afrika verlaat het na sy vrylating uit die tronk en verwyt hom dat hy nie gehoor gegee het aan 'n versoek van Opperman dat hy in Suid-Afrika aanbly nie. Die geïmpliseerde verwyt dat hy die Afrikaanse letterkunde versaak het, word in die sesde strofe opgevolg met die suggestie dat hy deur sy afwesigheid en kritiese instelling 'n aandeel het in die verval van die Afrikaanse kultuur (vergelyk veral die reël "en alles word bedek met slyk"):

Breytenbach is gesond en wel  
 en lewe in Parys,  
 maar Dirk is dood en dood is Wyk  
 en alles word bedek met slyk.  
 Ek het mooi gekyk wie hardste vir jou klap:  
 lewe die gays – hulle bewaar ons kultuur!  
 Opperman is dood en dood is Van Wyk Louw.  
 Leef ex-patriate, leef dinamiese dames, lewe die AWB!

Uit die sarkastiese toon van die frase “lewe die gays – hulle bewaar ons kultuur” wat so duidelik kontrasteer met die stelling dat “Dirk” (Opperman) en “Wyk” (Van Wyk Louw) dood is, blyk dit dat die spreker die gays assosieer met Breytenbach se kritiese en volgens haar afbrekende kultuurbenadering. In die slotreël van die strofe word die politieke kritiek van Breytenbach (as een van die “ex-patriate”), ’n dilettantiese omgang met die letterkunde (geïmpliseer deur die verwysing na die “dinamiese dames” oftewel die organisasie Jong Dames Dinamiek) en die regse sentimente van die AWB gelyk gestel wanneer sy haar woede en misnoë teenoor Breytenbach te kenne wil gee.

Die kritiek op Breytenbach se persoon en politieke opvattinge word gekombineer met kritiek op sy poësie wanneer die spreker in die laaste reëls van die voorlaaste strofe en in die tweereëlige slotstrofe skryf:

Getrou aan die Amsterdamse dag.  
 het jy ook verse voorgelees –  
 een oor die sneeu in Stockholm:  
 ek het gehoor hoe ge-yk jy is.

Breytenbach, jy het nie die liefde nie;  
 daarom het jy ’n anachronisme geword en ’n cliché.

Dit is duidelik dat Breytenbach se poësie betrek word in haar kritiek op hom wanneer sy in verband met sy poësie-voorlesing sê: “ek het gehoor hoe ge-yk jy is.” Die toespeling op die titel van die bundel (*’yk*) waarvoor Breytenbach by dié betrokke geleentheid die prys ontvang het, bevestig dat dit kritiek op sy poësie is. Dit word voortgesit wanneer Breytenbach in die slotstrofe verwyt word dat hy “nie die liefde het nie” (*’n toespeling op sy gebrek aan liefde vir die Afrikaners wat hy so fel kritiseer én die feit dat hy bekend is as digter van liefdesverse*). Die slotreël sê dat hy vanweë sy gebrek aan liefde ’n “anachronisme en ’n cliché” geword het: volgens die spreker is hy nie in voeling met sy tyd nie en het sy poëtiese en ander taal cliché-agtig geword. Dié beskuldiging is daarop gerig om Breytenbach op twee fronte aan te val: dit kritiseer hom as politieke wese deur te sê dat hy geen aanvoeling vir sy tyd het nie én dit kritiseer hom as digter deur te beweer dat hy in clichés praat en dig. Hierdie uitspraak moet verreken word teen die politieke konteks van middel tagtigerjare (die politieke spanninge in Suid-

Afrika het in die middel van die tagtigerjare tot die uitroep van 'n noodtoestand gelei) en Breytenbach se reputasie as 'n digter wat by uitnemendheid daarin geslaag het om die Afrikaanse taal te ontyk in sy poësie. Dit lyk ten slotte of Spies se ongenoeë met Breytenbach se politieke opvattingen veroorsaak dat sy hom in die slotstrofe ook as digter aanval.

Naas 'n skerp-kritiese gedig soos dié van Spies is daar ook die meer speelse kommentaar in Flooi du Plessis (1991: 44) se limerick oor Breytenbach in die bundel '*n Ding wat byt*' van 1991. Hier word veral toespelings gemaak op Breytenbach se samelewingskritiek en die neiging tot die skatologiese in sy werk (veral die bundeltitel *Skryt*):

Die gevierrede verskunstenaar Breyten  
sê toe dinge met nyd en met stryd in:  
maar jy kon nie wil hê  
hy moes mooi goedjies sê,  
want daar het Breyten 'n skyt in.

Daar is ook 'n enkele ander gedig wat verwys na een van Breytenbach se sporadiese openbare optredes in Suid-Afrika in die loop van die tagtigerjare, naamlik Prévot van der Merwe (1990: 31) se gedig "Breyten op Bush" uit die bundel *Boerejive* van 1990. Hierdie gedig verwys, volgens die subtitel, na 'n geleentheid vroeg in 1986 toe Breytenbach op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch "getoast, getreat en geêer" is (strofe 1). Die gedig verwys na die politieke uitsprake wat hy gemaak het by die geleentheid (strofe 1), na die feit dat sy vrou hom by dié geleentheid vergesel het (strofe 2) en sluit in die laaste strofe af met 'n lakonieke uitspraak waarin Breytenbach aangemoedig word om krities en ondermynend te bly teenoor die "boer" (die Afrikaner):

Ag Breyten broer  
roer die boer  
en die moer  
en voorlopig lay level your wife

Daar is nog enkele ander voorbeelde van gedigte waarin daar toespelings gemaak word op Breytenbach as politieke figuur. Prévot van der Merwe (1990: 30) publiseer in die reeds-genoemde bundel *Boerejive* ook die gedig "Breyten en Picasso en Peter Pan" waarin hy in die tweede strofe die fiktiewe karakter Peter Pan in verband bring met die kunstenaars Breytenbach en Picasso.

Maar hoe verstaan mens  
ysterkoei  
'n binneste-buite kitaar  
stukkende gedigte en stukkende gesigte  
titaniëse talentvolle enfants terrible  
en die sublieme band met Nimmerland?

Volgens hom is dit makliker om Peter Pan te verstaan as hierdie twee kunstenaars se artefakte ("ysterkoei / binneste-buite kitaar / stukkende gedigte en stukkende gesigte"), hulle talentvolle maar moeilike persoonlikhede ("titaniëse talentvolle enfants terrible") en hulle band met die fantasiewêreld ("Nimmerland") waaruit Peter Pan ook afkomstig is. Hiermee gee Van der Merwe dus erkenning aan Breytenbach se talent as kunstenaar, maar plaas hy hom ook in die liga van die kunstenaars wat bekend is as "moeilike kinders", die soort wat dikwels moeilikheid maak en krities is.

## **8. Enkele verdere reaksies op Breytenbach as openbare figuur na 1990**

Alhoewel Afrikaanse digters tot in die jongste tyd voortgaan om in gesprek te tree met Breytenbach as skrywer en bly reageer op sy poësie, is dit opvallend dat die reaksies op Breytenbach as openbare figuur na 1990 afneem. Breytenbach se besoek aan Suid-Afrika word na 1990 meer frekwent en dus ook minder opvallend as in die verlede. Hy hou in hierdie periode verskeie lesings sowel as voorlesings van sy poësie, is vir 'n tyd lank dosent in die kreatiewe skryfkunde by die Universiteit van Natal en tree ook toe tot die Afrikaanse teaterwêreld met die opvoerings van sy dramas *Boklied* (1998a) en *Die toneelstuk* (2001b). Enkele gedigte uit hierdie periode reageer op Breytenbach as charismatiese openbare figuur wat byna ikoniese status verwerf het in die oë van bewonderaars.

Ronel de Goede se "Lesing 6: Gasspreker" (1993: 44-5) uit die bundel *Skoop* van 1993 is een van die gedigte wat 'n perspektief gee op Breytenbach as charismatiese persoonlikheid en spreker oor die letterkunde eerder as politieke figuur. Dat hy die onderwerp van die gedig is, kan aangelei word uit die parentese waarmee die gedig (en ook die reeks) eindig: die verwysing na "(liewe bogger boggerop)" sinspeel op Breytenbach se herhaalde verskrywings en verdraaiings van sy eienaam. Die spreker se toegeneentheid en bewondering is duidelik, maar daar word ook gesuggereer dat hy 'n aartskalant ('n "bogger") is wat dikwels probleme ("boggerop") veroorsaak. Die gedig is die vyfde in 'n reeks getitel "Studies" en handel oor 'n geleentheid op 12 April 1991 toe Breytenbach as spreker opgetree het voor 'n groep studente in Stellenbosch (vergelyk die verwysing na die datum en "my studente" in "Verslag" en na "dié ge-eikte dorp" in strofe I). Die gedig het 'n ongewone vorm in dié sin dat 'n "onderwerp", "doelstelling", "kernsin", "motto" en "verslag" gegee word voordat daar vier strofes volg, waarvan elke reël genommer is sodat die korrespondensie met die ander reël op dieselfde plek in die ander strofes benadruk word. Dit is 'n besonder digte, heg-gekonstrueerde en dubbelsinnige gedig waarin die verhaal van Breytenbach se optrede vertel word met toespelings op sy fisiese teenwoordigheid ("koffie en room en suiker een / met jesus-sandale en harige arms", strofe I), betekenisverstrooiing wat plaasvind

tydens die pogings om die gesprek op band op te neem (strofe II), sy spel met die gehoor (strofe III) en die spreker se gevoel dat die gesprek beide winste en verlies opgelewer het (strofe IV):

- 1 vuurneondiere of swartnag se t-hemp
- 2 baie te volg te vlug gedood te word gevang te word
- 3 ter elfder ure ons twee kruisvingers na mekaar
- 4 strome van seën ook met die laasterrivier langs
- 5 om op te dons op te foeter op te fok
- 6 om te pleeg skatpligtige owerspel dit is medepligtigheid

Bogenoemde slotstrofe verwys na Breytenbach se kleredrag ("swartnag se t-hemp") en sy politieke geskiedenis ("baie te volg te vlug gedood te word gevang te word", vergelyk ook die verwysing na Salustrius vroeër in die gedig). Opvallend in hierdie strofe is ook die wyse waarop daar gesinspeel word op die teenstellings wat so kenmerkend is van Breytenbach se werk en hoe die skywerlike proses beskryf word as iets waarin daar gelieg ("ons twee kruisvingers na mekaar"), herskryf ("om op te dons op te foeter op te fok") en onbehoorlike alliansies ("skatpligtige owerspel") aangegaan word. Dit is ook betekenisvol dat veral die slot van hierdie strofe onderlê word deur 'n sterk seksuele metaforek wat waarskynlik 'n poging is om iets van die seduktiewe krag van Breytenbach as openbare spreker te suggereer. De Goede se besonder veelduidige gedig is een van die eerstes wat ook op hierdie faset van Breytenbach as openbare figuur reageer.

Die jare negentig lewer wel bepaalde kontroversies op en wel rondom die opvoering van Breytenbach se dramas *Boklied* in 1998 en *Die toneelstuk* in 2001. Hierdie kontroversies fokus grootliks op sy werk (veral die ontoeganklikheid van sy dramas), maar word uiteindelik tog weer verbind aan sy posisie as politieke figuur wanneer *Die Burger* onder hulle lesers 'n elektroniese meningspeiling doen of Breytenbach beskou kan word as 'n Afrikaner al dan nie (vergelyk Galloway, 2004). Naas die uitgebreide polemiek in die koerant waarin Breytenbach aangeval én geprys word, is dit slegs Everline van Dyk (2003: 61), wat in die self-publiseerde bundel *Die klank van vlerke* in 'n gedig getitel "brief ná die fees" reageer op Breytenbach se teenwoordigheid by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees in 2001 en die opvoering van sy drama *Die toneelstuk*. Teenoor diegene wat krities gereageer het op Breytenbach se persoonlikheid en die opvoering van sy drama, skryf Van Dyk bewonderend oor hom in die vierde strofe van haar gedig: "ek wou skryf van jou verskynings / van jou blou syhemp / wat in Oudtshoorn se warm son gevonk het / (*königsbloupurperpoerpers* wou verlei / maar dit was *kóningskóningsblou*)". Hiermee is sy saam met De Goede die enigste digter wat ligwerp op 'n ander faset van Breytenbach as openbare figuur, naamlik die feit dat hy 'n bepaalde gevolg van bewonderaars het wat sterk onder die indruk is van sy aantrekingskrag as skrywerspersoonlikheid. Suggesties hiervan het wel

voorgekom in die gedigte van M.M. Walters, Johann De Jager en Wessel Pretorius uit die sewentigerjare toe daar krities verwys is na die bewondering wat Breytenbach as openbare figuur te beurt gevall het.

## 9. Konklusie

Hierdie ondersoek het getoon dat 'n wye spektrum van Afrikaanse digters, vanaf gekanoniseerde tot by randfigure in die Afrikaanse literêre sisteem, hulleself geroepe gevoel het om te reageer op Breytenbach as openbare figuur. Die verskillende gedigte lê 'n ingewikkeld stel van verhoudinge, motiewe en reaksies binne die Afrikaanse literêre sisteem bloot en verskaf so interessante insigte in die wyse waarop die produsente van literêre tekste (digters in hierdie geval) binne hierdie sisteem met mekaar in interaksie tree op grond van ander faktore as bloot die literêre. Aan die ondersteunende kant is daar sprake van meelewing en bewondering vir Breytenbach as 'balling' en solidariteit met die politieke opvattinge wat hom uiteindelik 'n politieke gevangene maak. Daar is ook 'n gevoeligheid vir sy charisma as ikonies-geworde skrywersfiguur wat die publiek se verbeelding op verskillende maniere aangryp. Aan die kritiese kant lyk dit asof sommige van die reaksies spruit uit afguns oor die ophef wat daar om politieke redes van Breytenbach gemaak is, nog reaksies word gebore uit 'n hewige verskil van sy politieke opvattinge terwyl nog ander weer verband hou met die betrokke digters se gevoel dat hulle verwagtinge van hom teleurgestel is. 'n Jonger geslag digters (André Letoit, Willem S. van Der Merwe) verwyt Breytenbach dat hy hom nie ná sy gevangenskap sterker met Suid-Afrika en Afrikaanssprekendes geïdentifiseer het nie. Ten slotte kan 'n mens nie anders as om uit die omvang en die intensiteit van Afrikaanse digters se "gesprek met Breytenbach" af te lei dat hy 'n besonder belangrike posisie binne die Afrikaanse literêre sisteem beklee nie.

Universiteit van Stellenbosch

### Bronnelys:

- Benyon, J.** 1986. Die Kaapkolonie, 1854-1881. In: Cameron, Trewella & Burridge Spies (reds.). *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Human en Rousseau: 161-179.
- Botes, D.P.M.** 1967. *Klein grys telegramme van die wêreld*. Johannesburg: Afrikaanse Pers.
- Breytenbach, Breyten.** 1968a. Breyten Breytenbach – dichter, essayist, schilder, vechter teen apartheid. ('n Onderhoud.) *De Volkskrant*, 6 November.
- Breytenbach, Breyten.** 1968b. Breyten Breytenbach. ('n Onderhoud.) *Vrij Nederland*, 9 November.

- Breytenbach, Breyten.** 1973. Breyten kyk van buite en sien bastervolk. *Die Burger*, 15 Februarie: 5.
- Breytenbach, Breyten.** [1967] 1974. *Die huis van die dowe*. (Eerste uitgawe, derde druk.) Kaapstad: Human & Rousseau.
- Breytenbach, Breyten.** 1976. *'n Seisoen in die Paradys*. Johannesburg: Perskor.
- Breytenbach, Breyten.** 1984. *The True Confessions of an Albino Terrorist*. Londen: Faber & Faber.
- Breytenbach, Breyten.** 1998a. *Boklied: 'n vermaaklikheid in drie bedrywe*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Breytenbach, Breyten.** 1998b. *Papierblom: 72 gedigte uit 'n swerfjoernaal*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Breytenbach, Breyten.** 2001a. *Ysterkoei-blues. Versamelde gedigte 1964-1975*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Breytenbach, Breyten.** 2001b. *Die toneelstuk: 'n belydenis in twee bedrywe*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Celliers, Jan F.E.** 1920. *Die vlakte en ander gedigte*. Kaapstad: De Nationale Pers.
- De Goede, Ronel.** 1993. *Skoop: 'n woordverwerkingspeletjie vir die beginner*. Kaapstad: Tafelberg.
- De Jager, Johan.** 1974. *Haggadâ vir 'n wit Afrikaan*. Johannesburg: Perskor.
- De Wette, Julian.** 1977. *Die koning in die buiteland*. Johannesburg: Perskor.
- De Wette, Julian.** 1980. *Verban: verbinne*. Johannesburg: Perskor.
- Du Plessis, Flooi.** 1991. *'n Ding wat byt*. Kaapstad: Tafelberg.
- Esterhuizen, Louis.** 1986. *Stilstuipe*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Galloway, Francis.** 1990. *Die digter as openbare figuur*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Galloway, Francis.** 2004. "Ek is nie meer een van ons nie": Breyten en die volk. *Tydskrif vir Letterkunde*, 14(1) (Sommer): 5-38.
- Hornblower, Simon & Antony Spawforth** (eds.). 2003. *The Oxford Classical Dictionary*. Oxford: Oxford University Press.
- Jensma, Wopko.** 1977. *I must show you my clippings*. Johannesburg: Ravan Press.
- Kok, Benedictus.** 1974. *Afrikaans, ons pêrel van groot waarde*. Johannesburg: FAK.
- Laurie, Trienke.** 2001. *Uitroep*. Kaapstad: Tafelberg.
- Letoit, André.** 1985. *Die geel kafee*. Johannesburg: Perskor.
- Louw, N.P. Van Wyk.** 1947. *Die Dieper reg*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Louw, N.P. Van Wyk.** 1981. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.
- Polley, J. (red.).** 1973. *Die Sestigers*. Kaapstad & Pretoria: Human & Rousseau.
- Pretorius, Wessel.** 1979. *Laatnagvrese en ander verse*. Kaapstad: Tafelberg.
- Small, Adam.** 1973a. So hoort dit sê bly skrywers oor Breyten. *Die Burger*, 3 Januarie: 3.
- Small, Adam.** 1973b. Twee digters dig oor Breyten: "Aan Breyten Breytenbach, Poet-in-exile". *Die Burger*, 10 Januarie: 2.

- Small, Adam.** [1962] 1973c. *Kitaar my kruis*. (Tweede, hersiene druk.) Kaapstad: HAUM.
- Small, Adam.** 1965. *Kanna hy kô hystoe: 'n drama*. Kaapstad: Tafelberg.
- Spies, Lina.** 1971. *Digby Vergenoeg*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Spies, Lina.** 1987. *Van Sjofar tot sjalom*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Spies, Lina.** 1992. *Hiermaals*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Van der Merwe, Willem S.** 1985. *Son-dig*. Johannesburg: Perskor.
- Van der Merwe, Prevot.** 1990. *Boerejive*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Van Dyk, Everline.** 2003. *Die klank van vlerke*. Self uitgegee.
- Van Heerden, Ernst.** 1982. *Kanse op 'n wrak*. Kaapstad: Tafelberg.
- Walters, M.M.** 1973. Twee digters dig oor Breyten: "verlore seun '73". *Die Burger*, 10 Januarie: 2.
- Walters, M.M.** 1979. *Saturae*. Kaapstad: Tafelberg.
- WAT: Woordeboek van die Afrikaanse Taal**. (Deel 3) 1972. S.v. 'Gehasie'. Pretoria: Staatsdrukker.
- Weideman, George.** 1970. *Klein manifes van 'n reisiger*. Kaapstad: Tafelberg.
- Willemse, Rudolph.** 1982. *Kweekskool*. Johannesburg: Perskor.

## Note

<sup>1</sup> Die gedigte van Breytenbach wat tussen 1964 en 1983 geskryf is, word vir die gerief van die leser deurgaans aangehaal uit die versamelbundel *Ysterkoei-blues. Versamelde gedigte 1964-1975* wat in 2001(a) verskyn het, by Human en Rousseau. Die gedig wat verskyn het in *Papierblom* (1998b), word uit die individuele bundel aangehaal.

# ***“Hollands kom vanself” – Dutch instruction in the Colony of Natal (1893-1902)***

**Johan M. Wassermann**

*Language instruction was a contentious issue in the Colony of Natal between the achievement of responsible government (1893) and the end of the Anglo-Boer War (1902). This article investigates the dynamics of Dutch language instruction in Natal during this period of upheaval. Emphasis will be placed on the motivations and approaches of the two most important lobby groups for Dutch instruction, the Dutch Farmers' Association (Boerevereniging) and the Dutch Reformed Church, as well as the reactions of ordinary Natal Afrikaners to these efforts. Prominence will furthermore be given to the reaction and policies of the Natal Government and education authorities towards Dutch instruction up to the termination of funding for instruction in the language during the latter stages of the Anglo-Boer War.*

## **1. Introduction**

One of the issues facing education in post-apartheid South Africa relates to language instruction. The issue of language instruction is, however, not a new phenomenon in South African educational history and in this article the issue of Dutch language instruction in the Colony of Natal between 1893 and 1902 will be investigated. This specific time period of roughly a decade was selected as it is sandwiched between two major benchmarks in the history of the Colony of Natal which greatly influenced Dutch instruction. The first is when Natal obtained responsible government in 1893, a step that bestowed greater political autonomy on the Colony which would in future govern itself through an elected Legislative Assembly and a nominated Legislative Council. The second benchmark was the most cataclysmic event that faced Natal during this decade – the Anglo-Boer War (1899-1902). This event forms the cut-off point for the period focussed upon.

Between these two dates a range of events and interactions relating to Dutch instruction occurred before the eventual termination of government funding for the instruction of the language during the latter stages of the Anglo-Boer War. These interactions involved the Dutch Reformed Church, Dutch Farmers' Association (*Boerevereniging*), the government, educational authorities, teachers, politicians and ordinary citizens.

What then is the value of this article? Primarily it is to investigate Dutch instruction in the Colony of Natal – the only one of the four political regions

then in existence in Southern Africa in which Dutch was not an official language. The reason for this was that Natal Afrikaners,<sup>2</sup> constituted at the most 20% (roughly 5000 people) of the European population of the Colony of Natal. In comparison Afrikaners constituted in excess of 70% of the European population in the Cape Colony, Transvaal (South African Republic) and the Orange Free State. As a result Dutch in Natal was a language with limited commercial power, political power or educational appeal. This in itself made Dutch instruction in Natal, when compared to that in the British ruled Cape Colony and the two Boer Republics, the Orange Free State and the Transvaal, both uniquely different and worthy of investigation. Furthermore, the only publication on the instruction of Dutch in Natal for the period under review is by G.S. Nienaber (1933: 66-81). Not only is this work dated, but it was also written with a particular ideological context in mind – namely Afrikaner Nationalism. Nienaber, furthermore, paid very little attention to Dutch instruction for the period between responsible government and the Anglo-Boer War. This article will hopefully provide new and alternative perspectives to those posed by Nienaber more than 70 years ago.

## **2. Setting the scene – Dutch instruction immediately prior to responsible government**

The vast majority of Natal Afrikaners were farmers and resided in the so-called “Dutch Districts” – the counties of Umvoti (Greytown and Kranskop districts), Weenen (Weenen, Estcourt and Upper Tugela districts) and Klip River (Dundee, Newcastle, Ladysmith and Umsinga districts). Although generally not politically inclined at all, Natal Afrikaners played their role in securing responsible government with its accompanying Legislative Assembly and Council. The former was to consist of 37 members elected for a period of four years, while a council of 11 members was to be nominated by the Governor of Natal. The cabinet, under a Prime Minister, would consist of six members (Robinson, Gallagher & Denny, 1961: 175). For Natal Afrikaners obtaining responsible government was a giant ideological step and the closest possible substitute for the republic they had lost in 1843.<sup>3</sup>

With the decision in favour of responsible government secured, the only Dutch newspaper in Natal at the time, *De Natal Afrikaner*, under the editorship of Joshua Hershensohn,<sup>4</sup> went one step further and reminded its readers that they now had the opportunity of participating in politics and in the governing of Natal on condition that they remained united and independent of all political parties (*De Natal Afrikaner*, 1893b). This, however, proved to be a bridge too far and eventually only five of the 60 candidates nominated for the first election of the Legislative Assembly turned out to be Afrikaners. Of these only T.J. (Tol) Nel, a

veteran politician from Umvoti, was elected and he became the sole Afrikaner representative (Beyers, 1987: 571).

What *De Natal Afrikaner* must have lost sight of in propagating its political ideals for Natal Afrikaners, was how few people participated in political activities outside the realm of the Dutch Reformed Church and the Dutch Farmers' Association. These, in turn, were controlled by some of the most economically powerful Afrikaners of the day. As a result these two institutions were at the forefront in raising issues surrounding Dutch instruction (Swanepoel, 1985: 290-292). A case in point of this process in action is the petition the Newcastle Farmers' Association forwarded to the Council of Education in early 1893 complaining about the fact that, unlike in other subjects, no prizes or certificates were awarded to the best learners in Dutch in the public schools examination.<sup>5</sup>

In another effort to mobilize the local Afrikaners, *De Natal Afrikaner* appealed that branches of the Taalbond be created in Natal. This appeal greatly fell on deaf ears and only a few allied groups were created – such as the Newcastle branch which came into existence on 20 January 1892 on the farm Doornpoort. The main reason for the apathy was that the Farmers' Association was fighting the same struggle as the Taalbond (*De Natal Afrikaner*, 1890a & 1890b).

Apart from the limited political organization that existed pre-1893 amongst Natal Afrikaners who could campaign for Dutch instruction, there were also other reasons mitigating against the language in Natal. Early Afrikaans or "*Die Taal*", the language spoken by Natal Afrikaners and for that matter almost all Afrikaners, was already far removed from written Dutch, and both learners and parents therefore failed to grasp the relevance of studying Dutch in an academic context. The problem was aggravated by Afrikaner parents who still took their children out of school to work on their farms or to participate in the annual seasonal migration to more suitable pastures in the adjacent Transvaal and the Orange Free State. As a result of this practice an insignificant number attended school (*De Natal Afrikaner*, 1892b). Teachers of Dutch were also very scarce and neither the education authorities, nor the parents, could attract teachers to poorly paid jobs in the sparsely populated "Dutch Districts".<sup>6</sup> Furthermore, affluent Afrikaners chose to have their children educated by private tutors, governesses or at private schools, or at the Huguenot Seminary for girls which opened in the Afrikaner stronghold of Greytown in 1892 (Vietzen, 1980: 247-251; Nienaber, 1933: 78). Other wealthy Afrikaners sent their children to be schooled in the Cape Colony at great expense.<sup>7</sup> On the other side of the economic spectrum, children of poor Afrikaners did not attend school at all.<sup>8</sup>

Understandably, Robert Russell, the Superintendent of Education, was concerned that very little good could come from the teaching of Dutch. As a result he reported in 1891:

The work in Dutch is of a low average. The tendency all through the papers is to write phonetically and in accordance with the South African taal. Only 25 took up this subject and only one gained as much as 75% of the marks. These results do not seem to justify the considerable amount spent by the government for the instruction of this subject (Nienaber, 1933: 69-70).

The report by Russell did not endear him to the Dutch Reformed Church and *De Natal Afrikaner*. At its synod meeting in 1892, the church, with a clear reference to Russell, complained that some of the people involved in education “*de noodzakelijkhed van de studie der Hollandsche taal (niet) kunnen inzien...*” (*De Natal Afrikaner*, 1892c). On the request of the Dutch Reformed Church, T.J. Nel complained in the Legislative Council that too little attention was being given to Dutch instruction. In response it was declared that most Afrikaner parents did not want their children to study Dutch (*De Natal Afrikaner*, 1892d). This policy position was too much for *De Natal Afrikaner* which accused Superintendent Russell of being unsympathetic towards Dutch and called for his resignation (*De Natal Afrikaner*, 1893a).

This did not happen and despite the negative report by Russell, and the animosity of many English educators towards the subject (Nienaber, 1933: 73), at the highest political and education level, namely the Legislative Council (*De Natal Afrikaner*, 1888; Nienaber, 1933: 68) and the Council of Education, the attitude towards Dutch instruction was generally accommodating, both in terms of funding and the appointment of staff.<sup>9</sup>

The question then is how would responsible government impact on Dutch instruction in the Colony of Natal, one of the smallest colonies in the Empire?

### **3. Dutch instruction under responsible government up to the outbreak of the Anglo-Boer War, circa 1899**

Responsible government did not only bring about changes in the political dispensation of the Colony of Natal but also in its educational system. Education Act No. 5 of 1894 abolished the Council of Education and placed education in the hands of a Department of Education headed by a Minister of Education, initially Prime Minister John Robinson. This act, in the words of Robinson, gave “full control of educational affairs” to the government so that it could “rectify evils” and “initiate and carry out reforms”. In the light of this Robinson appointed Robert Russell, the former education superintendent, as chief executive officer while he maintained the title of superintendent inspector of schools. J.H. Kleinschmidt was appointed to the newly created position of assistant inspector of Dutch (Vietzen, 1980: 297-298).

The new Department of Education faced a number of challenges pertaining to the instruction of Dutch and were soon pressurised on several issues. To begin

with, the Dutch Farmers' Association under the chairmanship of S.H.F. de Jager stated that with responsible government secured “[...] behoorden wij nog vlijtiger dan voorheen te zijn om onze taal en belangen voor te dragen” (*De Natal Afrikaner*, 1894a). Less than a month later, De Jager again raised the issue of Dutch instruction in schools. This time around he bemoaned the state thereof but did not air specific complaints nor did he propose any solutions (*De Natal Afrikaner*, 1894b).

Another challenge was to secure capable teachers of Dutch. In 1894 R.J. van Rooyen<sup>10</sup> of Greytown enquired why a “competent teacher in the Dutch language” had not yet been appointed to the government school in his town, despite the fact that the Legislative Assembly had agreed to it the previous year. Van Rooyen pointed out that his quest had been going on for 12 years and the issue was always postponed by promises and excuses. He also found it strange that in the urban centres of Durban and Pietermaritzburg, where hardly any Afrikaners resided, Dutch instruction took place.<sup>11</sup>

Even in the mentioned urban areas it was problematic to find teachers of Dutch. The “Dutch Instructor” at Maritzburg College and the Boys’ Model School in Pietermaritzburg, Mr. H. von Gerard, asked to be relieved from his duties and be appointed assistant master since he not only taught Dutch but also numerous other subjects which meant, as far as he was concerned, that his position was a misnomer. According to Von Gerard a previous request of this nature was ignored because his salary was paid for “out of the special vote for Dutch Instruction” which meant this funding was in fact used to sustain not only Dutch but a host of other subjects. Von Gerard also found the title “Dutch Instructor” shameful and made it clear that it offered no hope of promotion.<sup>12</sup>

In reaction the new Department of Education had by 1895 addressed most of the staffing concerns related to Dutch instruction – Mr. Van Rijn was appointed as the teacher of Dutch to the Greytown Government School, Mr. E. Langenberg was appointed to a similar position in Estcourt, while Mr. John Hershensohn had replaced the unhappy Mr. Von Gerard. Not all staffing questions were resolved though, and the fact was bemoaned that it proved difficult to obtain farm school teachers who could teach both English and Dutch. The reason for this was the small salaries offered to such educators.<sup>13</sup>

In line with its policy to “initiate and carry out reforms”, in 1895 the Education Department announced that Dutch was to be one of the subjects for the elementary examination and that learners had to master 95 pages out of the *Elementaire Grammatica* and 34 out of the *Nederlandsch Leesboek voor de Lagere Scholen* (Nienaber, 1933: 76).

The new Department of Education also faced several other challenges pertaining to the instruction of Dutch and was pressurised on several matters by the Dutch Reformed Church – possibly in reaction to the comment by S.H.F. de

Jager, the chairman of the Dutch Farmers' Association, that the church was doing too little for education (*De Natal Afrikaner*, 1894a). In a petition to the Minister of Education by the newly created school committee of the Dutch Reformed Church, concern was expressed about the education of Afrikaner children on outlying farms. As a solution the committee suggested that the Farmhouse School Grant be increased to £4 per annum, and that the grant be allowed to stand in schools where instruction was imparted exclusively in Dutch. The petitioners also asked that a higher grant be allocated to desperately poor parents. The motivation was that Afrikaner learners who grew up on farms attended school at least three times less than town learners, had to pay more for education since they had to pay board and lodging, while at the same time farm schools found it almost impossible to secure the services of teachers who could teach both Dutch and English.<sup>14</sup>

